

b138 30120

W.V.U. BIBLIOTEK

University Free State



34300000363212

Universiteit Vrystaat

01

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEK VERWYDER WORD NIE

**DIE EFFEK VAN DIE REKENINGKUNDIGE
HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE OP
MAATSKAPPY-RESULTATE**

deur JACOBUS HENDRIKUS OOSTHUIZEN

voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad

MAGISTER COMPTUTIONIS

in die

FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

SENTRUM VIR REKENINGKUNDE


UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

STUDIELEIER: PROF. H.A. VAN WYK

BLOEMFONTEIN

MEI 2000

ACKNOWLEDGEMENT OF FINANCIAL ASSISTANCE



The financial assistance of the National Research Foundation (NRF) towards this research is hereby acknowledged. Opinions expressed and conclusions arrived at, are those of the author and are not necessarily to be attributed to the National Research Foundation.

Opgedra aan my ma, Lo-Mari Oosthuizen.

DANKBETUIGING

"Here, U is my lewe, U sorg vir my.
Wat ek ontvang, kom alles van U af."
- Psalm 16:5.

Aan my Hemelse Vader kom al my lof en dank toe, want dit is alleen deur Sy genade dat ek hierdie verhandeling indien.

Aan my studieleier, professor Hentie van Wyk. Baie dankie vir al die moeite wat u met hierdie studie gedoen het en vir u bekwame raad en leiding. Dankie vir die geleentheid om vir 'n jaar by die Sentrum vir Rekeningkunde te werk, hierdie studie aan te pak en dat ek regdeur op u ondersteuning kon staatmaak – ook toe my rekenaar gesteel is!

Aan my pa, Klopper Oosthuizen. Pa se kennis en ervaring op navorsingsgebied was van onskatbare waarde vir my gewees. Wat ek egter die meeste waardeer, is dat Pa altyd in my glo en dat ek kan weet: my beste is goed genoeg. Baie dankie vir al u liefde, ondersteuning, aanmoediging en gebede.

Aan my suster, Surette. Baie dankie vir jou liefde en gebede, en dat jy my altyd opbou en ondersteun.

Ek is ook aan die volgende persone dank verskuldig:

- Professor Dave Lubbe, vir die insette by die evaluering van my navorsingsvoorlegging en vir die toeligting in verband met navorsingsmetodologie.
- Dr. Annette Strauss, vir die taalversorging van die verhandeling.
- Mnr. John Blair en mnr. Gawie Rossouw van Ernst & Young in Bloemfontein, vir die toestemming om 'n jaar se akademiese klerkskap by die universiteit te

doen.

- Mev. Radilene le Grange van die Rabie Saunders Biblioteek, vir al die hulp met Internet soektogte na maontlike onderwerpe en relevante bronne.
- Mej. Ilse Visser van die UOVS Sasol Biblioteek, vir die hulp met rekenaarssoektogte na relevante bronne.
- Mev. Igna du Plooy en mev. Muriël Greyling van die Interbiblioteek Lening Afdeling van die UOVS Sasol Biblioteek, vir die hulp met die bestel van boeke en tydskrifartikels.
- Mnr. Ewald Fichardt van ABN Amro in Bloemfontein, vir die hulp met die verkryging van die finansiële jaarstate wat in die ondersoek gebruik is.
- Mev. Hettie Human, vir die vertaling en taalversorging van my SARV-referaat wat 'n belangrike deel uitgemaak het van hierdie studie.
- Mej. Caren Viljoen van die Departement Wiskundige Statistiek, vir die advies aangaande die neem van die steekproef.
- My familie, vriende en kollegas, vir julle ondersteuning en belangstelling in die vordering van die studie.

Jacobus Oosthuizen

19 Mei 2000

DIE EFFEK VAN DIE REKENINGKUNDIGE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE OP MAATSKAPPY-RESULTATE

Die hoofdoel van hierdie studie was om die verwagte uitwerking van die nuwe rekeningkundige standpunt, RE 131, op maatskappy-resultate te kwantifiseer. RE 131 het op 1 Januarie 2000 in werking getree en bepaal dat klandisiewaarde as 'n bate erken en oor die verwagte nutsduur daarvan geamortiseer moet word.

Alvorens die invloed van RE 131 op maatskappy-resultate ontleed kon word, moes daar eers vasgestel word hoe klandisiewaarde tans deur maatskappye hanteer word. Daar is bevind dat 58% van die geselekteerde maatskappye klandisiewaarde teen ekwiteit afskryf. Die oorgangsbepalings van RE 131 vereis nie van maatskappye wat klandisiewaarde voor 1 Januarie 2000 teen ekwiteit afgeskryf het, om die bepalinge van die standpunt terugwerkend toe te pas nie.

Die volgende resultate is met die ontleding van 100 maatskappye se 1998-finansiële jaarstate verkry:

- Indien RE 131 gedurende 1998 van krag sou wees, sou die verdienste per aandeel- en opbrengs op ekwiteit-syfers van maatskappye onderskeidelik 33% en 24% laer wees as die syfers wat deur die maatskappye gerapporteer is.
- Klandisiewaarde van R20 904 965 000 is gedurende 1998 teen ekwiteit afgeskryf. Dit verteenwoordig ongeveer 10% van totale bates en 23% van ekwiteit.

Die bedrae van klandisiewaarde wat teen ekwiteit afgeskryf is, is dus wesenlik. Gevolglik sal maatskappye se winste vir baie toekomstige jare oorgestateer wees, aangesien klandisiewaarde nooit teen inkomste geamortiseer sal word nie.

Die meeste maatskappye openbaar nie die kumulatiewe syfers van klandisiewaarde wat in die verlede teen ekwiteit afgeskryf is nie. Dit maak dit baie moeilik om op die werklike prestasie van 'n maatskappy peil te trek. Die vergelyking van maatskappye se finansiële resultate word ook in die wiele gery.

Die aanbeveling van hierdie studie is dat RE 131 gewysig word ten einde die terugwerkende toepassing daarvan verpligtend te maak. Klandisiewaarde wat voor 1 Januarie 2000 teen ekwiteit afgeskryf is, moet hersaamgestel en ooreenkomstig die bepalings van RE 103 as 'n verandering in rekeningkundige beleid hanteer word. Andersins moet maatskappye verplig word om besonderhede aangaande klandisiewaarde wat voor 1 Januarie 2000 teen ekwiteit afgeskryf is, te openbaar.

**THE EFFECT OF THE ACCOUNTING TREATMENT OF
GOODWILL ON COMPANY RESULTS**

The main purpose of the study was to quantify the expected effect of the new accounting statement, AC 131, on company results. AC 131 came into effect on 1 January 2000. It requires that goodwill should be recognized as an asset and that it should be amortized over its useful life.

Before the effect of AC 131 on company results could be analyzed, the current treatment of goodwill by South African companies had to be established. It was found that 58% of the selected companies wrote goodwill off against equity. The transitional provisions of AC 131 do not require companies to apply the statement retrospectively if goodwill was previously written off against equity.

The analyses of the 1998 annual financial statements of 100 companies yielded the following results:

- If AC 131 had applied during 1998, the earnings per share and return on equity figures of companies would respectively have been 33% and 24% lower than the figures actually reported by the companies.
- Goodwill of R 20 904 965 000 was written off against equity during 1998. This represents approximately 10% of total assets and 23% of equity.

The amounts of goodwill written off against equity were therefore substantial. As a result, company results will be overstated for many years to come, since goodwill will never be amortized against future income.

The majority of companies do not disclose the cumulative amounts of goodwill written off against equity in the past. The absence of this information makes it

very difficult to evaluate the real performance and profits of a company. It also hampers comparisons between the financial results of companies.

The recommendation of the study is that AC 131 should be amended to require the retrospective application thereof. Goodwill that was written off against equity before 1 January 2000 should be restated and treated as a change in accounting policy in accordance with AC 103. Alternatively, companies should be required to disclose all amounts pertaining to goodwill write-offs that were made against equity before 1 January 2000.

Key terms:

Goodwill; accounting; amortisation of goodwill; write-offs against equity; effect on company results; AC 131; return on equity; earnings per share; business combinations; effect of the treatment of goodwill.

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGING	III
OPSOMMING	V
ABSTRACT	VII
LYS VAN TABELLE	XIII
LYS VAN FIGURE	XV
HOOFSTUK 1 - INLEIDING EN DOEL VAN DIE STUDIE	1
1.1 Inleiding en probleemstelling	1
1.2 Doel van die studie	3
1.3 Afbakening van die studie	4
1.4 Uiteensetting van die studie	4
HOOFSTUK 2 - HISTORIESE AGTERGROND TEN OPSIGTE VAN DIE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE	6
2.1 Inleiding	6
2.2 Die verskillende denkrigtings aangaande die korrekte hantering van klandisiewaarde	7
2.3 Twee vrae - drie metodes	8
2.4 Is klandisiewaarde 'n bate?	9
2.5 Die onmiddellike afskrywing van klandisiewaarde teen reserwes	14
2.6 Is klandisiewaarde 'n permanente of kwynende bate?	19
2.7 Opsomming	28

2.8	Die historiese ontwikkeling van die hantering van klandisiewaarde in verskillende lande	29
2.8.1	Suid-Afrika	29
2.8.2	Die Verenigde State van Amerika	34
2.8.3	Australië	35
2.8.4	Europese Gemeenskap	35
2.8.5	Verenigde Koninkryk	36
2.8.6	Kanada	41
2.8.7	Nieu-Seeland	41
2.8.8	Standpunte van die IASC	42
2.9	Opsommingstabel van metodes wat tans internasionaal gebruik word	43
2.10	Historiese agtergrond: die uitwerking van die hantering van klandisiewaarde op maatskappye se finansiële posisie en resultate	44
2.10.1	Die tydperk vanaf 1930 tot 1944	44
2.10.2	Die tydperk vanaf 1945 tot 1957	46
2.10.3	Die tydperk vanaf 1958 tot 1980	48
2.10.4	Die tydperk vanaf 1980 tot 1998	49

HOOFSTUK 3 - DIE REKENINGKUNDIGE ONTSTAAN EN HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE

		51
3.1	Inleiding	51
3.2	Die definisie van klandisiewaarde	51
3.3	Intern gegengereerde teenoor aangekoopte klandisiewaarde	53
3.4	Die verskillende metodes waarop klandisiewaarde hanteer kan word.	57
3.4.1	Afskrywing van klandisiewaarde teen die aandeelpremierekening	57
3.4.2	Toon klandisiewaarde as 'n aftrekking teen aandeelhoudersbelang	60
3.4.3	Erken klandisiewaarde as 'n bate en amortiseer dit oor die verwagte nutsduur daarvan	62
3.4.4	Skryf klandisiewaarde af teen reserwes met verkryging	68
3.4.5	Toon klandisiewaarde teen oorspronklike waarde	73
3.5	Opsomming	75

HOOFSTUK 4 - DIE UITWERKING VAN DIE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE

4.1	Inleiding	77
------------	------------------	-----------

4.2	Die rede waarom bestuur begaan is oor die uitwerking van die hantering van klandisiewaarde op maatskappy-resultate	78
4.3	Faktore wat die keuse van 'n spesifieke rekeningkundige beleid beïnvloed	79
4.4	Die belangrikheid, al dan nie, van die keuse van 'n rekeningkundige beleid ten opsigte van klandisiewaarde	80
4.5	Die uitwerking van die huidige hantering van klandisiewaarde deur Suid-Afrikaanse maatskappye	82
4.5.1	Probleme wat spruit uit die huidige hantering van klandisiewaarde deur Suid-Afrikaanse maatskappye	82
4.5.2	Die vergelykbaarheid van finansiële state	86
4.5.3	Die moontlikheid van manipulasie	89
4.6	Ander aangeleenthede met betrekking tot die hantering van klandisiewaarde en RE 131	93
4.6.1	Die invloed van die gebruik van alternatiewe metodes vir die verantwoording van besigheidskombinasies: samesmeltings vs. verkrygings	93
4.6.2	Die uitwerking van die erkenning van klandisiewaarde teenoor handelsmerke	102
4.6.3	Die invloed van die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde op die oornamesbesluite van maatskappye	104
4.7	Die uitwerking van die hantering van klandisiewaarde op aandeelpryse	109
4.7.1	Die uitwerking van rekeningkundige inligting op die kapitaalmark.	110
HOOFSTUK 5 - RESULTATE, BESPREKING EN GEVOLGTREKKINGS		116
5.1	Beskrywing van die ondersoek	116
5.1.1	Die universum	116
5.1.2	Die metode van steekproefneming	118
5.1.3	Metode van ontleding	119
5.2	Resultate	121
5.3	Gevolgtrekkings	156
HOOFSTUK 6 - SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS		158
6.1	Samevatting	158
6.1.1	Inleiding	158

6.1.2 'n Historiese en internasionale perspektief van die hantering van klandisiewaarde	159
6.1.3 Die rekeningkundige ontstaan en hantering van klandisiewaarde	160
6.1.4 Die uitwerking van die hantering van klandisiewaarde	160
6.1.5 'n Ondersoek na die uitwerking van die nuwe hantering van klandisiewaarde op maatskappy-resultate	163
6.2 Gevolgtrekking	163
6.3 Aanbevelings	164
6.3.1 Motivering vir aanbeveling	164
6.4 Voorstelle vir verdere navorsing	166
BRONNELYS	167
BYLAE A	177
BYLAE B	186

LYS VAN TABELLE

BLADSY

TABEL 2.1:	DIE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE IN SUID-AFRIKA.	32
TABEL 2.2:	DIE HUIDIGE INTERNASIONALE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE.	43
TABEL 4.1:	DIE UITWERKING VAN DIE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE OP SLEUTELVERHOUDINGS.	87
TABEL 4.2:	DIE UITWERKING VAN TWEE VERSKILLENDE METODES VAN VERANTWOORDING VIR 'N BESIGHEIDSAMEVOEGING OP DIE VERDIENSTE VAN WALT DISNEY.	99
TABEL 5.1:	DIE SAMESTELLING VAN DIE UNIVERSUM.	118
TABEL 5.2:	DIE SAMESTELLING VAN DIE STEEKPROEF.	119
TABEL 5.3:	'N OPSOMMING VAN DIE VERSKILLENDE REKENINGKUNDIGE BELEIDE WAT GEVOLG IS.	121
TABEL 5.4:	'N OPSOMMING VAN DIE REKENINGKUNDIGE BELEID TEN OPSIGTE VAN KLANDISIEWAARDE WAT DEUR MAATSKAPPE IN DIE VERSKILLENDE SEKTORE GEVOLG WORD.	124
TABEL 5.5:	DIE MATE VAN OOREENSTEMMING TEN OPSIGTE VAN DIE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE BINNE DIE VERSKILLENDE SEKTORE.	125
TABEL 5.6:	DIE MAATSKAPPE WAT DIE MEESTE GERAAK SOU WORD INDIEN RE 131 GEDURENDE 1998 VAN TOEPASSING SOU GEWEES HET.	127
TABEL 5.7:	'N LYS VAN DIE MAATSKAPPE WAT KLANDISIEWAARDE OOR MINDER AS TWINTIG JAAR AMORTISEER EN WAARVAN DIE REKENINGKUNDIGE BELEID DUS MET RE 131 OOREENSTEM.	133
TABEL 5.8:	'N LYS VAN DIE MAATSKAPPE WAARVAN DIE REKENINGKUNDIGE BELEID TEN OPSIGTE KLANDISIEWAARDE NIE GEOPENBAAR WORD NIE EN WAAR DIT OOK NIE MOONTLIK IS OM DIE BELEID VANUIT DIE FINANSIËLE STATE AF TE LEI NIE.	133
TABEL 5.9:	'N OPSOMMING VAN DIE GETAL MAATSKAPPE WAARVAN DIE OMSKRYWING VAN KLANDISIEWAARDE MET RE 131 PARAGRAAF 42 OOREENSTEM.	134

TABEL 5.10: 'N OPSOMMING VAN DIE TOTALE RANDWAARDES BETROKKE BY DIE AFSKRYWING VAN KLANDISIEWAARDE GEDURENDE 1998.	135
TABEL 5.11: MAATSKAPPYE WAT KLANDISIEWAARDE EENMALIG TEEN AANDELEPREMIE EN RESERWES AFGESKRYF HET.	137
TABEL 5.12: MAATSKAPPYE WAT KLANDISIEWAARDE TEEN AANDELEPREMIE VERREKEN HET OF AS 'N SWEWENDE DEBIET HANTEER HET.	143
TABEL 5.13: MAATSKAPPYE WAT KLANDISIEWAARDE ONMIDDELLIK MET VERKRYGING DEUR DIE INKOMSTESTAAT AFGESKRYF HET.	148
TABEL 5.14: MAATSKAPPYE WAT KLANDISIEWAARDE TEEN OORSPRONKLIKE KOSPRYS GETOON HET.	152

LYS VAN FIGURE

BLADSY

FIGUUR 2.1:	DIE DRIE BENADERINGS TEN OPSIGTE VAN DIE REKENINGKUNDIGE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE.	8
FIGUUR 2.2:	'N SKEMATIESE VOORSTELLING VAN DIE BEPALINGS VAN DIE AMERIKAANSE INSTITUUT VAN REKENMEESTERS SE STANDPUNT (1932) AANGAANDE DIE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE.	17
FIGUUR 5.1:	'N GRAFIESE VOORSTELLING VAN HOEVEEL SUID-AFRIKAANSE MAATSKAPPYE OP 1 JANUARIE 2000 HUL REKENINGKUNDIGE BELEID TEN OPSIGTE VAN DIE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE SAL MOET VERANDER.	123
FIGUUR 5.2:	'N GRAFIESE VOORSTELLING VAN DIE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE BINNE DIE NEGE SEKTORE.	125
FIGUUR 5.3:	DIE MATE VAN OOREENSTEMMING TEN OPSIGTE VAN DIE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE BINNE VERSKILLENDE SEKTORE.	126
FIGUUR 5.4:	DIE INVLOED VAN DIE AMORTISASIE VAN KLANDISIEWAARDE OP MAATSKAPPY-RESULTATE.	130
FIGUUR 5.5:	DIE INVLOED VAN DIE AMORTISASIE VAN KLANDISIEWAARDE OP DIE RESULTATE VAN MAATSKAPPYE IN VERSKILLENDE SEKTORE.	131
FIGUUR 5.6:	DIE INVLOED VAN DIE AMORTISASIE VAN KLANDISIEWAARDE OP ONDERSKEIDELIK DIE VOORSTE 150 EN GEWONE MAATSKAPPYE.	132
FIGUUR 5.7:	MAATSKAPPYE SE OMSKRYWING VAN KLANDISIEWAARDE.	134
FIGUUR 5.8:	DIE ONDERSTATERING VAN TOTALE BATES EN EKWITEIT AS GEVOLG VAN DIE ONMIDDELLIKE AFSKRYWING VAN KLANDISIEWAARDE.	139
FIGUUR 5.9:	TOTALE RANDWAARDES VAN KLANDISIEWAARDE AFGESKRYF IN VERGELYKING MET TOTALE BATES EN EKWITEIT.	140
FIGUUR 5.10.1:	HEFBOOMVERHOUDING: NADAT KLANDISIEWAARDE TEEN AANDELEPREMIE EN RESERWES AFGESKRYF IS.	141
FIGUUR 5.10.2:	HEFBOOMVERHOUDING: INDIEN RE 131 VAN TOEPASSING SOU WEES EN KLANDISIEWAARDE GEAMORTISEER SOU MOES WORD.	141

FIGUUR 5.11:	DIE ONDERSTATERING VAN TOTALE BATES EN EKWITEIT AS GEVOLG VAN DIE VERREKENING VAN KLANDISIEWAARDE TEEN AANDELEPREMIE OF DIE HANTERING DAARVAN AS 'N SWEWENDE DEBIET.	144
FIGUUR 5.12:	DIE TOTALE RANDWAARDE VAN KLANDISIEWAARDE VERREKEN TEEN AANDELEPREMIE IN VERGELYKING MET TOTALE BATES EN EKWITEIT.	145
FIGUUR 5.13.1:	HEFBOOMVERHOUDING NADAT KLANDISIEWAARDE VERREKEN IS.	146
FIGUUR 5.13.2:	HEFBOOMVERHOUDING INDIEN KLANDISIEWAARDE NIE VERREKEN WAS NIE, MAAR AS 'N BATE INGEVOLGE RE 131 ERKEN SOU WORD.	146
FIGUUR 5.14:	DIE ONDERSTATERING VAN TOTALE BATES EN EKWITEIT AS GEVOLG VAN DIE ONMIDDELLIKE AFSKRYWING VAN KLANDISIEWAARDE DEUR DIE INKOMSTESTAAT.	149
FIGUUR 5.15:	DIE TOTALE RANDWAARDES VAN KLANDISIEWAARDE AFGESKRYF TEEN INKOMSTE IN VERGELYKING MET TOTALE BATES EN EKWITEIT.	150
FIGUUR 5.16:	KLANDISIEWAARDE AS 'N PERSENTASIE VAN TOTALE BATES.	153
FIGUUR 5.17:	DIE RANDWAARDE VAN KLANDISIEWAARDE IN VERGELYKING MET TOTALE EKWITEIT.	154
FIGUUR 5.18.1:	DIE HEFBOOMVERHOUDING VAN MAATSKAPPYE WAT KLANDISIEWAARDE TEEN OORSPRONKLIKE KOSPRYS TOON.	155
FIGUUR 5.18.2:	DIE HEFBOOMVERHOUDING VAN MAATSKAPPYE WAT KLANDISIEWAARDE TEEN OORSPRONKLIKE KOSPRYS TOON INDIEN VERONDERSTEL WORD DAT DIE KLANDISIEWAARDE TER SPRAKE REEDS VOLLEDIG AFGESKRYF WAS AAN DIE EINDE VAN 1998.	155

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN DOEL VAN DIE STUDIE

1.1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde het 'n belangrike aangeleentheid geword vir maatskappye en rekeningkundige standaardstellers reg oor die wêreld. Arnold en andere (1992:3) meen dat die toenemende belangrikheid van hierdie kwessie aan twee redes toegeskryf kan word:

- Die eerste is die proporsionele toename in oornames in die dienstesektore in vergelyking met die vervaardigingsektor. (In die dienstesektor word 'n wesentlike deel van die onderneming se waarde verteenwoordig deur ontasbare bates wat tradisioneel ingesluit is by klandisiewaarde).
- Die tweede is die drastiese stygings in die aandelemark wat selfs groter verskille tussen die markwaarde en netto batewaarde van maatskappye asook tussen die koopsom betaal vir maatskappye en die "billike waardes" van die netto identifiseerbare bates tot gevolg het.

Op 1 Januarie 2000 tree RE 131, Besigheidsamevoegings, in werking. Hierdie standpunt is in Junie 1999 deur die Rekeningkundige Praktykeraad van die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) uitgereik. Dit bepaal dat klandisiewaarde as 'n bate erken moet word en dat dit nie meer, soos wat tans die gewilde praktyk in Suid-Afrika is, eenmalig en direk teen reserves afgeskryf mag word nie. Voorts bepaal hierdie standpunt dat die klandisiewaarde

oor sy geraamde nutsduur geamortiseer moet word, met 'n maksimum periode van twintig jaar. Hierdie vereistes behoort 'n groot impak te hê op die gerapporteerde verdienste van maatskappye. Die vrae wat ontstaan is die volgende:

- Watter rekeningkundige beleid word tans deur Suid-Afrikaanse maatskappye gebruik ten opsigte van klandisiewaarde?
- Wat kan die moontlike invloed van die vereiste amortisering volgens RE 131 op die finansiële resultate van Suid-Afrikaanse maatskappye wees?

Van der Merwe (1996:7) het gewys daarop dat dit noodsaaklik is dat daar in Suid-Afrika 'n standpunt oor klandisiewaarde uitgereik moet word sodat daar eenvormigheid, of ten minste 'n redelike mate van eenvormigheid, in die hantering van klandisiewaarde in die finansiële jaarstate van maatskappye bewerkstellig kan word. Hy beskou eenvormigheid as 'n noodsaaklike element vir vergelykbaarheidsdoeleindes, plaaslik sowel as internasionaal. Volgens Wium (1993:30) is die grootste probleem van die huidige diversiteit in rekeningkundige praktyke dat dit die vergelykbaarheid van finansiële state bemoeilik. 'n Verdere vraag is dus in watter mate RE 131 vergelykbaarheid van finansiële state teweeg sal bring. In hierdie opsig sal daar ondersoek ingestel word na die oorgangsbepalings van hierdie standpunt.

Indien die hantering van klandisiewaarde wel 'n invloed op die finansiële resultate, posisie en verhoudingsgetalle van maatskappye sal hê, is daar nog 'n vraag wat beantwoord sal moet word, naamlik:

Is die uitwerking van 'n verandering in rekeningkundige beleid as gevolg van regulering en standaardisasie enigsins van belang vir die aandelemark?

Die antwoord op hierdie vraag is afhanklik van verskeie faktore, naamlik:

- Die graad van doeltreffendheid van die Suid-Afrikaanse aandelemark.
- Of die verskillende deelnemers in die mark – die gesofistikeerde deelnemer,

soos die aandelemakelaar en ontleder, aan die een kant, en die gewone man op straat, aan die ander kant – maatskappye se resultate korrek interpreteer deur voorsiening te maak vir 'n verskil in rekeningkundige beleid.

- Maak dit enigsins saak as verhoudingsgetalle, soos verdienste per aandeel en opbrengs op kapitaal, beïnvloed word deur 'n verandering in rekeningkundige beleid?

Verdere vraagstukke wat ontstaan met die uitreiking van RE 131 is:

- Kan RE 131 'n invloed hê op oornome-besluite?
- Is dit moontlik dat die getal besigheidsamevoegings kan verminder as gevolg van 'n nuwe rekeningkundige standpunt?

1.2 DOEL VAN DIE STUDIE

Die doel van hierdie studie is om al die vraagstukke wat hierbo genoem is, aan te spreek. Vorige studies wat in Suid-Afrika gedoen is, het beoog om 'n toepaslike hantering van klandisiewaarde voor te stel ten einde 'n standaard tot stand te bring. Met die uitreiking van RE 131, het die rekeningkundige professie in Suid-Afrika vir die eerste keer standpunt ingeneem ten opsigte van die hantering van klandisiewaarde. Die fokus word verskuif na die invloed wat dié standpunt op finansiële verslagdoening sal hê en of dit in alle opsigte voldoen aan die vereistes en doel van finansiële verslagdoening in die breë. Die studie wil veral die aandag van die rekenmeestersprofessie, beleggers en ander gebruikers van finansiële state vestig op die impak wat rekeningkundige standaarde op finansiële verslagdoening én op die oornome-besluite van bestuur kan hê.

Volgens ED 47 wat deur die Accounting Standards Committee op 1 Februarie 1990 uitgereik is, moes maatskappye in die Verenigde Koninkryk klandisiewaarde kapitaliseer en oor twintig jaar amortiseer. Hulle kon klandisiewaarde nie meer teen aandeelhoudersbelang afskryf nie. Power (1990:126) het die volgende mening na die uitreiking van ED 47 uitgespreek:

"To the relative distant observer there remains something very curious about the whole debate. It is widely reported that companies are concerned with the impact of ED 47 on reported earnings. The only impact that really matters is on share price. Thus these companies must be concerned that they will be misvalued by the market and hence that the market is inefficient in an important sense. Unfortunately the question of brand and goodwill accounting is rarely pushed far enough in this direction."

Ten slotte is die studie gerig op die kwantifisering van die uitwerking van die hantering van klandisiewaarde op maatskappy-resultate. Toekomstige studies kan moontlik hierop voortbou deur die verband tussen bogenoemde effek en aandeelpryse te ondersoek.

1.3 AFBAKENING VAN DIE STUDIE

Hierdie studie het ten doel om die uitwerking van die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde op maatskappy-resultate te ondersoek. Slegs die hantering van aangekoopte en "positiewe" klandisiewaarde word hierby ingesluit. Intern gegengereerde en "negatiewe" klandisiewaarde val buite die grense van hierdie studie.

1.4 UITEENSETTING VAN DIE STUDIE

Hoofstuk 1 verskaf 'n inleiding, probleemstelling, doel en afbakening van die studie.

In Hoofstuk 2 word 'n historiese agtergrond verskaf ten opsigte van die fundamentele kwessies wat die afgelope eeu onderliggend was by die debat oor die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde. Daar word ondersoek ingestel na die ontwikkelinge wat op hierdie gebied ten opsigte van die verskillende beskikbare metodes van hantering plaasgevind het. 'n Historiese agtergrond word ook geskets ten opsigte van die uitwerking van die

rekeningkundige hantering van klandisiewaarde op die finansiële jaarstate van maatskappye.

In hoofstuk 3 word die begrip "klandisiewaarde" omskryf en die verskillende metodes vir die hantering van klandisiewaarde word vanuit die literatuur en aan die hand van die rekeningkundige raamwerk ontleed.

In Hoofstuk 4 val die klem op die moontlike uitwerking wat die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde op finansiële state en die sakewêreld kan hê. Aandag word geskenk aan die vraag waarom bestuurders die hantering van klandisiewaarde as 'n belangrike kwessie beskou. Probleme wat ondervind word as gevolg van die huidige hantering van klandisiewaarde in Suid-Afrika word uitgewys. Verder word daar ook gekyk na ander sake wat verband hou met die hantering van klandisiewaarde en RE 131, soos samesmeltingsrekeningkunde, die rol wat die hantering van klandisiewaarde speel tydens oornamesbesluite, die rekeningkundige hantering van handelsmerke en die moontlike verband tussen die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde en 'n maatskappy se aandeelprys.

Hoofstuk 5 verskaf die resultate van die ondersoek wat uitgevoer is. Die doel van die ondersoek was om te bepaal wat die invloed van RE 131 op die finansiële resultate van maatskappye in 1998 sou wees.

Die samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings van die studie verskyn in hoofstuk 6. Voorstelle vir verdere navorsing word ook gemaak.

HOOFSTUK 2

HISTORIESE AGTERGROND TEN OPSIGTE VAN DIE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE

2.1 INLEIDING

Van der Merwe (1996:5) het die debat rondom die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde soos volg opgesom:

"Perhaps the only thing most accountants agree upon is that goodwill should be recorded at cost once that cost has been established. The method of determining the value of goodwill and the problem of what to do with goodwill once it has been recorded have been the main points of controversy over the years. Should goodwill be retained as an asset, or regarded as an asset at all, should it be written off immediately or over a period of time, etc."

In hierdie hoofstuk sal die verskeidenheid van standpunte wat deur verskillende skrywers oor die jare heen gehuldig is ten opsigte van bogenoemde vrae, uitgelig word. 'n Historiese blik op die debat rondom die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde sal dus gegee word. Die doel van hierdie hoofstuk is om die historiese ontwikkeling van die klandisiewaardedebat in perspektief te stel.

In die eerste gedeelte van die hoofstuk sal ondersoek ingestel word na die vraagstukke rondom die gepaste hantering van klandisiewaarde wat deur die jare tot kernvrae ontwikkel het. H.P. Hughes (1982) het in sy boek getiteld "Goodwill

in Accounting: A history of the issues and problems", ondersoek ingestel na die historiese verloop rondom die klandisiewaarde-kwessie vanaf 1884 tot 1980. Vir die doeleindes van die historiese perspektief en veral hierdie tydperk, is daar dus in 'n groot mate gesteun op Hughes se werk, aangesien hy beskou word as 'n gesaghebbende bron op hierdie gebied. In die tweede gedeelte van die hoofstuk word ondersoek ingestel na die historiese ontwikkeling betreffende die hantering van klandisiewaarde in Suid-Afrika en verskeie ander lande. In die derde gedeelte van die hoofstuk sal die klem verskuif na die uitwerking van die hantering van klandisiewaarde op maatskappye se finansiële posisie en resultate en die historiese agtergrond daarvan.

2.2 DIE VERSKILLENDE DENKRIGTINGS AANGAANDE DIE KORREKTE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE


Hoewel daar baie argumente is wat gebruik kan word vir 'n verskeidenheid van metodes, is daar volgens Rutteman (1990:51-52) in wese drie strydige beskouings:

- Klandisiewaarde is 'n ontasbare bate met 'n beperkte nutsduur. Die koste van die aangekoopte klandisiewaarde moet oor 'n bepaalde tydperk geamortiseer word. Hierdie beskouing strook ook met die definisie van 'n bate in terme van RE 000.
- Aangekoopte klandisiewaarde is 'n bate wat, indien dit behoorlik instand gehou word, nie sy waarde verloor nie en dus glad nie geamortiseer hoef te word nie, behalwe as daar 'n permanente inperking in die waarde daarvan is. Enige periode van amortisering word as arbitrêr beskou en daar word aangevoer dat winste "dubbeld geslaan" word met die amortisering en instandhoudingskoste van klandisiewaarde.
- Dit is inkonsekwent om aangekoopte klandisiewaarde in die balansstaat te toon terwyl intern gegengereerde klandisiewaarde nie as 'n bate erken mag word nie. Daarom moet klandisiewaarde onmiddellik afgeskryf word om konsekwente balansstaat-hantering te verseker. Om 'n verwringing van die wins-en-verliesrekening te voorkom, moet die onmiddellike afskrywing direk

teen reserwes geskied.

2.3 TWEE VRAE - DRIE METODEDES

Indien die historiese verloop rondom die hantering van klandisiewaarde gevolg word, dan blyk dit dat die hele debat rondom twee kernvrae wentel. Dit kan diagrammaties soos volg voorgestel word:



Figuur 2.1: Die drie benaderings ten opsigte van die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde.

Uiteindelik is daar dus twee vrae wat lei tot drie basiese benaderings. Die beskouing dat daar basies drie metodes is vir die hantering van klandisiewaarde, word bevestig deur Jones en Mellet (1999:76):

“Three main methods have emerged. These have either been used in the past or are in use, somewhere, today.”

Hierdie drie metodes, soos opgesom deur Jones en Mellet (1999:76) asook Everingham (1997:3), is die volgende:

- Erken klandisiewaarde as 'n bate sonder om dit te amortiseer (met ander woorde, dra klandisiewaarde as 'n bate teen oorspronklike kosprys).
- Erken klandisiewaarde as 'n bate en amortiseer dit.
- Onmiddellike afskrywing van klandisiewaarde.

Aan die hand hiervan sal die historiese agtergrond van die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde dus onder die volgende hofies bespreek word:

- Is klandisiewaarde 'n bate? Die antwoord op hierdie vraag sal bepaal of klandisiewaarde as 'n bate in die balansstaat erken moet word of onmiddellik afgeskryf kan word teen reserwes. Die onmiddellike afskrywing van klandisiewaarde teen reserwes loop dus hand aan hand met die vraag of klandisiewaarde 'n bate is, al dan nie, en sal gevolglik saam gehanteer word.
- Is klandisiewaarde 'n permanente of kwynende bate? Die antwoord op hierdie vraag sal bepaal of klandisiewaarde teen oorspronklike kosprys in die balansstaat gedra of stelselmatig geamortiseer moet word.

Vervolgens word die kernvrae toegelig:

2.4 IS KLANDISIEWAARDE 'N BATE?

Volgens Hughes (1982:8) word klandisiewaarde oor die algemeen beskou as 'n bate, omdat dit kommersieel waardevol is. Daar is spesifieke faktore, soos goeie ligging, wat bydra tot die besigheid se vermoë om 'n oormaat winste te genereer. Wat ook al die faktore mag wees, klandisiewaarde, soos alle bates, word gekapitaliseer volgens sy toegeënde vermoë om by te dra tot winsgewendheid.

Eiteman (1971:47) het dit soos volg gestel:

“Goodwill and related intangibles are valid capital assets of economic significance to the usual business enterprise; they attach themselves intrinsically to business operations and are a valuable part of the economic worth of a going concern.”

Hoewel dit vanaf die begin van die twintigste eeu die algemene opvatting was dat klandisiewaarde wel 'n bate van die onderneming is, was daar sommige skrywers wat hieroor verskil het.

Skrywers soos Spacek (1964), Catlett & Olson (1968) argumenteer dat klandisiewaarde nie 'n bate van die onderneming is nie en meen dat klandisiewaarde onmiddellik afgeskryf behoort te word.

Volgens Spacek (1964:39) is die verskil tussen die totale koopsom bo die billike waarde van die besigheid se produserende bates niks anders nie as 'n koste van verdienste vir die koper bo en behalwe die koste van die bates wat benodig word om daardie verdienste te genereer.

Catlett & Olson (1968:107) meen dat klandisiewaarde nie 'n hulpbron of eiendomsreg is wat gebruik word in die generering van verdienste nie. Dit is 'n resultaat van verdienste, of die verwagting daarvan, soos getakseer deur die belegger. Die waardebeplanning van die belegger word gereflekteer in die aandeelprys van die maatskappy, wat beïnvloed word deur 'n klomp faktore. Die rol van rekeningkunde is om inligting te verskaf wat die belegger kan gebruik om 'n opinie te vorm oor die waarde van die besigheid; die rekeningkunde bepaal nie daardie waarde nie. Daarom voer hulle aan dat die billike waarde van die produserende bates wat deur die besigheid aangekoop is, aangeteken moet word en dat die klandisiewaarde wat ontstaan:

- onmiddellik afgeskryf moet word teen behoue verdienste of kapitaalsurplus;
of

- getoon moet word as 'n vermindering van aandeelhouersekuiteit.

Paton (1968:143) kritiseer Catlett en Olson se stelling dat klandisiewaarde nie 'n bate is nie soos volg:

"Assets are not inherently tangible or physical. An asset is an economic quantum. It may be attached to or represented by some physical object, or it may not. One of the common mistakes we all tend to make is that of attributing too much significance to the molecular conception of property. A brick wall is nothing but mud on edge if its capacity to render economic service has disappeared; the molecules are still there and the wall may be as solid as ever but the value is gone....the distinction between tangibles, so-called, and intangibles, so-called, is not a fundamental line of cleavage. In principle, the intangible asset is just as admissible to the respectable, recognizable company of business property as something you can stub your toe on. This point should be stressed, not submerged, in any analysis of the nature of intangibles."

In 'n bespreking aangaande die aard van klandisiewaarde kom Jones en Mellet (1999:76) tot die volgende gevolgtrekking: "When is an asset not an asset? The answer is surely when it is goodwill." Jones en Mellet verwys hier na die Accounting Standards Board in die Verenigde Koninkryk se FRS 10, "Goodwill and Intangible Assets", wat die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde soos volg verduidelik:

"The accounting requirements for goodwill reflect the view that goodwill arising on acquisition is neither an asset like other assets nor an immediate loss in value....Although purchased goodwill is not in itself an asset, its inclusion amongst the assets of the reporting entity, rather than as a deduction from shareholders' equity, recognises that goodwill is part of a larger asset, the investment, for which management remains accountable."

Dit kom dus daarop neer dat ingevolge FRS 10, klandisiewaarde nie werklik 'n bate is nie, maar wel in die balansstaat as 'n bate geklassifiseer word, omdat dit deel is van 'n groter bate, naamlik die belegging – waarvoor bestuur uiteindelik verantwoordelik is.

Van der Merwe oorweeg in sy studie in 1996, waarin hy ook 'n kritiese evaluasie van klandisiewaarde as 'n bate doen, die werk van skrywers soos Paton (1922), Canning (1929), Sprouse en Moonitz (1962), Hermanson (1964), Grady (1965), Most (1882), Hendriksen (1982), Everingham en Hopkins (1982), Chambers (1966) en Wolk (1989). Na sy vergelyking van bogenoemde skrywers se gevolgtrekkings met die definisie van 'n bate in terme van RE 000, kom hy tot die gevolgtrekking dat klandisiewaarde wel 'n bate is.

Volgens RE 000 paragraaf 49 is 'n bate 'n hulpbron wat deur die onderneming beheer word as gevolg van gebeurtenisse in die verlede waaruit toekomstige ekonomiese voordele na verwagting na die onderneming sal vloei.

Volgens RE 000 paragraaf 83, behoort 'n item wat aan die omskrywing van 'n element voldoen, slegs erken te word indien:

- dit waarskynlik is dat enige toekomstige ekonomiese voordeel verbonde aan die item na of uit die onderneming sal vloei; en
- die item 'n koste of waarde het wat betroubaar gemeet kan word.

Volgens Everingham (1997:3) is dit nie 'n uitgemaakte saak dat klandisiewaarde aan die definisie van 'n bate volgens RE 000 voldoen nie, aangesien dit in die besonder geargumenteer kan word dat die besigheid nie die klandisiewaarde beheer nie. Klandisiewaarde is soms volatiel en kan wissel as gevolg van markkragte en persepsies buite die beheer van die onderneming. Hoewel dit uit 'n regsoogpunt nie beheer oor klandisiewaarde het nie, het die onderneming wel die vermoë om deur middel van advertensie- en promosie-uitgawes klandisiewaarde te beïnvloed.

Van der Merwe (1996:41) het tot die volgende gevolgtrekking gekom:

“There seems to be general support for the fact that a payment for goodwill ultimately represents a payment for expected future excess profits. As was earlier stated, goodwill is an inseparable part of an enterprise and therefore goodwill is, by its inseparable nature, under the full control of an enterprise. Goodwill is always the result of a past transaction or event. Purchased goodwill arises from the acquisition by one company of another company either by direct purchase of assets or by business combinations involving the acquisition of shares.”

Hieruit is dit duidelik dat klandisiewaarde wel aan die omskrywing van 'n bate volgens RE 000 voldoen.

Hoewel klandisiewaarde dus aan die omskrywing van 'n bate voldoen, word dit eers as 'n bate in die balansstaat erken wanneer dit, volgens RE 000 paragraaf 89, waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele vir die onderneming daaruit sal voortspruit, en die bate 'n koste of waarde het wat betroubaar gemeet kan word. Aangesien daar altyd 'n koopprys ter sprake is, het aangekoopte klandisiewaarde wel 'n koste wat betroubaar gemeet kan word. Verder verteenwoordig klandisiewaarde, volgens RE 131 paragraaf 43, “'n betaling deur die verkryger gemaak in afwagting van toekomstige ekonomiese voordele”. 'n Rationele verkryger sal nie hierdie betaling maak indien hy nie voel dat dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele wel sal voortspruit nie. Aangesien dit dus waarskynlik is dat klandisiewaarde toekomstige ekonomiese voordele vir die onderneming inhou, en dit 'n koste het wat betroubaar gemeet kan word, kan die gevolgtrekking gemaak word dat aangekoopte klandisiewaarde ook aan die erkenningsmaatstawwe van 'n bate volgens RE 000 voldoen.

Everingham en Watson (1998:234) som die standaardstellers se wêreldwye siening van klandisiewaarde soos volg op: “Despite reservations as to the nature

of goodwill, it seems that standard setters have generally agreed that it is an asset.”

2.5 DIE ONMIDDELLIKE AFSKRYWING VAN KLANDISIEWAARDE TEEN RESERWES

Vanaf 1884 tot 1909 was die algemene neiging onder eenmansake en vennootskappe, volgens Hughes (1982:30), om klandisiewaarde dadelik teen die kapitaalrekening af te skryf. Hulle kon natuurlik enige rekeningkundige hantering gebruik, aangesien hulle geen verslagdoeningsverantwoordelikheid teenoor buitepartye gehad het nie. Wanneer die eienaars die onderneming op 'n latere stadium wou verkoop sou hulle waarskynlik 'n veel hoër prys verwag vir klandisiewaarde as die bedrag oorspronklik daarvoor betaal. Volgens Dicksee (1897, soos aangehaal deur Hughes, *ibid.*) wou hulle klandisiewaarde so gou as moontlik afskryf, sodat 'n voornemende koper nie sou weet wat die bedrag was wat oorspronklik daarvoor betaal is nie. Die onmiddellike afskrywing van klandisiewaarde is oor die algemeen gesien as 'n vinnige en maklike oplossing vir 'n potensiële problematiese aangeleentheid.

Die maatskappywet in die Verenigde Koninkryk het korporasies egter verbied om klandisiewaarde af te skryf teen die kapitaalrekening. As gevolg hiervan kon:

- klandisiewaarde permanent in die rekeninge gelos word,
- afgeskryf word teen inkomste of
- 'n klandisiewaarde-reserwe geskep word deur winste na die reserwe te kanaliseer totdat die reserwe gelykstaande was aan die bedrag van klandisiewaarde wat as 'n bate getoon is.

Volgens Hughes (1982:30) blyk dit dat daar 'n afkeer van die insluiting van klandisiewaarde as 'n bate bestaan het. Rekeningkundige wanpraktyke het gevolg en die klandisiewaarde bedrag is gemanipuleer sodat dit uiteindelik so klein as moontlik was.

Vanaf 1930 is die onmiddellike afskrywing van klandisiewaarde teen reserwes weer tot die beskikking van korporasies gestel en kon hierdie metode dus as alternatief gebruik word (Hughes, 1982:83). Aangesien hierdie metode nooit tot die beskikking van korporasies was nie, was dit 'n onbekende en vreemde praktyk vir die meeste rekenmeesters. Die groot vraag was watter rekening die debiet van die afskrywing moes absorbeer. Die afskrywing van klandisiewaarde kon volgens Hughes (1982:87) teen die volgende rekening geskied:


- Behoue verdienste. Indien klandisiewaarde verkry is met die aankoop van 'n lopende saak, was behoue verdienste die logiese rekening geag gewees om die debiet te absorbeer. Die betaling vir klandisiewaarde is gemaak vir verwagte toekomstige oormaat winste. Die rekening waar die krediet van hierdie winste uiteindelik sou lê, moes ook die debiet absorbeer.
- Herwaardasiesurplus. Hierdie rekening is in die twintigerjare gebruik vir die herwaardasie van klandisiewaarde. Die beste manier om van klandisiewaarde wat met herwaardasie ontstaan het, ontslae te raak, was dus om dit teen hierdie rekening af te skryf. (Die praktyk van die herwaardering van klandisiewaarde het tot 'n einde gekom met die aanbreek van die Groot Depressie. Sedertdien was dit nog nooit weer 'n aanvaarbare praktyk nie).
- Kapitaalreserwes (aandelepremie). Aandele is uitgereik ter verkryging van netto bates, insluitende klandisiewaarde. Daarna het dit soms aan die lig gekom dat klandisiewaarde oorwaardeer was en afgeskryf behoort te word. Aangesien die aanvanklike waardasie en verkryging gelei het tot die uitreiking van aandele, kon kapitaalreserwes, en spesifiek aandelepremie, gedebiteer word met die bedrag van die afskrywing.

Volgens Hughes (1982:88) was die algemene praktyk tussen 1930 en 1944 om aangekoopte klandisiewaarde teen behoue verdienste af te skryf.

Die standpunt "Accounting Principles underlying Financial Statements", wat in 1941 deur die Amerikaanse Rekeningkunde Vereniging uitgereik is, was beperkend ten opsigte van eenmalige afskrywings van klandisiewaarde (Hughes, 1982:89). Daar is geswyg oor arbitrêre afskrywings en daar moes ander gronde

wees vir die afskrywing van klandisiewaarde as bloot die wens om dit te doen, oftewel konserwatisme. Indien daar wel 'n rede vir 'n afskrywing was, moes dit as 'n verlies hanteer word in die inkomstestaat. Die afskrywing sou uiteindelik in behoue verdienste gereflekteer word, maar die aanvanklike inskrywing vir die debiet sou teen huidige winste wees.

Volgens Hughes (1982:90) het die Amerikaanse Instituut vir Rekenmeesters in 1932 hul eerste standpunt met betrekking tot die hantering van klandisiewaarde uitgereik. Hiervolgens kon kapitaalsurplus nie gebruik word vir afskrywings wat eintlik teen inkomste behoort te geskied nie. Die vereiste rekeningkundige hantering wat deur hierdie standpunt voorgestel is, het van een groot aanname afgehang: of klandisiewaarde permanent of nie-permanent van aard is. Indien nie-permanent, kon klandisiewaarde onder geen omstandighede eenmalig teen kapitaalsurplus of behoue verdienste afgeskryf word nie, want dan sou huidige en toekomstige inkomste kwyteskeld word van die vereiste amortisering. Indien klandisiewaarde permanent was, was sulke afskrywings meer aanvaarbaar. Die kwessie aangaande die permanente aard al dan nie van klandisiewaarde sal in die volgende onderafdeling bespreek word. Die volgende figuur is 'n skematiese voorstelling van die bepaling van hierdie standpunt:



Figuur 2.2: 'n Skematiese voorstelling van die bepalinge van die Amerikaanse Instituut van Rekenmeesters se standpunt (1932) aangaande die hantering van klandisiewaarde.

Volgens Hughes (1982:118) het die afskrywing van klandisiewaarde teen kapitaalreserwes drasties afgeneem in die tydperk 1945 tot 1957. Volgens die Amerikaanse Instituut van Rekenmeesters was die onmiddellike afskrywing van klandisiewaarde nie in ooreenstemming met die beginsels en prosedures waarvolgens ander bates verantwoord is nie. "Accounting Research Bulletin 43", uitgereik in 1957, het dan ook die diskresionêre en eenmalige afskrywing van klandisiewaarde teen behoue verdienste of kapitaalreserwes onmiddellik na verkryging verbied. Alle afskrywings moes in die inkomstestaat plaasvind.

Aanvanklik is daar nie veel ag geslaan op hierdie beperking op afskrywings nie. Volgens Peoples (1957, soos aangehaal deur Hughes, 1982:120) was dit 'n kombinasie van stygende aandeeelprijs en 'n tendens om uit te brei deur middel van oornames wat maatskappy-hoofde laat besef het dat hulle nie meer 'n deel van die aankoopprys kan afskryf anders as deur amortisering en die gevolglike straf van verminderde verdienste nie. Die bestuurders het briewe aan die Amerikaanse Instituut van Rekenmeesters begin skryf om hulle te vra om hul standpunt te verander en die onmiddellike afskrywing van klandisiewaarde toe te laat, maar hulle pogings was tevergeefs.

Vanaf 1958 tot 1980 het nuwe argumente ten gunste van die onmiddellike afskrywing van klandisiewaarde veral vanaf Catlett & Olson en Spacek in die sestigerjare na vore gekom. Hulle sienswyses is reeds in onderafdeling 2.4 uiteengesit. Wolff (1967:258) voel egter dat om klandisiewaarde onmiddellik af te skryf, op dieselfde neerkom as om te sê dat iemand opsetlik sy geld weggegooi het. Archer (soos aangehaal deur Van der Merwe, 1996:150) voel ook dat enige aansienlike afskrywing van klandisiewaarde in die jaar van verkryging 'n moontlike aanduiding mag wees van 'n oorbetalings, wat 'n geldige vraagteken sal laat hang oor die besluit om dit teen 'n sekere waarde te verkry.

Die argument dat klandisiewaarde onmiddellik afgeskryf moet word op grond van die omsigtigheidsbeginsel, is soos volg deur Esquerre (1915:248) bevraagteken:

"It seems that if a concern has paid a large sum to acquire the goodwill of another, and has not only retained it but even increased it, there is no apparent reason why so-called conservatism should demand the writing off of the asset to the detriment of the very profits which its purchase gave the right to expect."

Esquerre (*ibid.*) het ook opgemerk dat dit in sommige ondernemings lyk asof die waarde van klandisiewaarde nie net gehandhaaf word nie, maar in baie gevalle toeneem. Hierdie punt wat aangeroei is deur Esquerre lei tot die volgende vraag: Is aangekoopte klandisiewaarde 'n permanente bate of nie?

2.6 IS KLANDISIEWAARDE 'N PERMANENTE OF KWYNENDE BATE?

Die vraag of klandisiewaarde geamortiseer moet word hang af van die vraag of dit permanent van aard is, of nie. Die kousale verband tussen hierdie twee vrae moet dus voortdurend in gedagte gehou word by die lees van hierdie gedeelte, aangesien voorstanders van die amortiseringsmetode by implikasie van die standpunt uitgaan dat klandisiewaarde 'n kwynende bate is.

Die algemene siening van klandisiewaarde in die tydperk 1884 tot 1909 kan goed opgesom word deur 'n opmerking wat Dicksee (soos aangehaal deur Hughes, 1982:31) in 1897 gemaak het. Hy het klandisiewaarde beskryf as "an asset which is undesirable to retain as such" en het die onmiddellike afskrywing teen kapitaalreserwes verkies. Soos reeds genoem in onderafdeling 2.5, was die hoof-motivering hiervoor om die eienaars moontlike verleentheid te spaar indien hulle sou besluit om te verkoop. Die eienaars wóú dus klandisiewaarde afskryf. Hulle uitgangspunt was dat klandisiewaarde 'n permanente bate is, net soos grond. Om klandisiewaarde af te skryf teen inkomste sou net so foutief wees as om dit met grond te doen, daarom is dit onmiddellik teen kapitaal afgeskryf.

Hughes (1982:31) meen ook dat, hoewel die idee van klandisiewaarde as 'n permanente bate dieselfde hantering as grond vereis, naamlik dat die koste daarvan permanent in die boeke bly, daar ander oorwegings was wat tot 'n weersin teen die behoud daarvan as 'n bate in die rekeninge gelei het. Die eienskap van permanentheid het egter die verwydering daarvan deur middel van afskrywings teen inkomste verhoed, sodat die uiteindelijke oplossing die afskrywing teen kapitaalreserwes was. Eenmansake en vennootskappe het hiervan gebruik gemaak, maar beperkings in die Maatskappywet van Groot-Brittanje het die afskrywing van klandisiewaarde teen kapitaalreserwes vir korporasies onmoontlik gemaak. Die enigste opsie wat hierdie maatskappye dus oorgehad het, was om klandisiewaarde as 'n permanente bate in die boeke te hou.

Volgens Hughes (1982:32) was daar egter ook 'n mate van ondersteuning vir die geleidelike eliminerings van klandisiewaarde uit die boeke. Die motivering vir amortisering het gekom van dié wat wou sien dat finansiële jaarstate meer konserwatief moet wees. Die vraag was egter hoe hierdie afskrywings kon plaasvind terwyl die voorafgaande basiese argumente steeds van toepassing bly. Dit was baie moeilik om die geleidelike vermindering van 'n bate te versoen met sy aanvaarde permanente aard. In plaas van 'n afskrywing teen winste, het sommige voorgestel dat 'n reserwefonds geleidelik geakkumuleer word vanuit huidige of opgelope winste totdat dit gelyk was aan die klandisiewaardebedrag getoon in die boeke. Die gebruik van die reserwemethode het die voordele gebied dat klandisiewaarde steeds teen oorspronklike koste in die state verskyn en dat 'n toedeling van verdienste daarvoor gemaak word.

Sommige skrywers het egter nie saamgestem dat klandisiewaarde 'n permanente bate is nie en het die geleidelike vermindering daarvan verkies. Hatfield (1913, soos aangehaal deur Hughes, 1983:33) het gevoel dat die leerstelling van die permanentheid van klandisiewaarde nie strook met die teorie waarvolgens dit waardeer word as die aankoop van 'n eindigende annuïteit nie. Guthrie (1898, soos aangehaal deur Hughes, 1982:33) het gevoel dat geen klandisiewaarde ewig is nie, en een of ander voorsiening gemaak moet word om dit af te skryf, al is dit gebaseer op 'n arbitrêre raming van die leeftyd van klandisiewaarde. Deur die aanname van die permanente aard van klandisiewaarde te laat vaar, was hulle van die eerste voorstanders van die amortisering van klandisiewaarde deur middel van afskrywings teen winste.

Gedurende die tydperk 1910 tot 1929 en met die koms van die maatskappy, het daar volgens Hughes (1982:50) 'n nuwe argument ten gunste van die permanente aard van klandisiewaarde na vore gekom. Die nuwe maatskappye het getoon dat hulle baie meer permanent van aard was as die vorige generasie eenmansake en vennootskappe. Die feit dat klandisiewaarde onskeibaar is van die onderneming, het verder gehelp om 'n baie sterk argument aan te voer ten gunste van die permanente aard van klandisiewaarde. Freeman (1928, soos aangehaal deur Hughes, 1982:50) het beweer dat indien aanvaar word dat 'n

onderneming permanent van aard is, die klandisiewaarde verbonde aan die onderneming ook permanent behoort te wees. Die permanentheid van die onderneming veronderstel 'n graad van stabiliteit wat ook in klandisiewaarde weerspieël behoort te word. Hy het selfs verder gegaan deur die herwaardasie van klandisiewaarde op grond van hierdie stabiliteit te regverdig.

Leake (1930:77) het egter nie saamgestem hiermee nie. Hy het wel toegegee dat sommige maatskappye wat klandisiewaarde koop, dit nie net behou nie, maar dit ook oor 10 of 20 jaar laat toeneem. Hierdie situasie laat dit definitief lyk asof klandisiewaarde 'n onbeperkte leeftyd het. Sy antwoord was egter dat die klandisiewaarde wat tans besit word, nie dieselfde is as wat 10 of 20 jaar gelede aangekoop is nie, want die huidige klandisiewaarde is grootliks toeskryfbaar aan die werk van bestuur in die tussentyd.

Avery (1946, soos aangehaal deur Hughes, 1982:84) het in 'n studie bevind dat in die tydperk vanaf 1929 tot 1939, agt-en-negentig industriële maatskappye in die Verenigde State die waarde van ontasbare bates in hul boeke met naastebly \$786 000 000 verminder het. Die skrywer het tot die gevolgtrekking gekom dat daar vanaf 1930 tot 1944 'n definitiewe tendens bestaan het om ontasbare bates, en veral klandisiewaarde, af te skryf. Hierdie afskrywings was die gevolg van die Groot Depressie, waartydens die klandisiewaarde van maatskappye oënskynlik soos mis voor die son verdwyn het. Klandisiewaarde het skielik nie meer so permanent blyk te wees soos voorheen nie.

Net soos vroeg in die twintigste eeu was daar steeds die voorstanders van die geleidelike vermindering van klandisiewaarde. Volgens Hughes (1982:85) het hierdie groep steeds van die beginsel uitgegaan dat klandisiewaarde permanent is, maar hulle wou dit verwyder van die balansstaat, soos die konserwatiewe tendens in daardie tyd was. Daar was twee moontlikhede: geleidelike afskrywing teen behoue verdienste of geleidelike afskrywing teen huidige winste. Soos vroeër genoem onder hierdie onderafdeling, kon klandisiewaarde nie as 'n uitgawe teen huidige winste afgeskryf word nie, want dan sou die aanname dat klandisiewaarde permanent is, omvergewerp word - 'n item wat nie aan

depresiasie onderworpe is nie kan kwalik as 'n uitgawe gehanteer word. Die aangewese metode was dus om die afskrywing teen behoue verdienste te doen. Die argument was dieselfde as 'n paar dekades vroeër toe 'n reserwe geakkumuleer is vanuit behoue winste. In daardie geval was daar nie 'n direkte debiet teen opgelope winste nie, maar het daar wel 'n toedeling van winste plaasgevind.

Davis (1992:37) het geargumenteer dat dit foutief is om klandisiewaarde te amortiseer. Hy het 'n geval geskets waar 'n onderneming en sy klandisiewaarde gekoop word en die klandisiewaarde geamortiseer word teen inkomste. Die nuwe eienaars wil egter graag die klandisiewaarde in stand hou, gaan advertensie-uitgawes aan en debiteer die inkomstestaat met hierdie uitgawe. Davis meen dat indien inkomste belas word met die afname in klandisiewaarde en weer belas word met 'n advertensie-uitgawe om die klandisiewaarde te vervang en in stand te hou, inkomste dubbeld belas word vir dieselfde ding.

George May (1946, soos aangehaal deur Van der Merwe, 1996:144) het opgemerk dat hy nie kon insien hoe die aannames van diegene wat klandisiewaarde wou amortiseer, kon lei tot gevolgtrekkings waarvolgens 'n debiet teen inkomste geskied vir beide die afskrywing van 'n ou bate en die koste van presies dieselfde bate wat sy plek ingeneem het nie.

Staub (1945, soos aangehaal deur Catlett & Olson, 1968:87) stel dit soos volg:

“The income of the period is being doubly charged, once with the expenditure for the maintenance of the value of intangibles, and again with the cost of the intangibles, the value of which is being maintained...”

Hierdie skrywers argumenteer dus dat deur amortisering 'n dubbele afskrywing van uitgawes teen inkomste plaasvind en gebruik hierdie argument ter ondersteuning van die behoud van klandisiewaarde as 'n permanente bate.

Ander skrywers wat saamstem met hierdie siening van dubbelafskrywing en dus voel dat klandisiewaarde nie geamortiseer moet word nie, is Grady (1950), Thomas (1990) en Wium (1993).

ED 47 wat deur die Accounting Standards Committee op 1 Februarie 1990 uitgereik is, het volgens Van der Merwe (1996:146) hierdie argument van dubbelafskrywing op twee gronde weerlê:

- Die uitgawes aangegaan om klandisiewaarde in stand te hou, of verder te ontwikkel, is nie onderskeibaar van die uitgawes aangegaan in die voortgesette bedrywighede van 'n onderneming om ander direkte voordele te verwerklik nie en dit kan gesien word as 'n gratis neweproduk wat geen koste het nie. Daar is dus geen dubbelafskrywing nie, aangesien die amortisering die enigste koste van klandisiewaarde is.
- Daar is identifiseerbare uitgawes aangegaan vir die instandhouding en vervanging van klandisiewaarde en ook met die verkryging van klandisiewaarde. Dus was daar 'n dubbele uitgawe en die gevolg daarvan behoort dan ook 'n dubbele afskrywing teen inkomste te wees.

Everingham (1997:3) weerlê die dubbelafskrywing-argument soos volg:

“If the logic of this argument is extended to tangible assets, such as buildings or machinery, there would then be a case for non-depreciation of such assets, provided their fair value was not less than original cost. It is submitted that the fundamental difficulty with this argument is that it confuses historical cost accounting with valuation issues and, in effect, uses revaluation thinking to justify non-allocation of historical costs.”

In 1941 het die Amerikaanse Rekeningkunde Vereniging se Uitvoerende Komitee die standpunt “Accounting Principles Underlying Financial Statements” uitgereik. Hierdie standpunt het op 'n indirekte wyse leiding verskaf vir die hantering van klandisiewaarde, waarvan die kern volgens Hughes (1982:89), was watter

aanname gemaak word ten opsigte van die permanente aard daarvan. Sodra 'n aanname gemaak is, watter kant toe ook al, het daar geen twyfel meer bestaan oor die bate se daaropvolgende hantering nie. Indien aanvaar sou word dat die bate permanent is, sou die koste permanent in die boeke gehou word. Indien aanvaar sou word dat dit nie permanent is nie, sou dit deur gereelde afskrywings na die inkomstestaat geamortiseer word.

Volgens Hughes (1982:92) het die Amerikaanse Instituut van Rekenmeesters met die uitreiking van "Accounting Research Bulletin No. 24, Accounting for Intangible Assets", vir die eerste keer aangedui wat sy voorkeur is sover dit die hantering van klandisiewaarde betref:

- Nie-permanente klandisiewaarde:
 - Amortiseer sistematies oor die nuttige lewensduur daarvan.
- Permanente klandisiewaarde:
 - Behou onbepaald teen kosprys; of
 - amortiseer sistematies oor die nuttige lewensduur daarvan; of
 - skryf eenmalig af teen behoue verdienste of kapitaalsurplus.

Volgens Hughes (1982:115) het daar gedurende die tydperk 1945 tot 1957 'n tendens begin posvat in die rigting van amortisering en weg van eenmalige afskrywings. Uit "Accounting Research Bulletin 24" kon 'n mens sien dat amortisering op gelyke voet was met permanente behoud. Die "Securities and Exchange Commission" het hierdie tendens weerspieël met hulle opmerking dat 'n groot getal van die maatskappye wat by hulle geregistreer is, die permanente behoud van klandisiewaarde in herooringeneem het en die aard van die bate ontleed het. Op grond hiervan het hulle besluit om klandisiewaarde oor 'n redelike tydperk na inkomste te amortiseer.

"Accounting Research Bulletin 24" is opgevolg deur "Accounting Research Bulletin 43", uitgereik in 1957. Volgens Hughes (1982:120) het die klem in hierdie standpunt baie meer op die amortisering van klandisiewaarde geval as in die geval van sy voorganger.

Hoewel al hoe minder artikels en tekste die permanente behoud van klandisiewaarde gepropageer het, het Staub (1945, soos aangehaal deur Hughes, 1982:116) 'n argument ten gunste hiervan aangevoer:

"It follows that there is no basic reason for, or scientific method of, writing-off or amortizing the cost of Type B intangibles, the value of which is continuing. To require the compulsory amortization of intangibles, the value of which is being currently maintained or even enhanced, seems a departure from the 'going concern' concept of financial statements and an attempt to provide for losses which may be sustained upon termination or liquidation of an enterprise at some time in the future. If, however, a corporation decided to amortize the cost of a Type B intangible, as to which there is no present indication of limited existence or loss of value, by systematic charges in the income statement, long established custom indicates such procedure to be permissible despite the fact that expenditures are being made to maintain its value."

Die "Type B intangibles" waarna Staub hierbo verwys, sluit klandisiewaarde in.

Walker (1953:210) het hierdie argument aangehaal en voorgestel dat "ontasbare bates" deur "gebou" en "amortisasie" deur "depresiasie" vervang moet word. Volgens Walker was die redenasie in hierdie parafrase inkonsekwent en vergelykbaar met argumente in vervloë dae toe min, baie of geen depresiasie afgeskryf is nie, afhangend van die wins wat die onderneming wou toon. Hy het dit gestel dat "it is as incorrect to relate amortization to the value of intangibles as it is to relate depreciation to the value of fixed assets". Walker het dus gesê dat dit verkeerd is om klandisiewaarde vanuit 'n waardasie-oogpunt te beskou. Wanneer die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde ter sprake kom, moet daar in gedagte gehou word dat rekeningkunde die toedeling van koste ten doel het. Walker (1953:213) druk hierdie gedagte soos volg uit:

"A function of accounting is not to account for changes in value; depreciation on buildings, for example, is not computed with any concept of market value in mind. Accounting is concerned with the allocation of costs, and the allocation of goodwill to revenues generated from the asset should be no different from the apportionment of the cost of any other asset to appropriate accounting periods. Although the amount of the charge might present a difficult problem of estimation, similar problems were encountered with other long-lived assets."

Walker (1953:213) het tereg geredeneer dat die gevolgtrekking dat klandisiewaarde nie geamortiseer moet word nie, omdat die waarde nie verminder het nie, gebaseer is op die foutiewe verwarring tussen die waarde van 'n bate en die toedeling van sy koste. Hy het beklemtoon dat, onder die historiese koste inkomste model, amortisering nie gedoen word om die waarde van 'n bate te toon nie, maar om die koste daarvan te paar met die verwante inkomste.

Emery (1951:565) het soos volg ten gunste van amortisering betoog:

"It must be realized that all factors giving rise to goodwill value are finite or temporal....It is as though the earning capacity of the going business had acquired momentum in the hands of the seller and, hence, continued to function effectively for the benefit of the purchaser until it ran down, at which time the final dollar of goodwill cost should be written off the books."

Later het Nelson (1953) voortgebou op die momentum-teorie en dit vergelyk met die annuïteitsteorieë van Paton (1932) en Leake (1930) wat nou daarmee verband gehou het. Die annuïteitsteorie het behels dat die koper in 'n reeks surplus verdienstes belê en vandaar is die koopprys op 'n logiese manier bereken. In Nelson (1953:492) se woorde: "The Momentum Theory is the hypothesis that a businessman purchases a promotional push instead of an

annuity and that the 'push' dissipates like momentum". Daarom behoort die belegging oor die verwagte leeftyd van die momentum, soos deur die koper geraam, geamortiseer te word.

Sparks (1980:32) wys daarop dat Nelson se begrip van momentum verkeerd is aangesien momentum, in die afwesigheid van opponerende kragte, soos wrywing, vir ewig voortduur. Die artikel is egter geskryf voor die aanbreek van die ruimte-eeu en die analogie moet dus gesien word ingevolge die kwyning van momentum op aarde as gevolg van wrywing.

Pearce (1994:97), die finansiële direkteur van Rentokil, redeneer dat klandisiewaarde onskeibaar is van die onderneming en aangesien die waarde daarvan veronderstel is om te groei onder goeie bestuur en nie jaarliks afneem nie, is dit verkeerd om klandisiewaarde te amortiseer asof dit 'n depresieerbare tasbare bate soos 'n motor is.

Everingham & Hopkins (1985, soos aangehaal deur Van der Merwe, 1996:143) het aangevoer dat die argument dat klandisiewaarde nie 'n bate is wat sy waarde verloor nie, teengestaan kan word deur te redeneer dat dit nie die oorspronklike klandisiewaarde is wat sy waarde behou of vermeerder nie, maar die totale klandisiewaarde van die onderneming. Aangekoopte klandisiewaarde word gedurig vervang deur inherente klandisiewaarde sodat dit lyk asof die waarde van die aangekoopte klandisiewaarde dieselfde bly of selfs vermeerder. Stewart (1980, soos aangehaal deur Van der Merwe, 1996:143) sê verder dat die blote feit dat klandisiewaarde in stand gehou of aangevul moet word deur addisionele uitgawes, 'n bewys is dat die oorspronklike aangekoopte klandisiewaarde wel 'n beperkte leeftyd het en wel sy waarde verloor.

Volgens Van der Merwe (1996:144) het skrywers soos Catlett & Olson (1968), Spacek (1964) en Hinton (1973) ook die waarde van die gekoopte klandisiewaarde met die totale klandisiewaarde van die onderneming verwar. Dit is die waarde van die aangekoopte klandisiewaarde wat verminder, nie die totale klandisiewaarde nie.

Gilbert (1972, soos aangehaal deur Gouws, 1990:115) benadruk die feit dat waardevermindering nie 'n poging is om die drawaarde van 'n bate gelyk te stel aan die redelike waarde daarvan nie; dit is bloot 'n toewysing van die koste van 'n bate oor die geraamde nutsduur daarvan. Klandisiewaarde behoort dus ook geamortiseer te word.

Die oorwegende rede waarom 'n koper bereid is om klandisiewaarde te betaal, is volgens Becker (1990:7-8) die onmiddellike hoër inkomste wat voortgebring word deur 'n bestaande onderneming in teenstelling met 'n nuwe onderneming. Hiervolgens word 'n surplusbetaling eenmalig gedoen om sodanige inkomste onmiddellik te verkry eerder as om hulpbronne oor 'n tydperk aan te wend. Met die verloop van tyd word hierdie inkomste vervang met inkomste voortgebring deur die inherente klandisiewaarde wat intussen opgebou is. Hierdie argument lei Becker tot die gevolgtrekking dat gekoopte klandisiewaarde 'n kwynende bate is wat geamortiseer behoort te word teen die inkomste wat dit oplewer.

2.7 OPSOMMING

Die verwickelinge wat betref die hantering van klandisiewaarde, het rondom 'n paar kernvrae gewentel. Die eerste vraag is of klandisiewaarde 'n bate is, al dan nie. Aan die begin van die twintigste eeu was daar algemeen aanvaar dat klandisiewaarde wel 'n bate was. Ten spyte hiervan, was dit algemene praktyk gewees om klandisiewaarde onmiddellik met verkryging af te skryf. Die rede hiervoor was dat dit as 'n omsigtige beleid gesien is en oordrewe klem op omsigtigheid geplaas is. Verder is daar ook geredeneer dat klandisiewaarde 'n permanente bate is. Aangesien die waarde daarvan, soortgelyk aan dié van grond, nie onderworpe is aan depresiasie nie, sou dit verkeerd wees om dit geleidelik uit die boeke te verwyder. Aangesien konserwatisme vereis het dat klandisiewaarde glad nie in die boeke verskyn nie, was die enigste alternatief om dit onmiddellik af te skryf.

Na die Groot Depressie het dit geblyk dat klandisiewaarde nie so permanent van

aard is as wat aanvanklik gedink is nie. Met die skaal wat nou swaarder gewees het aan die kant van die opvatting dat klandisiewaarde nie-permanent van aard is, het die amortisering daarvan al hoe meer aanvaarbaar geraak. Oor die algemeen is dit gesien as die meer korrekte metode. In die vyftigerjare het daar standpunte in die VSA begin verskyn oor die hantering van klandisiewaarde. Accounting Research Bulletin 43 (1957) het dan ook meer gewig verleen aan die amortisering van klandisiewaarde as aan ander metodes.

In die sestigerjare is die vraag of klandisiewaarde 'n bate is, egter weer geopper deur Catlett en Olson. Alhoewel hierdie skrywers se navorsingsverslag oor die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde deur die Amerikaanse Instituut vir Rekenmeesters gepubliseer is, het die komitee sekere voorbehoude daarop nagehou. Die komitee het met baie van die stellings en voorstelle van Catlett en Olson verskil, veral ten opsigte van hulle sienswyse dat klandisiewaarde nie 'n bate is nie.

Uiteindelik het Amerika, wat die opstel van standaarde betref, die voortou geneem. Verder sal dit uit die volgende gedeelte blyk dat die standaardstellers in die VSA, en die meeste ander lande, van die standpunt uitgegaan het dat klandisiewaarde wel 'n bate is wat 'n beperkte leeftyd het. Dit word beskou as die algemeen aanvaarde oplossing vir die twee kernvrae ten opsigte van die hantering van klandisiewaarde.

2.8 DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN DIE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE IN VERSKILLENDE LANDE

2.8.1 SUID-AFRIKA

2.8.1.1 Standpunte in Suid-Afrika

In 1982 is Besprekingsdokument 3, "Accounting for Goodwill", uitgereik. Dit het bepaal dat klandisiewaarde afgeskryf moet word oor die geraamde nutsduur

daarvan, maar nie oor langer as 'n maksimum van 40 jaar nie. Hierdie Besprekingsdokument is egter onttrek.

In Desember 1997 is konsep ED 123, "Business Combinations", uitgereik. Hierdie konsep was gebaseer op die IAS se IAS 22 wat hersien is in 1993. ED 123 paragraaf 43, het bepaal dat klandisiewaarde geamortiseer moet word oor die verwagte nutsduur daarvan. Daar bestaan 'n weerlegbare veronderstelling dat die verwagte nutsduur van klandisiewaarde nie twintig jaar sal oorskry vanaf die aanvanklike erkenning daarvan nie.

In Junie 1999 is RE 131, Besigheidsamevoegings, uitgereik. Hierdie standpunt is bykans presies dieselfde as die voorafgaande konsep ED 123 en is ook gegrond op die hersiene IAS 22. Die standpunt het op 1 Januarie 2000 in werking getree. Paragraaf 45 van die standpunt bepaal die volgende:

"Klandisiewaarde behoort op 'n sistematiese grondslag oor die nutsduur daarvan geamortiseer te word. Die amortisasietydperk behoort die beste raming van die tydperk waartydens toekomstige ekonomies voordele na verwagting na die onderneming sal vloei, te weerspieël. Daar is 'n weerlegbare veronderstelling dat die nutsduur van klandisiewaarde nie 20 jaar vanaf aanvanklike erkenning sal oorskry nie."

Voorts bepaal paragraaf 47 dat die amortisasie vir elke tydperk as 'n uitgawe erken moet word en paragraaf 52 die volgende: "Die nutsduur van klandisiewaarde is altyd eindig." Klandisiewaarde kan dus onder geen omstandighede teen oorspronklike kosprys gedra word nie.

2.8.1.2 Die hantering van klandisiewaarde in Suid-Afrika

Gedurende 1979 het Sparks (1980:42) 'n opname gedoen oor die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde deur Suid-Afrikaanse maatskappye. Die voorste 100 maatskappye, soos opgestel deur die **Financial**

Mail op grond van totale bates, is gebruik vir die doeleindes van die ondersoek.

Sparks (1980:67) het bevind dat 58% van die maatskappye wel 'n rekeningkundige beleid ten opsigte van klandisiewaarde gehad het, 25% het klandisiewaarde op die finansiële state getoon, maar nie die rekeningkundige beleid ten opsigte van klandisiewaarde geopenbaar nie. By die oorblywende 17% kon geen spoor van klandisiewaarde gevind word nie.

Volgens Sparks (1980:68) was die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde soos volg:

Van die 83 maatskappye het 55% klandisiewaarde onmiddellik afgeskryf, 26% het dit gedra teen oorspronklike kosprys, 7% het dit geamortiseer, 9% het dit gehanteer as 'n swewende debiet, 1% het dit teen die aandeelpremierekening afgespeel en 2% het meer as een beleid gehad.

Sparks het egter nie onderskei tussen die verskillende tipes onmiddellike afskrywing nie, naamlik teen reserwes of aandeelpremies, of as buitengewone item of deur die inkomstestaat.

Alhadeff (1980:43) het in 'n soortgelyke opname van die voorste 50 maatskappye gedurende 1979 die volgende resultate verkry:

48% het klandisiewaarde afgeskryf met verkryging, 10% het dit gedra as 'n ongedelgde bate oftewel teen oorspronklike kosprys, 8% het dit geamortiseer en by 34% kon geen beleid vasgestel word nie.

In 'n studie wat Gourley (1986:388) gedurende 1986 gedoen het oor die hantering van klandisiewaarde in die finansiële state van vyftig maatskappye genoteer op die Johannesburg Effektebeurs het sy bevind dat 76% van die maatskappye klandisiewaarde afskryf met verkryging of dit afspeel teen 'n nie-verdeelbare reserwe.

In 1988 het die SAIGR 'n ondersoek geloods na die finansiële verslagdoening van die voorste 100 maatskappye, soos opgestel deur die **Financial Mail** op grond van totale bates. Die SAIGR het die volgende resultate gepubliseer ten opsigte van die klandisiewaardebeleid van die maatskappye:

Tabel 2.1 : Die hantering van klandisiewaarde in Suid-Afrika.

Klandisiewaardebeleid	1988	1987	1982
Ongeamortiseerde bate	4	3	3
Geamortiseerde bate	2	3	8
Onmiddellike afskrywing	51	50	14
Swewende debiet	23	24	13
Nie duidelik	12	12	3
Nie van toepassing	6	6	41
Ander	2	2	21
	100	100	100

Gouws (1990:70) merk op dat die onmiddellike afskrywing van klandisiewaarde verreweg die gewildste alternatief is en voer aan dat een van die waarskynlike redes daarvoor is dat dit die nadelige uitwerking wat die amortisering van klandisiewaarde op die inkomstestaat het, uitskakel.

In 1992 het die SAIGR weer 'n ondersoek uitgevoer op die verslagdoeningspraktyke van die voorste 100 industriële maatskappye. Volgens Everingham (1997:4) was die maatskappye se gunsteling wyse van hantering om klandisiewaarde af te skryf met verkryging.

Gouws (1990:74-79) het die hantering van klandisiewaarde in die tien beste stelle finansiële state van Suid-Afrikaanse maatskappye, soos aangewys in 'n wedstryd van die SAIGR in samewerking met die **Business Times** in 1989, ondersoek. Die maatstaf waarvolgens die state beoordeel is, is die mate waarin redelike weergawe ingevolge AARP geskied. Dit het uit sy studie na vore gekom dat die meeste van die maatskappye klandisiewaarde afskryf teen reserwes of dit as 'n swewende debiet teen ekwiteit hanteer. Nie een van die maatskappye het klandisiewaarde as 'n bate erken en geamortiseer nie.

Uit Gouws se opsomming van die rekeningkundige hantering van

klandisiewaarde van hierdie maatskappye, blyk dit dat daar 'n fyn onderskeid bestaan tussen die afskrywing van klandisiewaarde teen reserwes en die hantering daarvan as 'n swewende debiet:

- **SAB** - Klandisiewaarde wat ontstaan met verkrygings by wyse van die uitreiking van aandele deur die maatskappy word verreken teen die aandeelpremie wat ontstaan met sodanige aandeeluitreiking. Ander premies wat met konsolidasie ontstaan word teen reserwes verreken. Die afskrywing van klandisiewaarde teen die aandeelpremierekening vir die jaar word in 'n aantekening geopenbaar. In 'n ander aantekening word die kumulatiewe bedrag klandisiewaarde verreken teen nie-verdeelbare reserwes geopenbaar. Volgens Gouws kom hierdie openbaarmaking dus neer op die swewende debietmetode.
- **AMREL**: Premies wat ontstaan by die verkryging van filiale word verreken teen nie-verdeelbare reserwes. Die kumulatiewe bedrag klandisiewaarde verreken teen nie-verdeelbare reserwes word geopenbaar in 'n aantekening. Dit is dus ook 'n voorbeeld van die swewende debiet.
- **SEARDEL**: Die netto premie wat ontstaan by die verkryging van belange in filiale word verreken teen nie-verdeelbare reserwes. Die kumulatiewe bedrag klandisiewaarde verreken teen nie-verdeelbare reserwes word geopenbaar in 'n aantekening. Dit is dus nog 'n voorbeeld van die swewende debiet.
- **YORKCOR**: Klandisiewaarde word afgeskryf teen nie-verdeelbare reserwes in die jaar van verkryging of so gou as wat prakties moontlik is daarna. In hierdie geval is daar nie sprake van 'n swewende debiet nie, want klandisiewaarde word afgeskryf en dus nie geopenbaar in daaropvolgende tydperke nie.

In hoofstuk 5 (onderafdeling 5.2) sal daar klem gelê word op hierdie fyn onderskeid tussen die twee metodes wanneer die huidige rekeningkundige hantering van klandisiewaarde deur Suid-Afrikaanse maatskappye ondersoek

word.

Wium (1993:154-155) het 'n ondersoek gedoen na 68 maatskappye wat genoteer is op die Johannesburgse Effektebeurs. Vyf sektore is ondersoek. Die finansiële state van drie jaar is nagegaan tot en met 30 Junie 1992.

Volgens Wium (1993:156-157) het slegs 45 maatskappye wel 'n rekeningkundige beleid ten opsigte van klandisiewaarde gehad. Hiervan het 22% dit afgeskryf teen nie-verdeelbare reserwes, 22% het dit getoon as 'n swewende debiet en 27% het dit onmiddellik afgeskryf in die inkomstestaat.

2.8.2 DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

In 1970 is "Accounting Practice Board Opinion No. 17" uitgereik. Die standpunt het bepaal dat alle ontasbare bates een of ander tyd noodwendig verdwyn en daarom was amortisering verpligtend. Die amortiseringstydperk is vasgestel op 40 jaar (Wium, 1993:27).

In Augustus 1970 is Accounting Principles Board Opinion No. 16, "Business Combinations" uitgereik. Hierdie standpunt het die kriteria vir samesmeltings strenger gemaak.

APB 17 en APB 16 is tot op hede steeds van krag in die VSA, hoewel die "Financial Accounting Standards Board" (FASB) tans besig is met 'n projek wat moontlik strenger reëls met betrekking tot samesmeltingsrekeningkunde tot gevolg kan hê.

Volgens Jones en Mellet (1999:76) is dit tans die algemene praktyk in die Verenigde State van Amerika om klandisiewaarde oor veertig jaar te amortiseer.

2.8.3 AUSTRALIË

In Maart 1984 het die Australian Society of Accountants en die Institute of Chartered Accountants in Australië "Statement of Accounting Standards, Accounting for Goodwill (AAS18)" uitgereik.

Volgens Van der Merwe (1996:122) bepaal hierdie standpunt dat klandisiewaarde oor 'n maksimum tydperk van 20 jaar geamortiseer moet word. Die amortisasietydperk behoort op elke balansstaatdatum hersien te word en indien nodig behoort aanpassings gemaak te word. Die ongeamortiseerde saldo van klandisiewaarde behoort terselfdertyd hersien te word en enige inperkingsverliese moet in die inkomstestaat afgeskryf word. In April 1988 het die "Accounting Standards Review Board" standpunt AAS18 effektief goedgekeur deur "ASRB 1013, Accounting for Goodwill" uit te reik. Daarna is ASRB 1013 vervang deur die huidige standpunt, "AASB 1013, Accounting for Goodwill", maar die inhoud het dieselfde gebly.

In 1993 het die Australian Securities Commission Praktyknota 39 uitgereik en daarin hul kommer uitgespreek oor die toenemende gebruik van die omgekeerde som van die syfersmetode vir die amortisering van klandisiewaarde. Volgens Millanta en Knapp (1996:58) het die debat aangaande die verskillende amortiseringsmetodes vir klandisiewaarde voortgesleep tot 8 Augustus 1995, toe die Urgent Issues Group 'n moratorium geplaas het op die gebruik van die omgekeerde som van die syfers- en soortgelyke metodes.

In Desember 1995 is ED 68, "Amortisation of purchased goodwill: amendments to AAS 18/AASB 1013", uitgereik. Hierdie konsep bepaal dat slegs die reguitlynmetode van amortisering gebruik mag word.

2.8.4 EUROPESE GEMEENSAP

Die Vierde Riglyn van die Europese Gemeenskapsmark is in 1978 gepubliseer. Volgens Holgate (1990:10-11) het dit bepaal dat klandisiewaarde afgeskryf moet

word oor nie langer as 5 jaar nie. Indien 'n langer periode wel gebruik is, moes dit geopenbaar word met redes waarom 'n tydperk langer as 5 jaar gebruik is.

Die Vierde Riglyn is van toepassing op die volgende Europese lande: België, Denemarke, Frankryk, Duitsland, Ierland, Italië, Luxemburg, Nederland en die Verenigde Koninkryk.

Volgens Jones en Mellet (1999:76) is die algehele uitwerking van die Vierde en Sewende Riglyn tans dat individuele lande oor aansienlike vryheid beskik met betrekking tot die hantering van klandisiewaarde. Maatskappye kan klandisiewaarde as 'n bate erken en oor vyf jaar amortiseer of die lidland kan ook 'n langer amortisasietydperk kies. Alternatiewelik kan klandisiewaarde afgeskryf word teen reserwes.

2.8.5 VERENIGDE KONINKRYK

Volgens Van der Merwe (1996:104) is "Exposure Draft 3, Acquisitions and Mergers", uitgereik in Januarie 1971, die eerste standpunt wat die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde in die Verenigde Koninkryk aangespreek het. Dit het voorgestel dat klandisiewaarde met verkryging teen aandeelhouersekwhiteit afgeskryf word.

In Junie 1980 het die Accounting Standards Committee "Accounting for Goodwill – A Discussion Paper" gepubliseer wat voorgestel het dat klandisiewaarde nie as 'n permanente item gehanteer moet word nie, maar geamortiseer moes word oor sy nuttige lewensduur. Die tydperk van amortisasie moes nie 40 jaar oorskry nie. Volgens Holgate (1990:11) was die voorstelle in die dokument baie dieselfde as die VSA se vereistes wat in APB 17 uiteengesit is.

In Oktober 1980 is "Exposure Draft No. 30, Accounting for Goodwill" uitgereik wat voorgestel het dat klandisiewaarde verwyder word van die balansstaat deur 'n onmiddellike afskrywing teen reserwes of amortisering. 'n Maksimum periode van amortisering van 20 jaar is gestel (Holgate, 1990:12).

In Desember 1984 is SSAP 22, "Statement of Standard Accounting Practice No. 22, Accounting for Goodwill" gepubliseer. Volgens Holgate (1990:13) het hierdie standaard dieselfde hantering van klandisiewaarde voorgestel as ED 30, behalwe dat die maksimum periode van amortisasie van 20 jaar weggeval het. Na die uitreiking van hierdie standpunt kon klandisiewaarde nie permanent as 'n bate op die balansstaat behou word nie.

In April 1985 is SSAP 23, "Statement of Standard Accounting Practice No. 23, Accounting for Acquisitions and Mergers" uitgereik wat die begrip "samesmeltingsrekeningkunde" bekend gestel het en basies dieselfde was as die "vereniging van belange"-metode in Amerika. Indien daar nie voldoen is aan die kriteria vir 'n samesmelting nie, was die besigheidsamevoeging 'n verkryging en kom klandisiewaarde ter sprake. Volgens Holgate (1990:15) het die bepaling van SSAP 23 die uitwerking gehad dat dit inderdaad opsioneel was of klandisiewaarde ontstaan tydens 'n besigheidskombinasie of nie. Verder het die bepaling van SSAP 22 dit ook opsioneel gemaak of klandisiewaarde op die balansstaat getoon moes word of nie.

In September 1988 het die Accounting Standards Board die konsep "Exposure Draft No. 44, Accounting for Goodwill – Additional Disclosures" uitgereik. Volgens Van der Merwe, (1996:112-113) was die belangrikste voorstelle daarin die volgende:

- Dat die volle bedrag van aangekoopte klandisiewaarde ten alle tye getoon moes word.
- Dat die volgende openbaarmaking gedoen moes word by die verkoop van 'n voorheen verkrygte besigheid/besigheidsegment:
 - Wins of verlies wat ontstaan;
 - waar dit plaasvind binne 3 jaar vanaf die verkryging, die bedrag toeskryfbaar aan aangekoopte klandisiewaarde afgeskryf teen reserwes; en
 - besonderhede waar die opbrengs verantwoord is as 'n vermindering van

die verkrygingskoste.

- Waar klandisiewaarde geamortiseer word, behoort die verdienste per aandeel voor en na die amortisering geopenbaar te word.

SSAP 22 is in Julie 1989 gewysig om die bogenoemde voorstelle in te sluit. Die derde punt is egter weggelaat.

Ontevredenheid oor SSAP 22 het steeds in Brittanje geheers. In 'n poging om in ooreenstemming met internasionale praktyk te kom, het die Accounting Standards Committee ED No. 47, "Accounting for Goodwill" op 1 Februarie 1990 uitgereik. Hierin is die opsie om klandisiewaarde onmiddellik teen reserwes af te skryf, tersyde gestel. Volgens Van der Merwe (1996:113-114) het hierdie voorstel weer eens hewige teenkanting uitgelok. Hoewel daar algemeen aanvaar is dat die onmiddellike afskrywing-opsie ernstige verwringing van gerapporteerde verdienste tot gevolg gehad het, was die hoofkritiek gemik teen die voorgestelde amortisasieperiode van 20 jaar wat as arbitrêr beskou is.

In 1991 het die Accounting Standards Board 'n "Urgent Issues Task Force Abstract 3, Treatment of Goodwill on disposal of a business" (UITF 3) uitgereik. Hierin is die vraag aangespreek hoe die wins of verlies met die verkoop van 'n filiaal bepaal moet word waar aangekoopte klandisiewaarde voorheen teen reserwes afgeskryf is ingevolge SSAP 22. Volgens Van der Merwe (1996:114-115) het UITF 3 bepaal dat die wins of verlies die toeskryfbare gedeelte klandisiewaarde moes insluit indien dit voorheen teen reserwes afgeskryf is.

Die Accounting Standards Board het in Desember 1993 die besprekingsdokument, "Goodwill and Intangible Assets – A Discussion Paper" uitgereik. Volgens Van der Merwe (1996:115-116) is daar in hierdie dokument vier basiese metodes vir die hantering van klandisiewaarde bespreek:

- Amortisering oor 'n voorafbepaalde nuttige lewensduur. Die geamortiseerde drawaarde word jaarliks hersien vir verhaalbaarheid;
- amortisering deur die toepassing van sistematiese jaarlikse

hersieningsprosedures om die jaarlikse amortiseringsbedrae te beraam;

- onmiddellike afskrywing teen reserwes;
- klandisiewaarde word dadelik met verkryging na 'n afsonderlike klandisiewaarde afskrywingsreserwe oorgedra.

'n Verdere besprekingsdokument, "Goodwill and Intangible Assets – Working paper for discussion at public hearing", is in Junie 1995 deur die Accounting Standards Board uitgereik. Hierdeur wou die Raad die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde en ontasbare bates sover as moontlik in ooreenstemming met mekaar kry. Van die belangrikste punte volgens Fisher (1995:28) was:

- Klandisiewaarde wat 'n onbeperkte leeftyd het, behoort nie geamortiseer te word nie;
- die klandisiewaardesaldo moet jaarliks hersien word vir 'n vermindering in waarde. Die omvang van die hersiening moet meer volledig wees in die geval van klandisiewaarde met 'n verwagte leeftyd langer as 20 jaar;
- 'n weerlegbare aanname dat klandisiewaarde'n beperkte leeftyd het wat nie langer as 20 jaar is nie.

In Junie 1996 het die Accounting Standards Board die konsep FRED 12, "Goodwill and Intangible Assets" uitgereik. Volgens Stevenson (1996:22) het hierdie konsep voorgestel dat klandisiewaarde as 'n bate erken en geamortiseer moet word indien:

- die nuttige lewensduur daarvan minder as 20 jaar is;
- die waarde van die klandisiewaarde nie beduidend is nie; of,
- hoewel dit 'n nuttige lewensduur van langer as 20 jaar het, dit steeds 'n beperkte lewensduur het.

Indien nie een van bogenoemde van toepassing was en daar geen inperking in die waarde daarvan was nie, kon klandisiewaarde teen oorspronklike kosprys gedra word, sonder enige amortisering, op voorwaarde dat 'n jaarlikse

inperkingstoets uitgevoer word.

Die voorstelle in FRED 12 is deur die meerderheid van die kommentators ondersteun en in Desember 1997 het FRED 12, FRS 10 geword (Brown, 1997:61).

Volgens Jones en Mellet (1999:76) moet maatskappye vir rekeningkundige periodes wat op of na 23 Desember 1998 eindig, die bepalings van FRS 10 volg. Hiervolgens mag maatskappye nie meer klandisiewaarde teen reserwes afskryf nie. Klandisiewaarde moet as 'n bate erken word. Daar bestaan 'n weerlegbare veronderstelling dat die nuttige ekonomiese lewensduur van die klandisiewaarde twintig jaar is. Indien die maatskappy verkies om hierdie veronderstelling te weerlê, mag die klandisiewaarde oor 'n langer nutsduur geamortiseer word, op voorwaarde dat jaarlikse inperkingstoetse uitgevoer word. Indien die klandisiewaarde 'n onbeperkte ekonomiese lewensduur het, hoef dit nie geamortiseer te word nie, maar is dit steeds onderhewig aan jaarlikse inperkingstoetse. Volgens Brown (1997:61) vereis die wet dat klandisiewaarde geamortiseer word. Nie-amortisasie kan slegs geregverdig word indien dit noodsaaklik is ten einde 'n betroubare en redelike weergawe te verskaf. Indien die klandisiewaarde dus nie geamortiseer word nie, moet daar geopenbaar word dat die maatskappy gebruik gemaak het van die wet se uitsonderingsbepalings ter wille van 'n betroubare en redelike weergawe.

Volgens Brown (1998:61) bepaal FRS 10 dat klandisiewaarde wat onder die vorige SSAP 22 teen reserwes afgeskryf is, nie teruggeskryf hoef te word nie. Klandisiewaarde wat egter so gelaat word, mag nie in 'n afsonderlike klandisiewaarde afskrywingsreserwe verskyn nie. Dit moet of in die inkomstestaat of teen 'n ander reserwe afgeskryf word.

Skrywers soos Paterson (1998:124) het reeds hulle bedenkinge oor FRS 10 uitgespreek. In besonder word die konsepsuele korrektheid van die opsie om klandisiewaarde teen oorspronklike kosprys te dra, bevraagteken. In hoofstuk 3 sal gekyk word na die rede waarom dit as 'n twyfelagtige praktyk beskou word.

Verder spreek Paterson ook sy kommer uit oor die metodologie van die inperkingstoetse: "The required process applies labyrinthine methodology to very soft numbers..." Paterson (1998:125) is skepties oor die werkbaarheid van die inperkingstoetse in die praktyk, gegewe die ingewikkeldheid en subjektiwiteit van die berekeninge en hy verwag dat FRS 10 binnekort vervang sal word.

2.8.6 KANADA

In Kanada word die rekeningkundige hantering van aangekoopte klandisiewaarde gereguleer deur Artikel 1580 van die Canadian Institute of Chartered Accountant's Handbook (Van der Merwe 1996:102).

Volgens Wium (1993:27) glo die Kanadese Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters dat klandisiewaarde nie 'n onbeperkte leeftyd het nie en dat aangekoopte klandisiewaarde geleidelik verdwyn. Klandisiewaarde behoort dus geamortiseer te word. Die vastepaaiement-metode word aanbeveel en die amortiseringstydperk moet nie veertig jaar oorskry nie. Klandisiewaarde mag nie afgeskryf word teen reserwes of getoon word as 'n aftrekking van aandeelhouersekwhiteit nie. Indien daar egter 'n permanente waardedaling voorkom, moet dit as 'n buitengewone of abnormale item in die inkomstestaat afgeskryf word.

2.8.7 NIEU-SEELAND

In September 1980 is die verslag, "Research Bulletin - Accounting for Goodwill (R-112)" deur die New Zealand Society of Accountants gepubliseer. Stewart (1980), wat die navorsing gedoen het, se slotsom was dat klandisiewaarde geamortiseer moet word oor die nuttige ekonomiese lewensduur daarvan (Van der Merwe, 1996:125).

"Statement of Standard Accounting Practice No. 8 – Accounting for Business Combinations (SSAP 8)" is in Julie 1987 deur die New Zealand Society of Accountants uitgereik, maar is sedertdien weer gewysig ten einde ED 43 in te

sluit. In Julie 1988 het die New Zealand Society of Accountants "Exposure Draft No. 43, Accounting for Intangibles (ED 43)" uitgereik (Van der Merwe, 1996:126). Volgens Wium (1993:28) het hierdie standpunt aanbeveel dat aangekoopte klandisiewaarde geamortiseer moes word omrede dit 'n beperkte lewensduur het. Die amortisasieperiode moes nie 20 jaar oorskry nie. Klandisiewaarde behoort gereeld hersien te word en indien daar 'n permanente daling in die waarde van die klandisiewaarde was, moes dit onmiddellik in die inkomstestaat afgeskryf word. In 1990 is SSAP 8 ingevolge die bepalings van ED 43 hersien en is laasgenoemde sowel as R-112 onttrek.

2.8.8 STANDPUNTE VAN DIE IASC

In 1983 is "International Accounting Standard No. 22 (IAS 22), Business Combinations" uitgereik. Hierdie standpunt het twee metodes toegelaat:

- Die onmiddellike afskrywing van klandisiewaarde of aanpassing van aandeelhoudersbelang.
- Amortisering van klandisiewaarde oor die geraamde nuttige lewensduur daarvan.

Die standpunt is in 1993 hersien. Hiervolgens moes klandisiewaarde oor 5 jaar geamortiseer word, tensy 'n periode wat nie 20 jaar oorskry nie, geregverdig kon word. Die onmiddellike afskrywing van klandisiewaarde teen aandeelhouersekwhiteit was volgens Price Waterhouse Meyernel (1995:34) dus nie meer 'n aanvaarbare metode nie.

IAS 22 is weer in 1998 hersien. Hiervolgens behoort die amortisasietydperk nie 20 jaar te oorskry nie, tensy 'n langer periode geregverdig kan word. In so 'n geval moet jaarlikse inperkings-toetse uitgevoer word (Jones en Mellet, 1999:76). Volgens Rivat (1997:68) glo die International Accounting Standards Committee dat klandisiewaarde 'n beperkte lewensduur het en dus altyd geamortiseer moet word. Dit kan nie permanent as 'n bate behou of onmiddellik afgeskryf word nie.

2.9 OPSOMMINGSTABEL VAN METODEDES WAT TANS INTERNASIONAAL GEBRUIK WORD

Tabel 2.2: Die huidige internasionale hantering van klandisiewaarde.

Land	Standpunt	Hantering van klandisiewaarde
Verenigde State van Amerika	APB 17	Amortiseer klandisiewaarde oor 'n maksimum tydperk van 40 jaar.
Verenigde Koninkryk	FRS 10	Amortiseer klandisiewaarde. 'n Weerlegbare veronderstelling bestaan dat die nutsduur van die klandisiewaarde twintig jaar is. Indien klandisiewaarde 'n onbeperkte lewensduur het, hoef geen amortisering plaas te vind nie. In so 'n geval moet jaarlikse inperkingstoetse uitgevoer word.
Europese Gemeenskap	Vierde Riglyn	Amortiseer klandisiewaarde oor 5 jaar of skryf dit af teen reserwes.
IASC (Internasionaal)	IAS 22	Amortiseer klandisiewaarde. 'n Weerlegbare veronderstelling bestaan dat die nutsduur van klandisiewaarde nie 20 jaar sal oorskry nie.
Australië	AASB 18	Amortiseer klandisiewaarde oor 20 jaar op die reguitlyn-grondslag.
Kanada	Artikel 1580	Amortiseer klandisiewaarde op die reguitlyn-grondslag oor 'n tydperk wat nie 40 jaar oorskry nie.
Nieu-Seeland	SSAP 8	Amortiseer klandisiewaarde oor 20 jaar.
Suid-Afrika	RE 131	(Het op 1 Januarie 2000 in werking getree) Amortiseer klandisiewaarde. 'n Weerlegbare veronderstelling bestaan dat die nutsduur van klandisiewaarde nie langer as 20 jaar sal wees nie.

Dit blyk dat al die lande (behalwe die Verenigde Koninkryk) met die IASC

ooreenstem in dié opsig dat klandisiewaarde geamortiseer moet word. In die Verenigde Koninkryk mag maatskappye egter, onder sekere omstandighede, klandisiewaarde teen oorspronklike kosprys toon. Die amortisasie-tydperke van veertig jaar wat in die VSA en Kanada toegelaat word, is ook heelwat langer as ander lande en die IASC se twintig jaar.

2.10 HISTORIESE AGTERGROND: DIE UITWERKING VAN DIE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE OP MAATSKAPPYE SE FINANSIËLE POSISIE EN RESULTATE

Aan die begin van hierdie hoofstuk is daar gekyk na die historiese ontwikkeling ten opsigte van die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde. Kernvrae waar rondom die polemieë oor die hantering van klandisiewaarde gedraai het, is uitgelig.

Hierdie gedeelte van die hoofstuk handel oor die uitwerking van die hantering van klandisiewaarde op die finansiële jaarstate en resultate van maatskappye. 'n Historiese agtergrond van die uitwerking wat die hantering van klandisiewaarde op die finansiële jaarstate en resultate van maatskappye die afgelope 68 jaar gehad het, word geskets. Hierdeur word gepoog om duidelik te toon:

- dat die verskillende metodes van hantering van klandisiewaarde, uiteenlopende finansiële jaarstate en resultate tot gevolg het; en
- wat die verband tussen sekere metodes van hantering en die gevolglike uitwerking op finansiële jaarstate is.

2.10.1 DIE TYDPERK VANAF 1930 TOT 1944

Konserwatiwiteit het in die Rekeningkunde hoogty gevier gedurende en net na die Groot Depressie. Vanaf 1930 tot 1944 het maatskappye probeer om klandisiewaarde so gou as moontlik van die boeke af te kry. Verskillende metodes kon daarvoor gebruik word en die uitwerking van elke metode op die

finansiële state is soos volg deur Hughes (1982:96) uiteengesit:

Indien kapitaalreserwes gedebiteer is met 'n diskresionêre afskrywing van klandisiewaarde, sou die huidige en toekomstige resultate van die maatskappy 'n oënskynlike verbetering toon. As die afskrywings daarteenoor in die inkomstestaat geamortiseer sou word, sou die inkomstestaat en verhoudingsyfers soos verdienste per aandeel, opbrengs op totale bates, en opbrengs op ekwiteit, heelwat swakker gelyk het. Die laaste twee syfers word boonop verbeter deur een verdere aspek: die afskrywing verminder die noemer van die breuk wat gebruik word om die berekening te doen. Maatskappye het dus verkies om klandisiewaarde af te skryf teen reserwes.

Sekere skrywers het egter daarop gewys dat hierdie opsie nie noodwendig 'n redelike weergawe van die finansiële posisie en resultate van 'n maatskappy tot gevolg het nie. Volgens Marple (1938, soos aangehaal deur Hughes, 1982:96), verteenwoordig kapitaalsurplus en aandelekapitaal die totale waarde van bates bygedra deur die aandeelhouders. Hierdie rekening behoort slegs vermeerder te word indien addisionele kapitaal bygedra word of opgelope verdienste gekapitaliseer word, en behoort verminder te word indien kapitaal teruggegee word aan aandeelhouders. Behoue verdienste verteenwoordig toenames in die maatskappy se netto waarde uitgesluit bydraes van aandeelhouders – die netto waarde bygevoeg deur die onderneming in plaas van die aandeelhouders. Bate-afskrywings is 'n gevolg van die aktiwiteite van die onderneming en is nie 'n teruggawe van kapitaal aan die aandeelhouders nie. Indien klandisiewaarde afgeskryf word teen kapitaalsurplus, verteenwoordig kapitaal nie meer slegs transaksies met aandeelhouders nie, en sluit behoue verdienste nie alle transaksies in wat 'n gevolg is van sakebedrywighede nie.

Wanneer kapitaalsurplus gebruik word vir bate-afskrywings, word behoue verdienste getoon teen 'n groter syfer as andersins. Soos Paton (1932:267) gesê het (hoewel in verband met die afskrywing van aanlegbates):

“Popular procedure makes it quite possible for the management to

eliminate all trace of the unpleasant events from the picture and in many cases in fact the entire adjustment leaves the concern, for good measure, with a nice fat [earned] "surplus" account; and this undoubtedly suggests to the average person examining the revised statement (and is intended to so suggest) that far from having been down in the dumps the concern has just concluded an era of profitable operation."

Hughes (1982:97) het daarop gewys dat die direkte afskrywing van klandisiewaarde teen behoue verdienste tot gevolg gehad het dat belangrike inligting in finansiële state ontbreek het:

"Charges made directly to earned surplus caused important events to be omitted from the statements, and information on these transactions had to be found elsewhere."

Maatskappye het dus gedurende hierdie tydperk verkies om klandisiewaarde teen kapitaal en reserwes af te skryf. Hierdie hantering het die resultate van die maatskappye heelwat beter laat vertoon. Kommer is egter deur sekere skrywers uitgespreek dat hierdie praktyk nie 'n redelike weergawe van die maatskappy se finansiële stand en resultate tot gevolg gehad het nie.

2.10.2 DIE TYDPERK VANAF 1945 TOT 1957

Gedurende 1945 tot 1957 het die klem op amortisering begin val (verwys na onderafdeling 2.6) en is diskresionêre afskrywings buite-om die inkomstestaat verbied. Hughes (1982:121) het die volgende geval geskets: Aanvaar dat 'n maatskappy die verkryging van 'n ander maatskappy wat oor aansienlike klandisiewaarde beskik, oorweeg. Die verkrygende maatskappy beskik oor twee alternatiewe vir die hantering van klandisiewaarde: amortisering of permanente retensie. Amortisering, die aanbevole hantering deur Bulletin Nr. 43 (uitgereik deur die Amerikaanse Instituut van Rekenmeesters), het 'n aantal nadele ingehou vir ontledings van die balansstaat, inkomstestaat en verskeie

verhoudingsgetalle. Eerstens verminder die hantering die gerapporteerde verdienste - wat op sy beurt die verdienste per aandeel en wins as 'n persentasie van netto bates en totale bates verminder. Maar aangesien netto bates en totale bates selfs meer word deur die insluiting van klandisiewaarde, sal die laasgenoemde twee verhoudingsgetalle verder verswak. Indien klandisiewaarde onbepaald teen koste behou word, sal die gerapporteerde netto inkomste en verdienste per aandeel nie beïnvloed word nie, hoewel die opbrengs op netto bates en totale bates ook 'n daling sal toon as gevolg van die insluiting van klandisiewaarde op die balansstaat. Die aanbevole hantering volgens die standpunt van rekeningkundige beginsels (amortisering) verskaf dus minder gunstige resultate.

Volgens Hughes (1982:122) kon die maatskappy, onder die vorige Bulletin Nr. 24, klandisiewaarde onmiddellik met verkryging teen kapitaalsurplus of behoue verdienste afskryf. Hoewel hierdie praktyk afkeurenswaardig was, was die uitwerking op al die finansiële maatstawwe voorheen genoem, baie gunstiger, aangesien netto inkomste en verdienste per aandeel nie verminder is nie en netto en totale bates nie belas is met 'n aansienlike ontasbare bate nie. Aangesien diskresionêre afskrywings deur Bulletin Nr. 43 verbied is, moes maatskappye wat verkrygings wou doen na 'n ander manier soek om die gevolge van die erkenning van klandisiewaarde te vermy. Samesmeltingsrekeningkunde het hierdie geleentheid gebied. Samesmeltingsrekeningkunde sal later bespreek word.

Gedurende hierdie tydperk het standaardstellers dus die wanpraktyke van die dertiger- en veertigerjare begin hokslaan en is onmiddellike afskrywings van klandisiewaarde teen kapitaal en reserwes verbied. Opstellers van finansiële state het egter nie hiermee genoeg geneem nie, aangesien die maatskappye se resultate nie meer opgekikker kon word deur die ou omstrede hantering van klandisiewaarde nie. Die gevolg hiervan was dat maatskappye na ander metodes vir die hantering van klandisiewaarde begin soek het.

2.10.3 DIE TYDPERK VANAF 1958 TOT 1980

Gedurende 1958 tot 1980 het die hantering van klandisiewaarde al hoe meer aandag begin trek. Volgens Hughes (1982:140) het die hoë en wisselende aandeelpryse op die beurs 'n invloed op klandisiewaarde gehad. Indien 'n verkrygende maatskappy 'n groot hoeveelheid van sy oorgewaardeerde aandele in ruil vir al die aandele of beherende belang in 'n ander maatskappy gegee het, kon die verskil tussen die markwaarde van die verkrygte maatskappy se bates en die koopsom baie groot wees. Die hantering van hierdie verskil as klandisiewaarde en die daaropvolgende amortisering kon die gerapporteerde verdienste en verdienste per aandeel drasties negatief beïnvloed. Indien, deur verskeie maneuvers, die transaksie as 'n vereniging van belange in plaas van 'n verkryging verantwoord kon word, kon hierdie gevolge vermy word.

In 1967 is "Accounting Practice Board Opinion No. 9" in Amerika uitgereik. Volgens Hughes (1982:141) het Deel 1 van hierdie standpunt, "Net Income and the Treatment of Extraordinary Items and Prior Period Adjustments" 'n belangrike uitwerking gehad op die afskrywing van klandisiewaarde. Voorheen kon klandisiewaarde gedeeltelik afgeskryf word teen behoue verdienste (indien die waarde daarvan gedaal het), sodat die groot afskrywing nie die inkomstestaat sou verwing nie. Verder kon die bate heeltemal afgeskryf word teen behoue verdienste indien dit sou blyk dat dit heeltemal waardeloos geraak het. "Accounting Practice Board Opinion No. 9" het bepaal dat alle items van wins en verlies, insluitend dié wat geklassifiseer kon word as buitengewone items, weerspieël moes word in netto inkomste. Hierdie kriteria het die afskrywing van klandisiewaarde teen behoue verdienste tersyde gestel. Afskrywings moes nou teen huidige inkomste geskied.

In hierdie tydperk het kwaai prysstygings op die Amerikaanse aandelebeurs die kalklig weer eens op die hantering van klandisiewaarde laat val. Die voorgeskrewe metode van hantering van klandisiewaarde, naamlik amortisering, het 'n nadelige invloed op maatskappyverdienste gehad. Wanneer besigheidsamevoegings dus oorweeg is, is deeglike oorweging geskenk aan die

gevolglike rekeningkundige verantwoording van klandisiewaarde, want maatskappye wou ten alle koste die nadelige uitwerking van die amortisering daarvan op resultate vermy. Boonop het APB 9 die skroewe op groot afskrywings van klandisiewaarde as 'n buitengewone item teen behoue verdienste verder vasgedraai. Hierdie druk het maatskappye genoop om hulle te wend tot alternatiewe metodes vir die hantering van klandisiewaarde. Die gebruik van samesmeltingsrekeningkunde was 'n gewilde alternatief.

2.10.4 DIE TYDPERK VANAF 1980 TOT 1998

In die mees onlangse geskiedenis, is die Britse maatskappy Saatchi & Saatchi 'n goeie voorbeeld van die invloed wat die hantering van klandisiewaarde op 'n maatskappy se verdienste kan hê. Volgens Rutteman (1990:57) was die 1987-gerapporteerde verdienste van hierdie maatskappy, nadat klandisiewaarde teen aandeelpremie afgeskryf is, dubbeld soveel as wat dit sou wees indien dit geamortiseer moes word oor 40 jaar. Die uitwerking op die balansstaat is selfs groter. Die aandeelhouersekuiteit is \$65,3 miljoen, in vergelyking met die \$1020,2 miljoen, wat dit sou wees indien onmiddellike afskrywing nie toegelaat is nie. Die uitwerking is nog meer ooglopend in die state van WPP Group Plc waar, na die verkryging van J. Walter Thompson en ander maatskappye, die klandisiewaarde afgeskryf groter was as aandeelhouersekuiteit. In hierdie geval het die gekonsolideerde balansstaat negatiewe netto bates getoon.

Verder lei 'n verlaging in verdienste tot 'n ooreenstemmende verlaging in verhoudingsgetalle, soos die opbrengs op kapitaal aangewend. Hotopf (soos aangehaal deur Gouws, 1990:88) het die feit benadruk deur weer eens die voorbeeld van Saatchi & Saatchi te gebruik. Laasgenoemde se opbrengs op kapitaal vir die 1989-finansiële jaar het 71% beloop voor die amortisering van klandisiewaarde en 10,3% na amortisering.

In hoofstuk 5 sal daar gewys word op die invloed wat die verskillende metodes van hantering van klandisiewaarde op Suid-Afrikaanse maatskappy-resultate van 1998 sou gehad het. Daaruit sal dit blyk hoe drasties maatskappye se resultate

beïnvloed kan word deur verskillende metodes toe te pas by die hantering van klandisiewaarde.

Rutteman (1990:52) meen dat maatskappye verkies om klandisiewaarde teen reserwes af te skryf omdat hulle graag hul verdienste per aandeelsyfer wil beskerm:

“In practice companies have tended to adopt the ‘instant write-off to reserves’ policy largely because it shows a higher earnings per share than would be the case if goodwill were to be amortised.”

Met verwysing na Saatchi & Saatchi, wys Rutteman (1990:57) daarop dat maatskappye 'n groot aansporing het om die klandisiewaardesyfer wat ontstaan met verkryging, soveel as moontlik te beperk, omdat hulle onwillig is om dit te amortiseer, en onmiddellike afskrywing die balansstaat verwring.

Dit is dus duidelik waarom die amortisering van klandisiewaarde, wat lei tot 'n verlaging in verdienste, teenstand van bestuur sal ontvang. Verder blyk dit ook duidelik uit die voorafgaande dat die invloed van die hantering van klandisiewaarde op die verdienste en verhoudingsgetalle van maatskappye nog altyd belangrike oorwegings was met die keuse van 'n rekeningkundige beleid.

Die vraag wat nou ontstaan, is waarom die uitwerking van die hantering van klandisiewaarde so belangrik is vir bestuurders. In hoofstuk 4 sal daar meer aandag aan hierdie saak geskenk word.

Vervolgens sal daar in hoofstuk 3 na klandisiewaarde vanuit 'n Rekeningkundige oogpunt gekyk word, hoe dit ontstaan en wat die konsepsuele korrekte hantering daarvan is.

HOOFSTUK 3

DIE REKENINGKUNDIGE ONTSTAAN EN HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE

3.1 INLEIDING

Davis (1992:77) kan seker nie verkwalik word dat hy die volgende stelling aangaande klandisiewaarde gemaak het nie:

“Goodwill probably is the most intangible of intangibles because it is difficult to determine just exactly what it is.”

Klandisiewaarde kan voorwaar as die “grys area” van rekeningkunde bestempel word. Die doel van hierdie hoofstuk is om op die begrip klandisiewaarde en in besonder aangekoopte klandisiewaarde te fokus. Hierdie rekeningkundige begrip sal vanuit die literatuur in 'n duideliker perspektief gestel word. Nadat die historiese ontwikkeling van die hantering van klandisiewaarde in die vorige hoofstuk geskets is, sal daar in hierdie hoofstuk verder ingegaan word op die verskillende metodes waarvolgens klandisiewaarde gehanteer kan word en hoe die verskillende metodes binne die rekeningkundige raamwerk pas.

3.2 DIE DEFINISIE VAN KLANDISIEWAARDE

RE 131.42 beskryf klandisiewaarde voortspruitend uit 'n verkryging soos volg:

“Enige surplus van die koste van die verkryging bo die verkryger se belang in die billike waarde van die identifiseerbare bates en laste

151 554 32

verkry soos op die datum van die ruiltransaksie moet as klandisiewaarde beskryf en as 'n bate erken word."

Hierdie omskrywing is presies dieselfde as die internasionale standaard se omskrywing van klandisiewaarde.

Hughes (1982:7) het klandisiewaarde soos volg gedefinieer:

"Goodwill may be thought of as the differential ability of one business, in comparison with another or an assumed average firm, to make a profit."

Van der Merwe (1996:59) het in sy verhandeling, "Accounting for goodwill: a critical evaluation", gesê wat klandisiewaarde nie is nie: Klandisiewaarde is nie die verskil tussen die koopsom en die billike waarde van die netto identifiseerbare bates nie; klandisiewaarde is nie die verskil tussen die waarde van die besigheid as geheel en die waarde van sy netto skeibare bates nie; klandisiewaarde is nie die huidige waarde van die verwagte toekomstige surplus winste nie en klandisiewaarde is nie die premium betaal deur 'n houermaatskappy vir die aandele van sy gekonsolideerde filiale nie. Van der Merwe (1996:43) som uiteindelik die ware aard van klandisiewaarde soos volg op:

"Goodwill is an intangible asset, inseparable from the business as a whole, representing various intangible factors contributing to the enterprise's earning capacity and providing returns in excess of a normal return on assets employed, for which an acquiring enterprise is willing to pay an amount in excess of the fair value of the identifiable net assets acquired. These intangible factors differ from one enterprise to another but can include items such as a superior management team, harmonious labour relations, favourable location, unique production process, a good business reputation, established clientele etc."

'n Verslag deur Arnold en andere (1992:21) het bevind dat klandisiewaarde uit drie komponente bestaan, naamlik:

- die redelike waarde van afsonderlik identifiseerbare bates;
- die huidige waarde van voordele wat sal voortspruit uit sinergie en markongelykhede, byvoorbeeld 'n monopolie-posisie of "barriers to entry";
- oor- en onderbetalings.

Aangesien hierdie verhandeling gerig is op die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde en die invloed daarvan op maatskappy-resultate, sal daar vir die res van hierdie studie verwys word na klandisiewaarde in 'n rekeningkundige konteks. Klandisiewaarde is dus "die surplus van die koste van die verkryging bo die verkryger se belang in die billike waarde van die identifiseerbare bates en laste verkry", soos omskryf deur RE 131.42.

3.3 INTERN GEGENEREERDE TEENoor AANGEKOOPTe KLANDISIEWAARDE

Hierdie studie handel slegs oor die rekeningkundige hantering van aangekoopte klandisiewaarde en nie oor die rekeningkundige verantwoording van intern gegenerende klandisiewaarde nie. Alvorens die ontstaan van aangekoopte klandisiewaarde bespreek word, sal daar eers kortliks gekyk word na intern gegenerende klandisiewaarde en die huidige praktyke ten opsigte van die hantering daarvan.

Intern gegenerende klandisiewaarde voldoen net soos aangekoopte klandisiewaarde aan die definisie van 'n bate volgens RE 131. Dit is 'n hulpbron onder die beheer van die maatskappy as gevolg van gebeure in die verlede en dit sal na verwagting tot die invloei van toekomstige ekonomiese voordele lei. Hoewel intern gegenerende klandisiewaarde dus voldoen aan die definisie van 'n bate, moet dit eers voldoen aan die erkenningsmaatstawwe ingevolge RE 131 voordat dit as 'n bate op die balansstaat erken kan word.

Volgens RE 000 paragraaf 83 behoort 'n item wat aan die omskrywing van 'n element voldoen, slegs erken te word indien:

- dit waarskynlik is dat enige toekomstige ekonomiese voordeel verbonde aan die item na of uit die onderneming sal vloei; en
- die item 'n koste of waarde het wat betroubaar gemeet kan word.

Intern gegenerende klandisiewaarde voldoen aan die eerste, maar nie aan die tweede voorwaarde nie, aangesien die koste of waarde wat toeskryfbaar is aan klandisiewaarde wat intern gegenerer word, nie betroubaar gemeet kan word nie. Daarom kan intern gegenerende klandisiewaarde nie as 'n bate in die balansstaat erken word nie. Dit is ook die standpunt wat deur die Accounting Standards Committee van die Verenigde Koninkryk gehuldig word in ED 47.

RE 129 paragraaf 37 bepaal dan ook dat intern gegenerende klandisiewaarde nie as 'n bate erken behoort te word nie. Die volgende verduideliking word in paragraaf 38 verskaf:

“In sommige gevalle word uitgawes aangegaan om toekomstige ekonomiese voordele te genereer, maar dit lei nie tot die skep van 'n ontasbare bate wat aan die erkenningsmaatstawwe van hierdie standpunt voldoen nie. So 'n uitgawe word dikwels beskryf as bydraend tot intern gegenerende klandisiewaarde. Intern gegenerende klandisiewaarde word nie as 'n bate erken nie omdat dit nie 'n identifiseerbare bron is wat deur die onderneming beheer word en wat betroubaar teen kosprys gemeet kan word nie.”

ED 47, uitgereik deur die Accounting Standards Committee in 1990, stel dit soos volg:

“Internally generated goodwill should not be recognized and included in the balance sheet. In a cost-based accounting model it does not pass the criteria for recognition in the balance sheet because neither its cost nor the transaction that gives rise to it can

be identified.” (Davis 1992:78)

Vervolgens sal die ontstaan van aangekoopte klandisiewaarde onder die loep geneem word.

Griffiths (1987, soos aangehaal deur Gouws, 1990:39) het dit gestel dat klandisiewaarde sy bestaan slegs aan die obsessie van rekenmeesters dat daar vir elke debiet 'n krediet moet wees, te danke het.

Jones en Mellet (1999:76) stel dit soos volg:

“Goodwill is a by-product of the accounting double-entry for groups – the difference between the price paid for an acquired company and the value of the assets. It is a debit balance that rather uneasily needs to be incorporated into the accounts.”

Volgens SSAP 22, uitgereik deur die Accounting Standards Committee in Desember 1984, word aangekoopte klandisiewaarde gedefinieer as klandisiewaarde wat as gevolg van die verkryging van 'n besigheid ontstaan. Klandisiewaarde wat met konsolidasie ontstaan is een vorm van aangekoopte klandisiewaarde.

Aangekoopte klandisiewaarde ontstaan dus hoofsaaklik op twee maniere:

- As gevolg van 'n direkte besigheidskombinasie (Van der Merwe, 1996:8), byvoorbeeld:
 - met die aankoop van al die bates van 'n besigheid;
 - met die aankoop van 'n lopende saak;
 - met die aankoop van 'n oningelyfde besigheid (Gouws, 1990:45).Die verskil tussen die koopsom en die billike waarde van die netto identifiseerbare bates word dan gehanteer as klandisiewaarde.
- As gevolg van die konsolidasie van 'n houermaatskappy en sy filiale (Van der

Merwe, 1996:8).

Klandisiewaarde wat ontstaan tydens die ekwiteitsverantwoording van geassosieerdes kan ook onder die tweede punt geklassifiseer word (RE 110 en RE 119).

Gouws (1990:45) beskryf die rekeningkundige verantwoording by die verkryging van 'n oningelyfde besigheid soos volg:

- Debiteer die netto identifiseerbare bates verkry, en
- krediteer bank, aandelekapitaal of 'n ander toepaslike rekening betrokke by die vereffening van die koopsom.
- Die netto bates behoort teen hul redelike waarde aangeteken te word. Waar die koopsom die redelike waarde van die netto bates oorskry, sal 'n bykomende debietinskrywing ten bedrae van die oorskot in die klandisiewaarderekening gemaak word. Indien die redelike waarde van die netto bates die koopsom oorskry, sal 'n bykomende kredietinskrywing ten bedrae van die oorskot na die klandisiewaarderekening gemaak word. Dit staan bekend as negatiewe klandisiewaarde.

Opsommend kan gesê word dat slegs aangekoopte klandisiewaarde tans as 'n bate erken word. Aangekoopte en intern gegenereerde klandisiewaarde is inderdaad een en dieselfde ding, maar in die geval van 'n verkryging word 'n koste toegewys aan die klandisiewaarde in die verkrygde onderneming en daarom word slegs die "aangekoopte" klandisiewaarde as 'n bate erken. As gevolg van die transaksie waarin die onderneming as 'n geheel gekoop word, verkry klandisiewaarde 'n koste of waarde wat betroubaar gemeet kan word. Aangesien daar dus sonder twyfel aan die erkenningsmaatstawwe ingevolge RE 000 voldoen is, mag die klandisiewaarde as 'n bate erken word. Daar kan natuurlik geredeneer word dat intern gegenereerde klandisiewaarde ook 'n koste of waarde het wat betroubaar gemeet kan word. Niks verhoed immers die onderneming om deur dieselfde waardasieproses te gaan as wat by 'n verkryging plaasvind nie. Hierdie kwessie val egter buite die bestek van hierdie studie en

sal dus daar gelaat word.

3.4 DIE VERSKILLENDE METODES WAAROP KLANDISIEWAARDE HANTEER KAN WORD.

Die verskillende metodes, volgens Everingham & Watson (1998:230), wat gebruik word vir die hantering van klandisiewaarde, is die volgende:

- Skryf klandisiewaarde teen die aandelepremierekening af;
- toon klandisiewaarde as 'n aftrekking teen aandeelhoudersbelang (swewende debiet);
- toon klandisiewaarde as 'n bate en amortiseer dit oor die verwagte nutsduur daarvan;
- skryf klandisiewaarde af teen reserwes met verkryging;
- toon klandisiewaarde teen oorspronklike kosprys in die finansiële state;

Soos wat 'n mens kon sien in hoofstuk twee, het die strydpunte aangaande die hantering van klandisiewaarde rondom twee vrae gewentel, naamlik: "Is klandisiewaarde 'n bate?" en "Is klandisiewaarde 'n permanente bate of nie?" Die metodes wat hierbo genoem is, vloei dus almal voort vanuit aannames wat ten opsigte van hierdie twee eienskappe van klandisiewaarde gemaak word. Vervolgens sal daar na die verskillende aspekte verbonde aan die onderskeie metodes gekyk word.

3.4.1 AFSKRYWING VAN KLANDISIEWAARDE TEEN DIE AANDELEPREMIEREKENING

Volgens Everingham en Watson (1998:231) bestaan daar min twyfel dat die Maatskappywet aandelepremie beskou as 'n kategorie van kapitaal, eerder as om dit as 'n reserwe te beskou en daar kan geen ondersteuning in die literatuur gevind word vir die afskrywing van klandisiewaarde teen kapitaal nie.

'n Argument wat aangevoer word ter regverdiging van hierdie metode is die

volgende:

Waar 'n aandeleruiling betrokke is by 'n verkryging, word daar rekening gehou met die klandisiewaarde van die verkrygende maatskappy wanneer die aandele wat deur hom uitgereik is, gewaardeer word. Volgens Gouws (1990:111) kan hierdie argument egter weerlê word op grond daarvan dat die twee stelde klandisiewaarde heeltemal onverwant is en as sodanig nie teen mekaar verreken behoort te word nie.

Wixley (1974, soos aangehaal deur Gouws, 1990:111) voer aan dat daar weinig regverdiging in die rekeningkundige teorie bestaan vir die aanwending van die aandeelpremierekening vir die afskrywing van klandisiewaarde, veral in die lig van die streng wetlike beperkinge in hierdie verband.

Artikel 76(3) van die Maatskappywet (1973) bepaal uitdruklik waarvoor die aandeelpremierekening aangewend mag word. Die afskrywing van klandisiewaarde is nie een van hierdie aanwendingsmoontlikhede nie. Indien die maatskappy derhalwe hierdie opsie wil benut, sal hy hom moet wend tot die algemene kapitaalverminderingbepalings (Gouws, 1990:112).

Artikels 83 en 84 van die Maatskappywet (1973) laat 'n vermindering van kapitaal toe in gevalle waar al die krediteure van 'n maatskappy toestem tot die vermindering of 'n hofbevel daarvoor verkry word (Alhadeff, 1980:25). Waar hierdie roete gevolg word, is dit ongelukkig so dat die finansiële state die realiteite van die vermindering van aandeelkapitaal ingevolge die Wet moet weerspieël, hoewel hierdie hantering konsepsueel heeltemal verkeerd is (Everingham en Watson, 1998:231).

Alhadeff (1980:21) wys daarop dat artikel 76(2) van die Maatskappywet (1973) die uitwerking het dat, indien die koopsom vereffen word met pariwaarde-aandele, 'n rekeningkundige waarde vir klandisiewaarde slegs sal ontstaan indien klandisiewaarde uitdruklik as 'n bate erken en waardeer word.

Artikel 76(2) bepaal die volgende:

“Wanneer 'n bate teen die uitreiking van aandele van 'n maatskappy verkry word en geen teenprestasie aangeteken word nie, moet die bate aldus verkry, gewaardeer word en as die waarde van die bate meer is as die pari-waarde van die aandele moet die verskil tussen die pari-waarde van die aandele en die waarde van die bate aldus verkry, oorgedra word op die aandeelpremierekening.”

Alhadeff (1980:26) toon aan dat artikel 76(2) op 'n indirekte manier die afskrywing van klandisiewaarde teen die aandeelpremierekening toelaat. Hy gebruik die volgende voorbeeld om dit te illustreer:

Gestel ABC Bpk. koop al die bates en laste van XYZ ('n eenmansaak) waarvan die balansstaat soos volg lyk:

Kapitaal	R10 000
Netto Bates (teen redelike waarde)	R10 000

Die koopsom word vereffen deurdat ABC Bpk. 8000 gewone aandele met 'n pariwaarde van R1 (markwaarde R1,50) uitreik.

Die totale koopsom = $R1,50 \times 8000 = R12\ 000$.

Klandisiewaarde wat ontstaan uit die verkryging = $R12000 - R10000 = R2000$.

Die aandeelpremie wat ontstaan met die uitreiking van die aandele = $8000 \times R0,50 = R4000$.

- Indien artikel 76(2) nie van toepassing is nie, en ABC Bpk skryf die klandisiewaarde teen aandeelpremie af, word die aandeelpremie wat ontstaan met die bogenoemde uitreiking van aandele verminder van R4000 na R2000 en klandisiewaarde word geëlimineer.
- Indien die redelike markwaarde van die netto bates R10000 is en artikel 76(2) word gevolg, word geen klandisiewaarde erken nie. Die aandeelpremie word

erken teen R2000 (R10000 – R8000).

Die metode gevolg in artikel 76(2) gee dus dieselfde resultaat as hierbo, naamlik 'n direkte afskrywing teen aandeelpremie.

In die onwaarskynlike geval dat klandisiewaarde uitdruklik erken en gewaardeer word as 'n bate tydens die waardasie van XYZ se bates vir die doeleindes van artikel 76(2), sal klandisiewaarde aangedui word as R2000 en aandeelpremie as R4000 (Alhadeff, 1980:26).

Ten spyte daarvan dat daar, soos Alhadeff uitgewys het, skuiwergate in die maatskappywet is, is dit baie duidelik dat dit in artikel 76(3) nie voorsiening maak vir die afskrywing van klandisiewaarde teen aandeelpremie nie. Aandeelpremie word voorts beskou as 'n kategorie van kapitaal en daarom druis die afskrywing van klandisiewaarde teen aandeelpremie in teen beide die Maatskappywet en Algemene Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk. Verder bepaal RE 103 ook dat alle items van inkomste en uitgawe, asook verliese en bate-afskrywings, in die inkomstestaat getoon moet word. Dit is dus 'n onaanvaarbare praktyk om klandisiewaarde teen aandeelpremie af te skryf. Verder is dit ook strydig met RE 131 wat bepaal dat klandisiewaarde as 'n bate erken en geamortiseer moet word.

3.4.2 TOON KLANDISIEWAARDE AS 'N AFTREKKING TEEN AANDEELHOERSBELANG

Die begrip "swewende debiet" beteken dat klandisiewaarde afgetrek word van reserwes, maar nie afgeskryf word nie. Die metode behels dus dat klandisiewaarde as 'n aftrekking teen aandeelhouersbelang getoon word. In Engels word na 'n swewende debiet verwys as 'n "dangling debit".

Everingham en Watson (1998:232) meld dat hierdie benadering in werklikheid slegs 'n middeweg is tussen die dra van klandisiewaarde teen oorspronklike kosprys in die balansstaat, en die afskrywing daarvan teen reserwes. Hierdie metode is dus nie gegrond op beginsels nie, maar eerder 'n gevolg van

besluiteloosheid.

Volgens Besprekingsdokument 3, uitgereik deur die SAIGR in 1982, bestaan klandisiewaarde uit onidentifiseerbare items en kan dit nie objektief waardeer word nie. Klandisiewaarde ontstaan teoreties as gevolg van rekeningkundige gebruike en behoort daarom as 'n balanserende item op die state geopenbaar te word. Dit behoort nie tot rekeningkundige inskrywings soos onmiddellike afskrywing of amortisering te lei nie (Van der Merwe, 1996:152).

Catlett & Olson (1968:106) het hierdie metode aanbeveel as 'n alternatief tot die afskrywing van klandisiewaarde teen reserwes aangesien klandisiewaarde volgens hulle 'n uitbetaling van bestaande hulpbronne verteenwoordig in afwagting van toekomstige verdienste en as sodanig 'n uitbetaling van aandeelhouersekwhiteit verteenwoordig.

'n Verfyning van die "swewende debiet"-metode is deur die Verenigde Koninkryk se Accounting Standards Board gegee in hul "Discussion Paper, Goodwill and Intangible Assets" (1993). Volgens Van der Merwe (1996:152) is die gebruik van 'n afsonderlike afskrywingsreserwe hierin voorgestel. Volgens hierdie metode word klandisiewaarde onmiddellik met verkryging oorgedra na 'n afsonderlike reserwe met 'n debietsaldo. Hierdie reserwe word dan die "klandisiewaarde afskrywingsreserwe" genoem, terwyl die totale aandeelhoudersfondse getoon word voor en na die insluiting van hierdie reserwe.

Pearce (1994:97) redeneer dat klandisiewaarde nie 'n ware bate is nie en dus eerder aan die lastekant van balansstaat getoon moet word. Hy meen dat 'n afsonderlike "afskrywingsreserwe" die beste manier is om dit te openbaar.

Gouws (1990:105) en Van der Merwe (1996:153) wys egter albei daarop dat hierdie metode onaanvaarbaar is aangesien aangekoopte klandisiewaarde 'n bate is en as sodanig behandel moet word.

Tweedie & Blanchet (1989, soos aangehaal deur Gouws, 1990:106) het dit ook

gestel dat klandisiewaarde nie 'n bate in die normale sin van die woord is nie. Volgens hulle het klandisiewaarde 'n onsekere waarde en as gevolg daarvan kan spesiale rekeningkundige behandeling geregtig word. Dié opsie word egter gekritiseer aangesien dit misleidend is en tot die wanvertolking van 'n maatskappy se finansiële stand kan lei.

'n Ander variasie van die swewende debiet, is om klandisiewaarde te verreken teen aandelepemnie. Volgens Coppin (1997:24) behels hierdie metode dat klandisiewaarde wat tydens 'n verkryging ontstaan waar die koopsom vereffen is deur die uitreiking van aandele, wel getoon word – nie as 'n bate nie, maar as 'n aftrekking teen aandelepemnie. Hierdie verrekening van klandisiewaarde vind in die aandelepemnie-aantekening plaas en die netto bedrag van aandelepemnie verskyn dan op die balansstaat.

Die hantering van klandisiewaarde as 'n swewende debiet of die verrekening daarvan teen aandelepemnie is ook 'n metode wat onaanvaarbaar is, aangesien dit nie gegrond is op enige beginsels nie, maar eerder 'n gevolg is van besluiteloosheid. Daar word volstaan met Everingham en Watson (1998:232) se gevolgtrekking dat dit slegs 'n middeweg is tussen die dra van klandisiewaarde teen oorspronklike kosprys in die balansstaat, en die afskrywing daarvan teen reserwes. Dit is ook strydig met RE 131 wat bepaal dat klandisiewaarde as 'n bate erken en geamortiseer moet word.

3.4.3 ERKEN KLANDISIEWAARDE AS 'N BATE EN AMORTISEER DIT OOR DIE VERWAGTE NUTSDUUR DAARVAN

3.4.3.1 Argumente teen die amortisering van klandisiewaarde

Spacek (1964:39) het aangevoer dat dit verkeerd en misleidend is om klandisiewaarde as 'n bate te erken en dan te amortiseer, aangesien dit lei tot die afskrywing van verdienvermoë ("earning power") in die inkomstestaat. Hylton (1964:30) het hierdie opinie weerlê met: "What charges are there on an income statement which do *not* represent the cost of earning power?"

Sommige skrywers het gemeen dat die amortisering van klandisiewaarde tot die skep van 'n "geheime reserwe" lei. Stacy (1987, soos aangehaal deur Van der Merwe, 1996:147) het geredeneer dat die amortisering van klandisiewaarde gelykstaande is aan die terughou van kontant in die besigheid, want volgens hom was depresiasie 'n rekeningkundige meganisme vir die omskakeling van fisiese bates in kontant wat weer herbelê kon word in die vervanging van verslete bates. Hierdie argument is egter weerlê deur Njeke (1991:192) toe hy gesê het dat hoewel die amortisering van klandisiewaarde behoue verdienste verminder en dus ook verdeelbare reserwes, word daar nie noodwendig fondse voorsien vir die vervanging van bates nie. Amortisering is in die eerste plek 'n kostetoedelingsbegrip en nie 'n kapitaalhandhawingsbegrip nie.

Daar is vroeër in onderafdeling 2.6 genoem dat sekere skrywers, soos Davis en Staub, van mening was dat die amortisering van klandisiewaarde daartoe lei dat die inkomstestaat twee maal gedebiteer word met dieselfde koste. Daar is ook verwys na die weerlegging van hierdie argument deur die Accounting Standards Committee se ED 47 en Everingham. Dit is egter insiggewend om ook Myddelton (1994) se mening in verband met hierdie argument te beskou.

Myddelton (1994:90) het die argument van dubbelafskrywing soos volg weerlê:

"It is not a 'double charge' to amortise goodwill [x] against profits as well as writing off current expenditure on internal goodwill [y]. The total write-off against profits is then [x+y]. But we must not overlook the amount of expected future annual benefits [z] that a group was prepared to pay for when it acquired goodwill. This is the offset to x, leaving a net write-off of y-[z-x]. Under the matching concept, it is wrong for groups to include z (the 'super-profits') in profits unless they amortise x against them."

Hierdie argument pas dus die paringsbeginsel toe.

Pearce (1994:97) wys ook daarop dat wanneer 'n onderneming verkry word, die

ekonomiese en rekeningkundige koste van die verkryging reeds in die state weerspieël word as die rente-effek (indien kontant of skuld gebruik is) of deur die verwateringseffek op verdienste per aandeel (indien ekwiteit gebruik is). Pearce voel dus dat dit verkeerd is om inkomste met 'n bykomende diskresionêre amortisering van klandisiewaarde te belas.

Hierdie argument van Pearce is nie geldig nie, want deur slegs verantwoording te doen van die finansieringskoste van die transaksie, word die wese van die transaksie oor die hoof gesien, naamlik dat 'n aansienlike koste aangegaan is ter verkryging van toekomstige ekonomiese voordele. Hierdie koste word dan glad nie verantwoord deur die verkryger nie.

Die argumente teen die amortisering van klandisiewaarde is dus oor die algemeen nie sterk genoeg nie. Die argumente wat wel logies klink, soos die dubbelafskrywingsargument, is weêrlê deur gesaghebbende skrywers en standaardstellers.

3.4.3.2 Argumente ten gunste van die amortisering van klandisiewaarde

Die twee belangrike argumente ten gunste van die amortisering van klandisiewaarde, is dat daar aan die paringsbegrip voldoen moet word en dat klandisiewaarde 'n bate met 'n beperkte nutsduur is. In verband met die laasgenoemde argument, kan daar ook weer na onderafdeling 2.6 verwys word, waar die vraag of klandisiewaarde 'n permanente bate is of nie, behandel is.

a) Die paringsbegrip

Vandag word daar algemeen aanvaar dat klandisiewaarde 'n betaling is wat gemaak word vir toekomstige ekonomiese voordele.

RE 131 paragraaf 43 stel dit soos volg:

"Klandisiewaarde voortspruitend uit 'n verkryging verteenwoordig 'n

betaling gemaak deur die verkryger in afwagting van toekomstige ekonomiese voordele”.

In onderafdeling 2.6 is vermeld dat Walker (1953) en Emery (1951) van die eerste skrywers was wat klem op die paringsbegrip gelê het.

Vir Wium (1993:69) is die voorstel dat tasbare sowel as ontasbare bates aan amortisering onderhewig moet wees, nie aanvaarbaar is nie. Hy is van mening dat paring nie by ontasbare bates teweeg gebring word deur amortisering nie, maar wél deur die voortdurende uitgawes wat aangegaan word om die ontasbare bates in stand te hou.

Sy argument is baie dieselfde as dié van Besprekingsdokument 3, uitgereik deur die SAIGR in 1982. BD 3 stel dit dat aangesien normale besigheidsuitgawes wat klandisiewaarde skep in die inkomstestaat afgeskryf word, die amortisering van klandisiewaarde tot 'n dubbele koste met betrekking tot klandisiewaarde sal lei. Gouws (1990:100) weerlê hierdie argument deur daarop te wys dat twee geheel onverwante items verwar word, te wete die gevolg van 'n besigheidsverkryging en 'n normale bedryfsuitgawe.

Wium (1993:52) kom egter ook in 'n voorafgaande hoofstuk tot die gevolgtrekking dat aangekoopte klandisiewaarde voldoen aan die vereiste van 'n bate en dat “daar verwag word dat ekonomiese voordele uit hierdie transaksie sal voortvloei”. Sy argument, wat op die paringsbegrip steun, is dus nie geldig nie aangesien amortisering juis moet geskied sodat die ekonomiese voordele wat uit die transaksie sal vloei, gepaar sal word met die koste wat aangegaan is om dit voort te bring.

Henderson (1970, soos aangehaal deur Wium, 1993:21) kom tot die gevolgtrekking dat klandisiewaarde 'n betaling vir toekomstige voordele verteenwoordig en dat die paringsbegrip toegepas moet word om die uitgawes met die toekomstige inkomste te paar.

b) Klandisiewaarde is 'n bate met 'n beperkte leeftyd

Brookes (1995:59) voel dat klandisiewaarde 'n beperkte nutsduur het en dat selfs 'n amortiseringstydperk van 40 jaar heeltemal te lank is. Met verwysing hierna, het Brookes die volgende stelling gemaak:

"By any measure, it is difficult to imagine how any intangible assets arising from such factors as superior management or an established market share could last even half that time. Most of the players would have retired or gone out of business long before goodwill would have been finally amortized."

Leake (1930:77) was een van die eerste skrywers wat daarop gewys het dat aangekoopte klandisiewaarde gedurig deur intern gegeneerde klandisiewaarde vervang word. Gilbert (1972, soos aangehaal deur Van der Merwe, 1996:155) het dit opgesom dat dit redelik is om te aanvaar dat aangekoopte klandisiewaarde, waar oorskotwinste nog steeds verdien word, vervang is deur intern gegeneerde klandisiewaarde wat geskep is deur die inspanning en bekwaamheid van die nuwe bestuurspan.

Myddelton (1994:90) voel ook dat klandisiewaarde 'n beperkte nutsduur het:

"The value of most purchased goodwill would decline to negligible levels if companies were to spend nothing on 'maintaining' it. This implies that purchased goodwill, if not 'topped up' afterwards, nearly always has a finite life."

Volgens Rivat (1997:68) glo die Internasionale Accounting Standards Committee ook dat klandisiewaarde nie 'n onbeperkte lewensduur het nie. RE 131 paragraaf 52 stel dit soos volg: "Die nutsduur van klandisiewaarde is altyd eindig."

Bryant (1989) voel dat aangesien aangekoopte klandisiewaarde 'n bate met 'n beperkte nutsduur is, dit soos enige ander tasbare bate met 'n beperkte

lewensduur behandel behoort te word. Hieruit volg dat amortisering die gepaste hantering vir aangekoopte klandisiewaarde is.

3.4.3.3 Opsomming

Die tweeledige argument ten gunste van amortisering is goed opgesom deur Everingham & Hopkins (1989, soos aangehaal deur Van der Merwe, 1996:154) wat aangevoer het dat aangekoopte klandisiewaarde geleidelik vervang word deur intern gegenereerde klandisiewaarde en dat die aangekoopte klandisiewaarde uit die boeke verwyder moet word in die mate wat die voordele wat uit die aangekoopte klandisiewaarde spruit, gerealiseer is.

Volgens Van der Merwe (1996:159) is daar algemene konsensus dat die amortisering as 'n bedryfsuitgawe deur die wins-en-verliesrekening gehanteer moet word. Die redes hiervoor is die volgende:

- Die koste van die aangekoopte klandisiewaarde behoort gepaar te word met die voortspruitende oorskotverdiens wat getoon word as inkomste in die wins-en-verliesrekening.
- Die uitgawes op intern gegenereerde klandisiewaarde word afgeskryf na die wins-en-verliesrekening. Konsekwentheid vereis dus dat die amortisering van aangekoopte klandisiewaarde ook deur die wins-en-verliesrekening moet gaan.

Volgens die nuwe RE 103 kan die amortisering van klandisiewaarde nie meer as 'n buitengewone item geklassifiseer word nie.

Van der Merwe (1996:159) het die argumente ten gunste van die amortisering van klandisiewaarde soos volg opgesom:

- Klandisiewaarde is 'n bate omdat dit verskeie ontasbare faktore verteenwoordig wat bydra tot die onderneming se verdienvermoë en wat oorskot-opbrengste lewer bo die normale opbrengs op bates aangewend;

- klandisiewaarde het 'n beperkte leeftyd omdat die aangekoopte klandisiewaarde baie onbestendig en wispelturig is en gedurig deur intern gegenerende klandisiewaarde vervang word;
- deur die amortisering van klandisiewaarde, word voldoen aan die paringsbegrip deurdat die aangekoopte klandisiewaarde, wat 'n betaling is vir verwagte toekomstige oorskotverdienste, gepaar word met daardie toekomstige oorskotverdienste.

3.4.4 SKRYF KLANDISIEWAARDE AF TEEN RESERWES MET VERKRYGING

3.4.4.1 Argumente ten gunste van die afskrywing van klandisiewaarde teen reserwes

Volgens Everingham en Watson (1998:233-234) steun hierdie metode hoofsaaklik op die aanname dat klandisiewaarde nie 'n bate in die gewone sin van die woord is nie, aangesien dit nie afsonderlik gerealiseer kan word nie. Aangekoopte klandisiewaarde word beskou as 'n eenmalige betaling wat verbind word met 'n verkryging en aangesien dit onder sekere omstandighede onwaarskynlik is dat hierdie klandisiewaarde sal voortgaan om te bestaan na die verkryging, is dit omsigtig om dit onmiddellik van die balansstaat te verwyder.

Everingham en Watson (1998:234) sê egter dat die voorstanders van hierdie metode gevra moet word waarom 'n waardevolle bate soos klandisiewaarde, waarvoor daar so pas 'n wesentlike bedrag betaal is, onmiddellik afgeskryf moet word. Die antwoord hierop lê in die feit dat klandisiewaarde 'n onidentifiseerbare, ontasbare bate is wat nie skeibaar van die onderneming is of op sy eie verkoop kan word nie. Deur die maatskappy se hulpbronne aan te wend om die bate te verkry, word die aandeelhoudersbelang in die skeibare bates verminder. Hierdie gebeure word dus weerspieël deur klandisiewaarde onmiddellik teen aandeelhouersekuiteit af te skryf.

Hierdie argument wil baie logies voorkom, maar die ekuiteit van 'n maatskappy is veronderstel om die totale bates en laste te verteenwoordig en nie net die totale

skeibare bates en laste nie. Indien bestuur nie verantwoordings hoef te doen vir werklike kostes aangegaan ten opsigte van 'n onskeibare bate soos klandisiewaarde nie, kan dit tot die wanvertolking van finansiële state lei.

Volgens BD 3, uitgereik deur die SAIGR in 1982, kan klandisiewaarde ter enige tyd verdwyn en is dit dus omsigtig om dit dadelik af te skryf. Dit kan ook bestempel word as 'n eenmalige uitgawe wat aan die verkryging verbonde is. Gouws (1990:107) se antwoord hierop is dat dit 'n ooromsigtige beleid is en dat klandisiewaarde net in geheel afgeskryf behoort te word wanneer daar 'n permanente waardedaling plaasgevind het.

Volgens Everingham en Watson (1998:234) is 'n verdere argument ten gunste van hierdie metode dat daar in wese geen verskil tussen aangekoopte en intern gegenereerde klandisiewaarde is nie. Laasgenoemde word nie in die balansstaat erken nie en ten einde konsekwent te wees, moet dieselfde metode op aangekoopte klandisiewaarde toegepas word. Hierdie argument is ook in 1984 deur die Accounting Standards Committee gebruik met die uitreiking van SSAP 22.

Van der Merwe (1996:150-151) het beaam dat die argument dat die aard van aangekoopte en intern gegenereerde klandisiewaarde dieselfde is, teoreties korrek is. Die verskil tussen die twee is egter dat aangekoopte klandisiewaarde in die balansstaat erken kan word omdat 'n koste daaraan toegeskryf is op die datum van verkryging, terwyl intern gegenereerde klandisiewaarde nie erken word nie. Dit voldoen nie aan die kriterium vir erkenning in 'n koste-gebaseerde rekeningkunde model nie, want sy koste en die transaksie of transaksies wat lei tot die skep daarvan kan nie geïdentifiseer word nie.

BD 3 wat in 1982 deur die SAIGR uitgereik is, het die afskrywing van klandisiewaarde met verkryging as 'n opsie bespreek. Volgens hierdie benadering word daar aanvaar dat kennis van die bestaan van klandisiewaarde geen nut inhou vir die lesers van finansiële state nie (Gouws 1990:58). Hierdie aanname hou nie water nie, hoewel dit wil voorkom asof dit die algemene

opvatting van sommige Suid-Afrikaanse maatskappye is as daar gekyk word na die karige openbaarmaking ten opsigte van klandisiewaarde in hulle finansiële jaarstate.

'n Verdere argument is dat klandisiewaarde waardeloos is in 'n gedwonge likwidasië. Volgens Van der Merwe (1996:151) kan hierdie argument weerlê word op grond daarvan dat die state opgestel word op die lopende saak-basis en nie 'n likwidasiëbasis nie en daarom moet bates soos klandisiewaarde gewaardeer word teen kosprys.

'n Ander argument, aangevoer deur Walton (1989, soos aangehaal deur Gouws, 1990:109), is dat klandisiewaarde wat tydens 'n besigheidskombinasie ontstaan, grootliks beïnvloed word deur effektebeurstoestande en die gevolglike pryse wat vir maatskappye betaal word. Verskille wat as gevolg hiervan ontstaan, verdien nie om as bate hanteer te word nie. Russel (1989, soos aangehaal deur Gouws, *ibid.*) stel egter dat indien belaglike pryse vir verkrygings betaal word, bestuur hiervoor verantwoordig moet doen en wel by wyse van die amortisering van klandisiewaarde teen inkomste.

Indien daar van die standpunt uitgegaan word dat klandisiewaarde 'n bate is, is dit onaanvaarbaar om klandisiewaarde teen reserwes af te skryf. RE 103 bepaal dat alle afskrywings teen inkomste moet geskied en dat afskrywings buite-om die inkomstestaat en die gebruik van "reserwe-rekeningkunde" ontoelaatbaar is.

3.4.4.2 Argumente teen die afskrywing van klandisiewaarde teen reserwes

Greener (1989:26) het soos volg gereageer op SSAP 22, in 1984 deur die Accounting Standards Committee uitgereik, wat hierdie metode aanbeveel, maar amortisering ook toelaat:

"If goodwill arising on consolidation is acknowledged as a wasting asset to be systematically written off in the manner of other wasting assets, then it cannot at the same time, without making a mockery

of accounting theory, be categorised as an item properly charged to reserves."

Myddelton (1994, soos aangehaal deur Fisher, 1995:28) se mening oor SSAP 22 se aanbeveling dat klandisiewaarde afgeskryf word teen reserwes, was soos volg:

"The ASC made a big mistake with SSAP 22. It legitimised bad accounting and made it very difficult to withdraw the privilege of spending thousands of millions of pounds on wasting assets without having to write the costs off to profit."

Wilmot (1989:89) voer aan dat aangesien klandisiewaarde 'n betaling is wat gemaak is in afwagting van toekomstige verdienste, dit moeilik is om die argument te regverdig dat klandisiewaarde onmiddellik afgeskryf moet word, tensy faktore intussen aan die lig gekom het wat aandui dat 'n oormatige prys betaal is. Hy beskryf die motivering vir die afskrywing van klandisiewaarde teen reserwes soos volg:

"Clearly this treatment is motivated almost solely by the wish to avoid a future amortisation charge, and by the inherent reluctance of accountants to reflect large intangible assets in the balance sheets of corporations."

Dit is inderdaad 'n goeie punt wat Wilmot hier opper. 'n Mens kan nie help om te wonder waarom rekenmeesters en bestuurders so gretig is om klandisiewaarde teen reserwes af te skryf nie. Dit bly 'n ope vraag of dit nie dalk gedoen word om die winssyfers en resultate van die maatskappy 'n hupstoot te gee nie.

Woolf (1988, soos aangehaal deur Gouws, 1990:109) wys daarop dat hierdie opsie aantreklik is wanneer lae waardes op depresieerbare vaste bates geplaas word: die ooreenstemmende hoër klandisiewaarde word nie geamortiseer nie en in geheel het dit dus 'n besonder gunstige uitwerking op die maatskappy se verdienste.

Beyer (1969, soos aangehaal deur Van der Merwe, 1996:150) het die onmiddellike afskrywing van klandisiewaarde bevestig. Hy voer aan dat as daar summier van klandisiewaarde ontslae geraak kan word nadat waardevolle aandeelhoudersfondse aangewend is vir die verkryging daarvan, dieselfde kan geld vir ander bates, soos aanleg en toerusting, op grond daarvan dat die jaarlikse depresiasie moeilik om te beraam en onooglik is.

Devine (1985, soos aangehaal deur Gouws, 1990:110) vertel dat Gold Dust Corporation in 1927 beide hulle klandisiewaarde en aanleg afgeskryf het tot 'n waarde van \$1. Die reaksie hierop was soos volg:

“Accountants, financiers, and officials of the stock exchange were horrified at procedures, but the horrification was due to the unorthodox treatment of fixed assets and not to the slipshod method of handling goodwill.” (*Ibid.*)

Die maatskappy hierbo was korrek in dié sin dat klandisiewaarde en aanleg soortgelyke rekeningkundige behandeling verdien – klandisiewaarde is immers 'n vaste bate soos aanleg. Die staaltjie illustreer egter dat die onmiddellike afskrywing-metode nie 'n bevredigende oplossing is nie.

Die afskrywing van klandisiewaarde teen reserwes kan as 'n ewel in Rekeningkunde bestempel word. Myddelton (1994, soos aangehaal deur Fisher, 1995:28) het die spyker op die kop geslaan toe hy na hierdie praktyk verwys het as “bad accounting”. Die praktyk waarvolgens afskrywings of uitgawes buite-om die inkomstestaat en direk teen reserwes geskied – sogenaamde “reserwe-rekeningkunde” - is al vir jare 'n verbode rekeningkundige praktyk. Dit is jammer dat so baie Suid-Afrikaanse maatskappye tot op hede klandisiewaarde teen reserwes afgeskryf het. Dit bly egter onaanvaarbaar en sedert RE 131 van krag gekom het, is hierdie metode nie meer tot die beskikking van Suid-Afrikaanse maatskappye nie.

3.4.5 TOON KLANDISIEWAARDE TEEN OORSPRONKLIKE WAARDE

Hierdie metode word nie deur enige land se rekeningkundige standaard, behalwe die Verenigde Koninkryk se FRS 10, as 'n aanvaarbare opsie voorgelê nie en het sedert die vyftigerjare nie meer veel steun in die literatuur geniet nie.

Wium (1993:70) is egter van mening dat aangekoopte klandisiewaarde teen sy oorspronklike kosprys getoon moet word en nie afgeskryf moet word nie. Hy voer aan dat "anders as in die geval van tasbare bates, hoef daar nie voorsiening vir vervanging gemaak te word nie."

Volgens Njeke (1991:192) is hierdie argument nie korrek nie aangesien die depresiasie van vaste bates 'n metode vir die toedeling van koste is. Vorster en andere (1997:171) stel dit dat depresiasie nie 'n proses van kapitaalhandhawing is nie, maar wel van kostetoedeling.

Arnold en andere (1992:62) bespreek die moontlikheid van 'n metode waarvolgens klandisiewaarde gekapitaliseer en geherwaardeer word, met of sonder amortisering. Volgens dié skrywers open die kapitalisering-enherwaardasie metode die moontlikheid om klandisiewaarde teen die oorspronklike kosprys (en selfs 'n hoër bedrag ingevolge sekere huidige waarde modelle) te dra.

Hulle meen dat die periodieke hersiening van die drawaarde van klandisiewaarde 'n alternatief tot die sistematiese amortisering van klandisiewaarde is. Soos met ander bates (byvoorbeeld eiendom), word die moontlikheid van amortisering nie hierdeur uitgesluit nie. Indien voortgebou word op die eiendom-analogie, is dit nie onmoontlik nie om 'n stelsel te voorsien waarvolgens gereelde herwaardasies van klandisiewaarde uitgevoer word, of amortisering tesame met periodieke herwaardasies vereis word.

Arnold en andere (1992:62-63) redeneer dat indien dit moontlik is om klandisiewaarde tydens 'n verkryging te waardeer, dit ook moontlik behoort te

wees om die waardasie op later stadiums op te dateer. In die meeste gevalle waar klandisiewaarde 'n beperkte leeftyd het, sal die bedrag geamortiseer word. Waar geredeneer word dat die bate 'n onbeperkte leeftyd het, sal periodieke "plafon"-toetse nodig wees.

Hierdie metode se groot voordeel is, volgens hulle, dat dit in ooreenstemming met die huidige rekeningkundige stelsel is wat tot 'n groot mate 'n hibriede stelsel is. Bates kan teen kosprys of herwaardasie getoon word. Indien klandisiewaarde dus teen waardasie getoon kan word, sal die hantering daarvan baie dieselfde as tasbare bates wees.

Leo en andere (1995:118) het ook voorstelle gemaak in hierdie rigting, naamlik dat dieselfde rekeningkundige hantering moet geld vir beide tasbare en ontasbare bates. Volgens Ryan en Tibbits (1996:50) ervaar rekenmeesters probleme op hierdie gebied omdat hulle probeer om aan twee belangrike maar heeltemal onversoenbare gebruikersbehoefte gelyktydig te voldoen. Hierdie gebruikersbehoefte is die volgende:

- Die rentmeesterskapfunksie wat objektiewe inligting vereis, wat beteken dat finansiële state op die historiese kostgrondslag opgestel moet word,
- en huidige "waardes", wat 'n riglyn aan beleggers verskaf oor die netto bate waarde van hulle belegging.

Dit is dus moeilik om binne die huidige konsepsuele raamwerk eenvormige reëls vir tasbare en ontasbare bates toe te pas aangesien die balansstaat deel van 'n hibriede stelsel is. Ryan en Tibbits (1996:50) stel voor dat daar teruggegaan word na die "ou" historiese kostestelsel, sonder herwaardasies wat die stelsel kompliseer, en dat 'n "nuwe" stelsel waarvolgens inligting aangaande die huidige "waardes" van die netto bates aan die beleggers verskaf word, apart toegepas word. Klandisiewaarde sal nie in so 'n staat van huidige waardes gewaardeer word nie, aangesien Ryan en Tibbits (1996:52) voel dat dit beter is om hierdie waardasie aan die mark oor te laat wat dit kan doen op grond van verwagte kontantvloei, risiko ensovoorts.

FRS 10 bepaal dat indien dit geag word dat klandisiewaarde 'n onbeperkte nutsduur het, amortisering nie nodig is nie, maar dat jaarlikse inperkingstoetse uitgevoer moet word op die klandisiewaarde. Myddelton (1994:90) voel dat hierdie jaarlikse hersiening van klandisiewaarde onaanvaarbaar is:

"The 'annual review' would be valuing a mixture of remaining purchased goodwill and subsequent spending on internal goodwill. This approach is fatally flawed in principle: 'ceiling tests' may continue to show a value of the mixture long after the life of the former has ended. We ought to be assessing only the remaining value of the original purchased goodwill. Companies claiming that subsequent spending 'maintains' the value of purchased goodwill are really substituting internal goodwill for the purchased goodwill."

Paterson (1998:124) voel ook dat die waardasiemetodes, uitgestippel deur FRS 10, baie ingewikkeld is. In ooreenstemming met Myddleton (1994) se redenasie hierbo, sal die aangekoopte klandisiewaarde vir waardasiedoeleindes van intern gegenereerde klandisiewaarde geskei moet word. Selfs indien dit moontlik is om hierdie onderskeid te tref, sal so 'n waardasie later so ingewikkeld raak dat 'n ernstige vraagteken oor die betroubaarheid en kostevoordeel daarvan sal hang.

Aangekoopte klandisiewaarde het 'n beperkte nutsduur. Aangesien dit 'n kwynende bate is, is dit onaanvaarbaar om dit teen oorspronklike kosprys in die balansstaat te toon. Intern gegenereerde klandisiewaarde word nie tans as 'n bate erken nie en daarom sal dit nie korrek wees om klandisiewaarde teen waardasie te toon nie, want so 'n waardasie sal gewoonlik ook 'n element van intern gegenereerde klandisiewaarde bevat.

3.5 OPSOMMING

In hoofstuk 2 het dit na vore gekom dat die meeste lande se rekeningkundige standarde die amortisering van klandisiewaarde voorskryf. Selfs die Verenigde

Koninkryk, wat altyd uit pas was met sy SSAP 22, het gepoog om met FRS 10 in ooreenstemming met internasionale praktyke te kom. In teenstelling met ander wêreldlande, word maatskappye in die Verenigde Koninkryk egter nie verplig om klandisiewaarde te amortiseer nie en is dit wel moontlik om onder sekere omstandighede dit teen die oorspronklike kosprys te dra. Hierdie metode is gegrond op die veronderstelling dat klandisiewaarde in sommige gevalle 'n onbeperkte leeftyd het. Hierdie fundamentele aanname is egter verkeerd, aangesien aangekoopte klandisiewaarde 'n kwynende bate is en sal verdwyn indien dit nie in stand gehou word nie.

In hierdie hoofstuk is die verskillende metodes vir die hantering van klandisiewaarde van nader beskou. Die argumente en teenargumente wat deur die voorstanders van verskillende metodes aangevoer word, is uitgelig en sodoende is elke metode in perspektief gestel en kon dit aan die hand van die konsepsuele raamwerk geëvalueer word.

Vanuit die oogpunt van die historiese kostemodel, het dit duidelik geblyk dat daar oor die algemeen konsensus bestaan dat dit konsepsueel korrek is om aangekoopte klandisiewaarde as 'n bate te erken en te amortiseer oor die ekonomiese nutsduur daarvan. Verskeie skrywers het voorgestel dat ontasbare bates op dieselfde manier as tasbare bates verantwoord word. Aangesien die huidige stelsel 'n hibriede stelsel is wat die historiese kostemodel met die herwaardasie van sekere bates kombineer, word veronderstel dat dit dan ook moontlik sal wees om klandisiewaarde te herwaardeer. Hoewel identifiseerbare ontasbare bates wel onder sekere omstandighede herwaardeer kan word, byvoorbeeld as daar 'n aktiewe mark daarvoor bestaan, is dit nie moontlik in die geval van aangekoopte klandisiewaarde nie, omdat dit nie afsonderlik van intern gegenereerde klandisiewaarde waardeer kan word nie.

Vervolgens sal daar gekyk word na die uitwerking wat die verskillende metodes van hantering van klandisiewaarde op die finansiële jaarstate en resultate van maatskappye kan hê.

HOOFSTUK 4

DIE UITWERKING VAN DIE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word aangetoon dat:

- die bestuurders van maatskappye en rekenmeesters nog altyd die uitwerking van die hantering van klandisiewaarde in ag geneem het by die keuse van 'n rekeningkundige beleid ten opsigte van klandisiewaarde; en
- dat hierdie oorweging 'n groot rol gespeel het by die ontwikkeling en gebruik van nuwe rekeningkundige metodes ten opsigte van besigheidsamevoegings.

Daar is reeds in hoofstuk 2 (onderafdeling 2.10) vanuit 'n historiese perspektief aangedui dat die invloed van die hantering van klandisiewaarde vir bestuurders en rekenmeesters ter sake is tydens verslagdoening en hieruit vloei die vraag waarom dit belangrik is. Dié vraag loop hand aan hand met die vraagstuk of rekeningkundige inligting 'n invloed op aandeelpryse het. Hierdie kwessies word aangespreek en verder word daar ook gekyk na ander aangeleenthede in die Rekeningkunde en sakewêreld wat verband hou met die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde.

Die leser se aandag word weer gevestig op onderafdeling 2.10. Hierdie gedeelte dien as 't ware as 'n historiese agtergrond vir hoofstuk 4. Daaruit blyk dit dat die invloed van die hantering van klandisiewaarde op die verdienste en

verhoudingsgetalle van maatskappye nog altyd belangrike oorwegings was by die keuse van 'n rekeningkundige beleid. Die vraag wat uit hierdie afleiding voortvloei, is waarom die uitwerking van die hantering van klandisiewaarde so belangrik vir bestuurders is.

4.2 DIE REDE WAAROM BESTUUR BEGAAN IS OOR DIE UITWERKING VAN DIE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE OP MAATSKAPPY-RESULTATE

Die rede hiervoor is voor die hand liggend en word goed uitgedruk deur 'n hele aantal skrywers.

- Bestuurders wil die verdienstesyfers altyd so goed as moontlik laat lyk.
 - Gouws (1990:86-88) dui aan dat beleggers veral in die winsgewendheid van 'n maatskappy belangstel. Hieruit volg dit dus dat die bestuur van 'n maatskappy by uitstek die maksimering van die maatskappy se verdienste sal probeer nastreef.
 - Volgens hom is die rede waarom die amortisering-opsie die minste steun ontvang het tydens die SAIGR se opname in 1988 voor die hand liggend: daar kan verwag word dat maatskappye huiwerig sal wees om 'n rekeningkundige beleid te aanvaar wat 'n negatiewe uitwerking op sy verdienste het.
- Sommige maatskappye voel dat 'n afname in verdienste tot 'n daling in die aandeelprys sal lei. Die verband tussen die verdienste van 'n maatskappy en sy aandeelprys kan soos volg opgesom word:
 - Volgens Watts en Zimmerman (1986, soos aangehaal deur Gouws, 1990:89) is die verdienste van 'n maatskappy belangrik vir bestuur aangesien dit 'n invloed op die prys van die maatskappy se aandele uitoefen.
 - Briloff (1972, soos aangehaal deur Gouws, 1990:89) formuleer dit soos volg: "In corporate financial reporting...the game plan is to show a steadily

rising earnings-per-share, thus stimulating investor demand for shares, with consequent rise in their price, and creating a favorable atmosphere for the issuance of new securities in case additional capital is needed."

- Power (1990:126) het dit gestel dat: "It is widely reported that companies are concerned with the impact of ED 47 [issued by the ASC] on reported earnings. The only impact that really matters is on share price. Thus these companies must be concerned that they will be misvalued by the market and hence that the market is inefficient in an important sense."

In Suid-Afrika het 'n unieke situasie bestaan. Gedurende die afgelope paar dekades het maatskappye, in die afwesigheid van 'n standpunt, keuses gehad ten opsigte van die verantwoordings van klandisiewaarde. Die vraag is dus, hoe besluit 'n maatskappy op 'n rekeningkundige beleid in die afwesigheid van 'n toepaslike standaard?

4.3 FAKTORE WAT DIE KEUSE VAN 'N SPESIFIEKE REKENINGKUNDIGE BELEID BEÏNVLOED

Volgens Arnold en andere (1992:11) is een gevolg van die aanname dat die kapitaalmark semi-sterk doeltreffend is, dat openbaarmaking belangrik is, maar die keuse van rekeningkundige beleid nie so belangrik nie. Dit veronderstel dat bestuurders nie begaan hoef te wees oor watter rekeningkundige beleid gevolg word nie, aangesien die mark self aanpassings kan maak om die gevolge van verskillende metodes uit te skakel.

In die praktyk is daar egter wel redes om te glo dat die keuse van rekeningkundige hantering net so belangrik as openbaarmaking is. Neem byvoorbeeld bestuur se belange. Arnold en andere (1992:12) noem dat bestuur hulle eie welvaart op twee maniere kan bevorder:

- Indien hulle vergoeding gekoppel is aan rekeningkundige wins, kan hulle 'n rekeningkundige beleid aanvaar wat winste vergroot.
- Hulle mag hulle eie waarde in die bestuursmark verhoog deur gesien te word

as bestuurders wat by die bedryf van oënskynlike "wingsgewende" maatskappye betrokke is. Terwyl daar sterk bewyse is dat die aandelemark semi-sterk doeltreffend is, kan dieselfde nie gesê word van die bestuursmark nie. Hoewel hierdie geleentheid om 'n bestuurder se "markwaarde" te verhoog, waarskynlik net van toepassing is op 'n paar senior bestuurders in elke maatskappy, mag hulle juis diegene wees wat die keuse van 'n rekeningkundige beleid beïnvloed.

Selfs al is die kapitaalmark doeltreffend, mag bestuurders glo dat dit nie die geval is nie (Arnold en andere, 1992:13). Gevolglik mag hulle rekeningkundige metodes aanvaar wat finansiële prestasie en posisie in die beste moontlike lig stel met die verwagting dat dit tot die hoogste moontlike aandeelprys sal lei. Hulle optrede sal dan dieselfde wees as die van bestuurders wat in 'n ondoeltreffende mark bedrywig is.

4.4 DIE BELANGRIKHEID, AL DAN NIE, VAN DIE KEUSE VAN 'N REKENINGKUNDIGE BELEID TEN OPSIGTE VAN KLANDISIEWAARDE

Marsh en andere (1990:95) het onderhoude met van die voorste aandelemarkontleders in Brittanje gevoer en die volgende kommentaar verkry:

"Several analysts pointed to the goodwill standard and the requirement to write off or amortise goodwill as lying behind many companies' desire to recognise brands on the balance sheet. One analyst argued that companies were wrong to worry about amortising goodwill, and commented 'I tend to add it back – it's a non cash charge – and I believe that most other analysts would do the same.'"

Rutteman (1990:52) voel ook dat die klem wat finansiële publikasies op veral die verdienste per aandeel-syfer plaas, veroorsaak, of juis dalk beklemtoon, dat die rekeningkundige beleid van 'n maatskappy wel saak maak:

“Unfortunately press comment focused on the net earnings per share after goodwill amortisation so that the company may well feel it has suffered by adopting an amortisation approach...”

Coy (1998:50) verduidelik die gevoel jeens klandisiewaarde en die gevolglike vermindering van verdienste as gevolg van die amortisering daarvan, soos volg:

“Buyers hate goodwill because they must amortize it over 40 years at most. And even though it’s a noncash charge that doesn’t affect cash flow, it does cut reported earnings per share.”

Coy (1998:50) haal William P. Boardman, die senior uitvoerende visepresident van Banc One Corp. in Ohio aan:

“We focus on reported earnings per share because that’s what the investment community focuses on.”

Volgens McGoldrick (1997:92) is daar met enige besigheidsamevoeging iemand – dikwels die uitvoerende finansiële direkteur – wat moet besluit of die transaksie verantwoord moet word as ‘n “verkryging” of ‘n “vereniging van belange”. Die klandisiewaarde wat ontstaan met ‘n verkryging is dikwels ‘n aansienlike bedrag en moet oor ‘n betreklike lang tydperk in die boeke gedra word voordat dit uiteindelik heeltemal geamortiseer is en verdienste, en sommiges sou redeneer die aandeelprys, afgetrek het. McGoldrick (1997:92) haal vir McDade, ‘n PriceWaterhouse vennoot in korporatiewe finansies, soos volg aan:

“Managements care about this issue intensely. They’ll try to avoid goodwill at all cost. Clients will [often] say to us, ‘If I can’t do this deal as a pooling, then I won’t do it at all.’”

Pizzey (1991:22) het dit soos volg gestel:

“There can be little doubt that preparers and users of financial

statements believe that the economic consequences of decisions concerning the appropriate accounting treatment of goodwill are important."

Hy wys daarop dat belanghebbende partye vanaf 1989 tot 1991 gereeld die Accounting Standards Committee probeer beïnvloed het sover dit hierdie kwessie betref. Eers het baie invloedryke finansiële direkteure teen die onmiddellike afskrywing van klandisiewaarde teen reserwes gestry. Nou dat hierdie metode nie meer toelaatbaar is nie, is daar baie ander wat net so fel stry teen die amortiseringsmetode.

Uit bogenoemde kommentaar kan afgelei word dat die keuse van 'n rekeningkundige beleid ten opsigte van die hantering van klandisiewaarde wel 'n tersaaklike aangeleentheid is en dat dit inderdaad vir bestuur belangrik is. Dit is dan ook die rede waarom dié debat al so lank voortsleep en waarom dit so heftig beredeneer word.

4.5 DIE UITWERKING VAN DIE HUIDIGE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE DEUR SUID-AFRIKAANSE MAATSKAPPYE

4.5.1 PROBLEME WAT SPRUIT UIT DIE HUIDIGE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE DEUR SUID-AFRIKAANSE MAATSKAPPYE

Uit onderafdeling 2.8.1.2 het dit duidelik geword dat die onmiddellike afskrywing van klandisiewaarde teen reserwes die gewildste metode onder Suid-Afrikaanse maatskappye vanaf 1982 tot 1992 was. In hoofstuk 5 sal daar ook aangetoon word dat die afskrywing van klandisiewaarde teen aandelepremie en reserwes steeds deur die meerderheid Suid-Afrikaanse maatskappye toegepas word.

Met verwysing na die praktyk om klandisiewaarde teen reserwes af te skryf, het Myddelton (1994:90) die volgende stelling gemaak:

“Current UK treatment of goodwill artificially encourages companies to expand by acquisition, allows them to overstate the resulting profits, and to disguise the fact that such expansion often fails to benefit shareholders.”

Verder stel hy dit dat klandisiewaarde-afskrywings buite-om die inkomstestaat, wat geen verlies in waarde weerspieël nie, nie 'n betroubare en redelike weergawe van rentmeesterskap bied nie.

Brown (1998:61) kritiseer die afskrywing van klandisiewaarde teen reserwes op 'n verdere punt:

“The rates of return on acquisition reported by the financial statements are inflated by the exclusion of goodwill from net assets.”

Njeke (1991:189) het die volgende probleme wat as gevolg van die onmiddellike afskrywing van klandisiewaarde teen reserwes ontstaan, soos uiteengesit deur die Accounting Standards Committee se ED 47, aangehaal:

- Dit lei daartoe dat sommige maatskappye 'n groot daling in netto bates en eienaarsbelang ervaar of gevalle waar die laste die bates oorskry kan ontstaan, maar die maatskappy toon steeds winste en dit gaan oënskynlik goed. Dit kan byvoorbeeld gebeur wanneer klandisiewaarde betreklik groot is in vergelyking met die ander bates wat verkry word.
- Gebruikers vind dit moeilik om tred te hou met die bronne wat die entiteit aangewend het vir verkrygings. Dit is ook moeiliker vir gebruikers om te bereken of 'n voldoende opbrengs behaal word.
- Die berekening van die wins of verlies met verkoop van die verkrygte belang kan misleidend wees waar die verwante klandisiewaarde reeds voorheen afgeskryf is teen reserwes.

Volgens Everingham (1997:4) is 'n direkte afskrywing teen reserwes, om die

minste te sê, moeilik te versoen met RE 103 paragraaf 6 wat vereis dat alle items van inkomste en uitgawe by die bepaling van netto wins vir die periode ingesluit moet word.

Volgens Wium (1993:38) is een van die probleme wat die meeste kommer wek, die feit dat reserwes so verminder. Veral maatskappye wat 'n aktiewe rekord van verkrygings het, word hierdeur geraak. Die Britse maatskappy, Grand Metropolitan, het na sy verkryging van Heublein en Almaden £651,80 miljoen se klandisiewaarde teen die herwaardasiereserwe afgeskryf en toegesien hoe die netto waarde geweldig gedaal het. Insgelyks het die Britse maatskappy Rank Hovis McDougal in 1987 £340 miljoen vir verkrygings betaal waarvan £250 miljoen se klandisiewaarde teen reserwes afgeskryf is (Moorhouse 1990:32). Sommige maatskappye het later geen beskikbare reserwes gehad om klandisiewaarde teen af te skryf nie en het by die Britse Departement van Handel en Nywerheid aansoek gedoen dat die Wet gewysig moes word, sodat klandisiewaarde afgeskryf kon word teen herwaardasiereserwes of aandeelpremie. Volgens die Britse Maatskappywet is dit nie toelaatbaar nie (Pizzey 1989:47).

Volgens Pizzey (1991:22) is die uitwerking van die onmiddellike afskrywing van klandisiewaarde dat die groep se netto bates as 'n direkte gevolg van 'n winsgewende verkryging verminder word. Hoewel die balansstaatsyfer vir netto bates nie die waarde van daardie bates weerspieël nie, mag dit aandeelhouers verwar indien aandeelhouersekwiteit met miljoene rande verminder word na 'n "voordelige" transaksie.

Moorhouse (1990:33-34) wys op die sogenaamde "class test limits" wat daargestel is deur die Londense Aandelebeurs. Dit is 'n reël wat daarop neerkom dat indien reserwes minder raak, dit al hoe moeiliker raak vir 'n maatskappy om besluite aangaande oornames te maak. Indien die waarde van die bates van die verkrygte maatskappy, meer as vyftien persent van die bates van die verkrygende maatskappy verteenwoordig, moet daar, alvorens daar voortgegaan word met die transaksie, 'n skrywe gestuur word aan die

aandeelhouders om die aard daarvan uiteen te sit. Indien die waarde van die bates van die verkrygte maatskappy meer as vyf-en-twintig persent van die bates van die verkrygende maatskappy verteenwoordig, moet die transaksie op 'n algemene jaarvergadering goedgekeur word.

Sturgess (1990:104) wys daarop dat dit baie moeilik mag raak vir bestuur om besluite te neem indien 'n maatskappy se netto bates so laag raak:

"Many companies in the agency sector produce negative net assets on the balance sheet as a result of the accounting policy of writing off the goodwill arising at acquisition. The rigid application of the class tests would in these circumstances lead to a process of continual referral to shareholders for every small acquisition or disposal made by management."

Sturgess sluit hiermee aan by Ashman en Coulson (1990:29) wat ook hierdie probleem uitgewys het, naamlik dat waar 'n maatskappy min of geen reserwes besit nie en 'n verkryging oorweeg word, daar altyd eers na die aandeelhouders gegaan moet word om goedkeuring te verkry. Hierdie situasie is hoofsaaklik toe te skryf aan die feit dat klandisiewaarde teen reserwes afgeskryf mag word, wat veroorsaak dat die ekwiteit van die maatskappy baie daal.

Suid-Afrikaanse maatskappye mag ook met hierdie probleem te doen kry. Artikel 228 van die Maatskappywet (1973) bepaal dat direkteure nie gemagtig is om die grootste of wesenlike deel van die onderneming of van die bates te vervreem nie (Wium, 1993:102). Aandeelhouders se goedkeuring sal eers verkry moet word alvorens daar met die vervreemding voortgegaan sal kan word.

Wium (1993:94) wys ook daarop dat die risiko van oorname-aanbiedinge vergroot. Die oorsaak van hierdie probleem is die tradisionele hantering van klandisiewaarde. Klandisiewaarde wat met verkryging teen reserwes afgeskryf word, verminder die aandeelhoudersbelang in die balansstaat en erken ook nie die bate in die balansstaat nie. 'n Klassieke geval is die oorname van Rowntree deur

Nestlé waar Rowntree se bates te laag opgegee is omdat hy nie handelsmerke in die balansstaat getoon het nie (Murphy, 1990, soos aangehaal deur Wium, 1993:94).

Die afskrywing van klandisiewaarde teen reserwes lei ook tot die verswakking van hefboomverhoudings. Hierdie verhouding dui aan hoeveel skuld 'n maatskappy het en word gewoonlik uitgedruk as die verhouding van totale skuld tot ekwiteit, of totale skuld tot totale bates. Dit kan veral tot gevolg hê dat direkteure se magte beperk word, baie soortgelyk aan die invloed van die "class limit tests" in die Verenigde Koninkryk. Die statute van 'n maatskappy kan bepalinge bevat wat die leningsmagte van die direksie beperk. Die perk kan gegrond wees op die bedrag van aandeelhoudersfondse of bates van die entiteit (Ashman en Coulson 1990). Die verswakking in die hefboomverhouding mag dit natuurlik ook moeiliker maak vir die maatskappye om lenings te bekom.

4.5.2 DIE VERGELYKBAARHEID VAN FINANSIËLE STATE

In sy kommentaar op die resultate van die opname van die SAIGR in 1988, skryf Gouws (1990:80) dat die verskeidenheid metodes wat gebruik word vir die verantwoording van klandisiewaarde nie net vergelykbaarheid tussen maatskappye byna onmoontlik maak nie, maar inderdaad tot verwarring kan lei.

Ashman en Coulson (1990:23) voel dat dit baie moeilik is om een maatskappy se prestasie in vergelyking met 'n ander te verklaar indien, byvoorbeeld, die wins voor belasting van een maatskappy 'n amortisering van klandisiewaarde moet dra, terwyl 'n soortgelyke mededinger nie so 'n afskrywing hoef te dra nie.

Verder voel Ashman en Coulson (1990:24) dat, hoe daar ook al gepoog word om die omstandighede agter die resultate aan die publiek en ander gebruikers van finansiële state te verduidelik, dit onafwendbaar is dat vergelykings gemaak sal word op grond van numeriese rekeningkundige inligting. Byvoorbeeld, vergelykings van wins voor belasting, netto bates, hefboomverhoudings en ander sleutelverhoudings, sal altyd gemaak word.

In hierdie opsig is dit nodig om te sê dat in 'n Suid-Afrikaanse konteks daar geen sprake is van 'n "poging om die omstandighede agter die resultate te verduidelik nie", as 'n mens kyk na die karige openbaarmaking van maatskappye ten opsigte van klandisiewaarde wat teen reserwes afgeskryf is. Teen die agtergrond hiervan mag die onafwendbare vergelykings selfs nog meer misleidend wees.

Wium (1993:1-2) verwys na die wye verskeidenheid van metodes wat tans in Suid-Afrika gevolg kan word en lei die volgende daaruit af:

"Die probleme wat hieruit spruit, is onder andere dat finansiële state nie sinvol vergelyk kan word nie deurdat sleutelverhoudings wesenlik verskil as gevolg van die verskillende hanterings van klandisiewaarde. Verhoudings soos verdienste per aandeel, opbrengs op bates aangewend en hefboomverhoudings word geraak deur die verskillende hanterings van klandisiewaarde."

Hy illustreer die probleme ten opsigte van bogenoemde verhoudings deur van 'n voorbeeld gebruik te maak (Wium 1993:30). Twee identiese maatskappye word geneem wat albei betrokke is by 'n identiese oorname. Die een maatskappy (A) erken klandisiewaarde as 'n bate en amortiseer dit oor vyf jaar. Die ander maatskappy (B) skryf klandisiewaarde onmiddellik teen reserwes af. Die tabel wat die sleutelverhoudings van die twee maatskappye aan die einde van jaar 1 vergelyk, lyk soos volg:

Tabel 4.1: Die uitwerking van die hantering van klandisiewaarde op sleutelverhoudings.

Verhouding	Maatskappy A	Maatskappy B
1. Opbrengs op kapitaal	13,46%	25,00%
2. Verdienste per aandeel	28 sent	40 sent
3. Hefboomverhouding (Eienaarskapitaal : Skuld)	4,16:1	3,20:1

Wium (1993:32) kom tot die gevolgtrekking dat deur tradisionele evalueringmetodes, maatskappy A drasties swakker as maatskappy B vertoon. Dit blyk duidelik uit die winsgewendheidsverhoudings. Die hefboomverhouding van maatskappy A toon egter 'n veel gunstiger situasie omdat dit dertig persent veiliger gerat is as maatskappy B.

Uit bogenoemde voorbeeld van Wium is dit duidelik watter weersprekende en verwarrende inligting na vore kom uit twee identiese maatskappye wat klandisiewaarde verskillend hanteer. Op grond hiervan voel Wium (1993:33) dat, hoewel verhoudingsanalises nie op enkele verhoudings afsonderlik gekonsentreer behoort te word nie, die onderskeie hanterings van klandisiewaarde wel misleidend vir die meeste gebruikers van finansiële jaarstate kan wees.

Wanneer aandeelhouers en ontleders die finansiële state, prestasie, posisie en vooruitsigte van verskillende maatskappye teen mekaar opweeg, mag die ooglopende verskille tussen bogenoemde maatstawwe die gevolg wees van die toepassing van verskillende rekeningkundige prosedures of van 'n verskil in werklike prestasie en posisie. Arnold en andere (1992:13) is van mening dat gebruikers dalk nie daartoe in staat mag wees om te identifiseer watter verskille kosmeties en watter verskille werklik is nie. Sinvolle vergelykings word hierdeur onmoontlik gemaak.

McGoldrick (1997:92) voel dat die gebruik van samesmeltingsrekeningkunde die vergelykbaarheid van finansiële state ook in die wiele ry:

"Say two companies both make acquisitions, one using the purchase method, the other pooling. Can investors understand this 'cosmetic' effect when comparing the two companies? Or will the company with the drag on earnings per share be further penalized by comparison?"

Die uiteenlopende hantering van klandisiewaarde maak dit dus baie moeilik om maatskappye se resultate en finansiële posisie met mekaar te vergelyk. Ontleders is gou om te sê dat klandisiewaarde 'n "nie-kontantvloei-item" is en dus teruggetel moet word. In 'n Suid-Afrikaanse konteks is dit egter te betwyfel of ontleders in staat is om hierdie terugtellings te doen, want in die meeste gevalle openbaar maatskappye nie die bedrae van klandisiewaarde wat in die verlede teen reserwes afgeskryf is nie. Hierdie karige openbaarmaking bemoeilik dus ook vergelykings tussen maatskappye.

4.5.3 DIE MOONTLIKHEID VAN MANIPULASIE

Met die skeiding van eienaarskap en bestuur, is dit soms 'n probleem dat die belange van hierdie twee groepe bots. Dit is moontlik dat bestuur in sommige gevalle die finansiële state van 'n maatskappye mag manipuleer ten einde hulle eie doelwitte te bereik. Sturgess (1990:102) verduidelik die aanname van die "agentteorie" soos volg:

"With the separation of ownership and control of companies, agency theory predicts that management will employ methods of accounting practice that most suit their own rather than shareholders' interests."

Met verwysing na die grys area van die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde, meld Sparks (1980:2) die volgende:

"This area is vulnerable to the scruples of management who may wish to manipulate profits to suit their own ends."

Gouws (1990:46) wys daarop dat klandisiewaarde die verskil voorstel tussen die redelike waarde van die netto bates van 'n verkrygte onderneming en die koopsom daarvoor betaal. Redelike waardes moet dus aan beide die netto bates van die verkrygte onderneming en die koopsom toegeken word. Wanpraktyke kan dus op hierdie terrein aangetref word.

Woolf (1988, soos aangehaal deur Gouws, 1990:47) dui byvoorbeeld aan dat wanneer klandisiewaarde direk teen reserwes afgeskryf kan word (en sodoende nooit in die toekoms die maatskappy se verdienste sal beïnvloed nie), daar 'n aansporing vir maatskappye bestaan om lae waardes op die identifiseerbare bates te plaas. As gevolg hiervan vloei laer depresiasie-afskrywings deur die inkomstestaat, terwyl die gevolglike hoër klandisiewaarde geen invloed op netto inkomste het nie. Wilmot (1989:88) sluit hierby aan en stel dit dat indien 'n beleid gevolg word om klandisiewaarde onmiddellik af te skryf of as 'n "swewende debiet" te toon, die doel sal wees om die laagste moontlike waardes aan afskryfbare bates toe te ken, en die hoogste waardes aan nie-afskryfbare bates. Dit word gedoen om so min as moontlik afskrywings teen inkomste te maak. Sodoende word hoër winste getoon. Indien 'n beleid gevolg word om klandisiewaarde oor 'n korter termyn as ander bates te amortiseer, sal die neiging wees om die hoogste moontlike waardes aan ander afskryfbare bates te koppel, sodat die invloed van amortisering uitgestel of verminder kan word.

Aangekoopte klandisiewaarde word ten opsigte van belastingbeginsels as 'n kapitale uitgawe beskou waaruit geen belastingvoordele vir die onderneming voortvloei nie. As gevolg hiervan loon dit 'n verkrygende maatskappy om soveel moontlik van die koopsom aan bates wat vir belastingaftrekkings kwalifiseer, toe te deel, en so min as moontlik aan klandisiewaarde (Marren, 1985, soos aangehaal deur Gouws, 1990:87).

Savaioie (1970, soos aangehaal deur Gouws, 1990:90) stel dit soos volg:

"Even when their results are good (companies) take advantage of any looseness in reporting standards to present a still better picture. When faced with adversity, the temptation is even stronger to attain the gameplan objectives by taking advantage of reporting standards."

Volgens Hickenbotham (1986, soos aangehaal deur Wium, 1993:35) sal 'n

maatskappy 'n beleid vermy wat sy verdienste per aandeel sal verminder of sy reserwes sal uitput. Indien dit 'n maatskappy is wat gereeld ander maatskappye oorneem, sal 'n beleid van afskrywing teen reserwes nie meer aanvaarbaar wees nie, omrede dit die reserwes uitput. Insgelyks sal 'n vervaardiger of 'n maatskappy waar verkrygings nie 'n wesentlike rol speel nie, nie 'n beleid volg wat sy verdienste per aandeel nadelig gaan beïnvloed nie, maar een waarvolgens klandisiewaarde onmiddellik teen reserwes afgeskryf word (Wium 1993:35).

Sparks (1980:48) het tydens sy studie opgemerk dat die twee maatskappye in die busnywerheid, Tollgate en Putco, klandisiewaarde teen oorspronklike kosprys toon. Volgens hom is dit moontlik omdat dit belangrik is dat hulle opbrengs op ekwiteit so laag as moontlik moet wees. As hierdie verhouding hoog is, kan hulle baie kritiek verduur, veral indien hoër bustariewe voorgestel word. Hy gebruik dit as 'n voorbeeld van hoe bestuur rekeningkundige beleid bewimpel sodat dit hulle pas.

Volgens McColdrick (1997:93) het maatskappye in Amerika al verskeie vindingryke skemas uitgedink om klandisiewaarde te vermy. Een van hierdie praktyke staan bekend as "purchased research and development" en is nuttig vir hoër tegnologie-, gesondheidsorg- en rekenaarmaatskappye. Hierdie maatskappye skryf 'n groot deel van die koste van verkryging as aangekoopte navorsing en ontwikkeling af. Voorbeelde hiervan is IBM en Cisco Systems. IBM het meer as die helfte van sy \$3,2 miljard-verkryging van Lotus Development op hierdie wyse hanteer. Cisco Systems het in 1995 tagtig persent van sy \$120,5 miljoen-verkryging van Lightstream toegeskryf aan aangekoopte navorsing en ontwikkeling. Hierdie praktyk is ingevolge RE 129 geoorloof, solank die aangekoopte ontwikkelingskoste voldoen aan die omskrywing van 'n "identifiseerbare bate". Navorsingskoste word egter nie in Suid-Afrika as 'n bate erken nie.

Howard Schilit (soos aangehaal deur McColdrick, 1997:93), voorsitter van die Center for Financial Research and Analysis wys daarop dat "herstruktureringskoste" dikwels 'n manier is om vandag sonder enige straf vir

môre se uitgawe te betaal. Hierdie praktyk behels dat kostes wat tydens 'n verkryging of "herstrukturering" aangegaan word en veronderstel is om as bates erken te word, onder die dekmantel van "herstruktureringskoste" onmiddellik afgeskryf word.

Brookes (1995:60) verwys ook na hierdie praktyk:

"We should also examine a situation where the recorded value of goodwill may be bumped up. At the time of acquiring a business, it is not uncommon for the purchaser to identify certain anticipated costs to be incurred following the acquisition, including such items as restructuring and integration costs."

Wat in so 'n geval gebeur, is dat toekomstige koste as 'n las getoon word, die waarde van die netto bates daal en klandisiewaarde styg. Dit is dus 'n manier om uitgawes wat toekomstige resultate sleg mag laat lyk, op die klandisiewaarde-ashoop te gooi. 'n Las word deur RE 000 gedefinieer as 'n huidige verpligting wat tot die toekomstige uitvloei van ekonomiese voordele sal lei. Die feit dat die maatskappye verwag om in die toekoms koste aan te gaan, regverdig nie die voorsiening vir 'n las nie, want daar bestaan nie 'n huidige verpligting om die kostes wel aan te gaan nie. Hierdie praktyk is dus onversoenbaar met Algemene Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk.

Volgens Rivat en Clark (1998:123) plaas IAS 22 (hersien in 1998) streng beperkings op bogenoemde praktyk. Voorsienings vir herstruktureringskoste word slegs toegelaat indien die hoofkenmerke rondom die herstruktureringsplan aangekondig is op, of voor, die datum van verkryging, sodat diegene wat geraak sal word 'n geldige verwagting sal hê dat die verkryger wel die herstrukturering sal uitvoer.

Wium (1993:26) het dit gestel dat die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde in Suid-Afrika hoofsaaklik afhang van die doel waarna bestuur strewe.

Dit is dus duidelik dat weens die feit dat daar tot op hede geen standpunt oor klandisiewaarde in Suid-Afrika bestaan het nie, die bedrag van klandisiewaarde, die hantering daarvan en dus ook winste, baie gemanipuleer kan word.

4.6 ANDER AANGELEENTHEDE MET BETREKKING TOT DIE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE EN RE 131

4.6.1 DIE INVLOED VAN DIE GEBRUIK VAN ALTERNATIEWE METODES VIR DIE VERANTWOORDING VAN BESIGHEIDSKOMBINASIES: SAMESMELTINGS VS. VERKRYGINGS

'n Ander probleem wat uit die huidige verwikkelinge rondom die uitreiking van RE 131 kan spruit, is dat dieselfde in Suid-Afrika kan gebeur as wat in Amerika gebeur het toe die amortisering van klandisiewaarde verpligtend gemaak is. RE 131 stel vir die eerste keer die moontlikheid voor dat 'n besigheidskombinasie nie noodwendig as 'n verkryging gehanteer hoef te word nie, maar as 'n samesmelting, indien daar aan sekere voorwaardes voldoen word.

RE 131 hanteer twee soorte besigheidskombinasies, naamlik verkrygings en samesmeltings (oftewel 'n vereniging van belange) en omskryf die onderskeie begrippe soos volg:

Volgens die woordskrywings in RE 131 is 'n verkryging 'n besigheidsamevoeging waarin een van die ondernemings, die verkryger, beheer verkry oor die netto bates en bedrywighede van 'n ander onderneming, die verkrygde, in ruil vir die oordrag van bates, die aangaan van 'n verpligting of die uitreiking van ekwiteit.

RE 131 omskryf 'n vereniging van belange soos volg:

'n Besigheidsamevoeging waarin die aandeelhouders van die

ondernemings wat saamgevoeg word beheer oor die geheel, of effektief die geheel, van hul netto bates en bedrywighede saamvoeg om 'n voortgesette gesamentlike deling in die risiko's en voordele verbonde aan die saamgevoegde entiteit te verkry wat sodanig is dat nie een van die partye as die verkryger geïdentifiseer kan word nie.

Die terme "vereniging van belange" en "samesmeltingsrekeningkunde" verwys albei na dieselfde rekeningkundige metode en sal dus in hierdie studie om die beurt gebruik word.

By 'n verkryging word die verkrygde maatskappy se bates in die verkryger se boeke opgeneem teen kosprys, naamlik die billike waarde daarvan of die billike waarde van die vergoeding daarvoor gegee.

By 'n vereniging van belange, daarteenoor, word die ooreenstemmende bate- en ekwiteitrekeninge bloot saamgevoeg.

Kenmerkend van die rekeningkundige hantering van verenigings, volgens Hughes (1982:12), is dat waar twee maatskappye hulle belange verenig, daar geen oordrag of verkryging van bates plaasvind nie. Dit is bloot 'n samevoeging. Daar is dus nie 'n verkryger of verkrygde nie. Geen bate, ook nie klandisiewaarde, is gekoop nie. Die bogemiddelde verdienvermoë van een maatskappy is bloot saamgevoeg met dié van 'n ander. Alhoewel beide partye erken dat klandisiewaarde wel bestaan, is die klandisiewaarde wat deur elkeen voor die vereniging opgebou is, nie aangeteken deur enige een van die twee nie, omdat hulle dit inherent ontwikkel het.

Van der Merwe (1996:4) beskryf die rekeningkundige verantwoording van 'n samesmelting soos volg:

'n Nuwe maatskappy word gevorm om 'n samesmelting van twee of meer maatskappye te fasiliteer en aandele word deur die nuwe maatskappy uitgereik

aan die aandeelhouders van die maatskappy wat oorgeneem word.

Met hierdie metode word die bates, laste en aandeelhouersekwyteit van die maatskappy wat oorgeneem word, ingebring in die boeke van die nuwe maatskappy teen hul oorspronklike boekwaardes. Die verskil tussen die billike waarde van die aandele uitgereik bo die voorheen vasgestelde boekwaardes word nie verantwoord nie. Die netto uitwerking is dat klandisiewaarde nie aangeteken nie, maar dadelik afgeskryf word teen die aandeelhouersekwyteit in die boeke van die nuutgevormde maatskappy.

'n Eenvoudige voorbeeld kan gebruik word om die verskil tussen 'n verkryging en 'n vereniging van belange te illustreer. Gestel maatskappy A wil maatskappy B oorneem deur 'n 100%-belang te verkry. Die billike waarde van maatskappy B se netto identifiseerbare bates is R20 miljoen. Daar word ooreengekom op 'n koopprys van R30 miljoen. Maatskappy A wil die koopsom vereffen deur een miljoen aandele teen R30 uit te reik.

Maatskappye A en B se balansstate sien voor die transaksie soos volg daaruit:

	Maatskappy A	Maatskappy B
Totale Bates	100 000 000	40 000 000
Aandeelhouersekwyteit	70 000 000	20 000 000
Totale laste	30 000 000	20 000 000
	100 000 000	40 000 000

Die volgende tabel toon die balansstaat van verkrygende maatskappy (A) of die saamgesmelte maatskappy (Z), afhangend van hoe die besigheidsamevoeging geklassifiseer word:

Tipe besigheidsamevoeging :	Verkryging Maatskappy A	Vereniging van belange Maatskappy Z
<u>Totale bates</u>		
Klandisiewaarde	10 000 000	-
Ander bates	140 000 000	140 000 000
	150 000 000	140 000 000
<u>Ekwyteit en laste</u>		
Aandeelhouersekwyteit	100 000 000	90 000 000
Totale laste	50 000 000	50 000 000
	150 000 000	140 000 000

Gouws (1990:128) omskryf samesmeltingsrekeningkunde soos volg:

“Ingevolge samesmeltingsrekeningkunde word ‘n besigheidskombinasie as ‘n vereniging van die belange van twee maatskappye se aandeelhouders deur middel van die uitruil van aandele in die maatskappye beskou. Die metode behels dat die bates en laste van die betrokke maatskappye in die boeke van die gekombineerde maatskappy aangeteken word teen dieselfde bedrae as wat hulle voorheen in die boeke van die afsonderlike maatskappye verskyn het.”

Verder lig Gouws (1990:128) dit uit dat daar grondige redes bestaan waarom maatskappye hierdie metode sou verkies by die verantwoording van ‘n besigheidsamevoeging:

“As gevolg van onder meer die feit dat klandisiewaarde nie ontstaan by die toepassing van samesmeltingsrekeningkunde nie en gesien in die lig van die feit dat daar sterk gedagterigtings by sowel die opstellers as die gebruikers van die finansiële state bestaan waarvolgens klandisiewaarde in finansiële state meer nadele as voordele inhou..., is dit dus duidelik dat samesmeltingsrekeningkunde ‘n gewilde opsie vir die verantwoording van besigheidskombinasies behoort te wees.”

Om hierdie rede waarsku Gouws (1990:130) dat dit belangrik is dat die gebruik van samesmeltingsrekeningkunde streng gereguleer moet word. Dit mag andersins gebeur dat maatskappye agteroor buig om ‘n besigheidsamevoeging as ‘n vereniging van belange te verantwoord om sodoende die erkenning van klandisiewaarde as ‘n bate en die amortisering daarvan te vermy.

Daar kan baie geleer word uit die probleme wat in die Verenigde State ondervind is met die misbruik en wanaanwending van samesmeltingsrekeningkunde.

In 1950 is "Business Combinations, Accounting Research Bulletin No. 40", uitgereik deur die Amerikaanse Instituut van Rekenmeesters wat vir die eerste keer die moontlikheid van samesmeltingsrekeningkunde aangespreek het.

Ingevolge Bulletin Nr. 24, uitgereik deur die Amerikaanse Instituut van Rekenmeesters, kon maatskappye nog dieselfde uitwerking op finansiële resultate met die verkrygingsmetode as met samesmeltingsrekeningkunde verkry, deur klandisiewaarde onmiddellik met verkryging af te skryf teen kapitaalreserwes. Volgens Eiteman (1967:64) kon dieselfde effek egter nie meer met die twee metodes verkry word na die uitreiking van Bulletin 43 nie. Met die uitreiking van hierdie Bulletin deur die Amerikaanse Instituut van Rekenmeesters, is daar dus 'n duidelike onderskeid getref tussen die twee metodes en vir die eerste keer het die vereniging van belange-metode belangrik geword.

Wyatt (1963:39) het tot die volgende slotsom gekom:

"Our study indicated the likelihood that this new position on accounting for intangibles had a significant influence upon the accounting for business combinations. Since the pooling accounting treatment would not create any excess of cost over book value of assets, pressures developed to employ this treatment. In a period of rising prices such as the 1950's the pressures to avoid the future charges to income that the purchase treatment involved were almost irresistible."

Die rekeningkundige prosedures betrokke by die vereniging van belange-metode verskil heeltemal van besigheidskombinasies wat verantwoord word as verkrygings. Nogtans was die kriteria vir die onderskeiding tussen 'n verkryging en vereniging van belange subjektief. Volgens Carman (1956:60) het die toepassing van hierdie kriteria so agteruitgegaan na 1953, dat teen die laat vyftigerjare bykans enige samevoeging op enige manier gehanteer kon word. Dit het algemene praktyk geword om die samevoeging te laat pas by die gewenste

rekeningkundige hantering daarvan. Daar is al hoe meer gepoog om die kriteria vir die hantering van 'n samevoeging tot 'n vereniging van belange te rek. Wyatt (1963:26) het tot dieselfde gevolgtrekking gekom as Carman:

"The general deterioration of these criteria and their application in practice progressed to the point that almost any business combination could be treated as either a purchase or a pooling at the discretion of the parties involved."

Carman (1956:60) het die metode en wanaanwending daarvan soos volg toegelig: In die gevalle waar die samevoeging inderwaarheid 'n verkryging was en die kriteria vir 'n verkryging van belange gestrek en omseil is om aan die wense van die verkrygende maatskappye te voldoen, is klandisiewaarde wat aangekoop is, nie getoon nie; *in werklikheid is dit dadelik afgeskryf teen kapitaalsurplus, aangesien die aandele daarvoor gegee nooit teen billike waarde aangeteken is nie.*

Kripke (1961:1034) het die uitwerking van hierdie ontwikkeling van die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde soos volg opgesom:

"But let us see what has been accomplished. *The effect is to nullify the accounting principles requiring substantially all charges to go through the income account.* Here the charge to eliminate the goodwill is, in effect, made in advance. It is made not to income and not to earned surplus, but to capital surplus or the capital account, through the convenient device of never recording the goodwill by never recording the full consideration for which the capital stock was issued. *Thus, pooling has had the unintended seeming effect of nullifying principles of conservative income accounting for which leading members of the accounting profession had waged a victorious battle.*" (Skuinsdruk ingevoeg.)

Die werk van die Amerikaanse Instituut van Rekenmeesters is dus ongedaan

gemaak deur die koms van samesmeltingsrekeningkunde. Al die standpunte wat die hantering van klandisiewaarde beheer het, was nou van nul en gener waarde, want maatskappye het bloot die aanvanklike erkenning van klandisiewaarde omseil deur die besigheidsamevoeging as 'n vereniging van belange te verantwoord.

Coy (1998:50) wys op die nadele van die misbruik van samesmeltingsrekeningkunde:

"But while pooling helps avoid goodwill charges, it's not usually in the interest of investors. First, pooling spoils the comparison of earnings between companies formed by pooling and other merger-formed companies. Second, merger-minded companies often twist themselves into knots to qualify for pooling as ostensible equals....Finally, pooling also perpetuates fictions – such as recording assets at unrealistic historical costs – that would be set right in conventional purchase accounting."

Met die oornome van Capital Cities/ABC, was Walt Disney nie in staat om samesmeltingsrekening toe te pas nie (Coy, 1998:50). Die volgende tabel toon duidelik waarom Disney graag die besigheidsamevoeging as 'n samesmelting sou wou hanteer:

Tabel 4.2 : Die uitwerking van twee verskillende metodes van verantwoording vir 'n besigheidsamevoeging op die verdienste van Walt Disney.

Verkrygingsrekeningkunde		Samesmeltingsrekeningkunde	
Koopsom betaal	\$18,9 miljard	Waarde van Capital Cities/ABC	\$18,9 miljard
Redelike waarde van Capital Cities/ABC se netto bates	-\$0,3 miljard	Boekwaarde van Capital Cities/ABC se netto bates	-\$0,3 miljard
Klandisiewaarde wat ontstaan	\$19,2 miljard	Klandisiewaarde wat ontstaan	\$0
Jaarlikse debiet teen Disney se verdienste weens amortisering van klandisiewaarde	\$480 miljoen	Jaarlikse debiet teen Disney se verdienste weens amortisering van klandisiewaarde	\$0

Die Disney-geval is 'n goeie 'n voorbeeld van die eenvoudige illustrasie wat vroeër gegee is. Hier kan 'n mens duidelik sien watter uiteenlopende syfers die twee metodes verskaf ten opsigte van presies dieselfde transaksie.

Volgens Boatsman (1998:88) ondersteun navorsing die stelling dat ondernemings aansienlike hulpbronne verbruik om transaksies te struktureer waarvan die enigste doel is om gunstige finansiële verslagdoening te verseker. Sover dit besigheidsamevoegings betref het Lys en Vincent (1995, soos aangehaal deur Boatsman, 1998:88) verslag gedoen dat AT&T ten minste \$50 miljoen betaal het ten einde die verkryging van NCR as 'n vereniging van belange te kan verantwoord. Navorsing dokumenteer ook ooreenstemmende gedrag in ander finansiële kontekste. Volgens Boatsman (1998:88) het navorsing ook bevestig dat die verskille tussen die na-verkryging rekeningkundige verantwoording van 'n verkryging en 'n vereniging van belange as uiters belangrik beskou word.

Dit is dan ook geen wonder dat baie konsultante die meeste van die tyd besig is met hierdie kwessie nie. McGoldrick (1997:92) haal vir Willens, 'n besturende direkteur by Lehman Brothers, soos volg aan:

"I must spend 50 percent of my time fielding questions from clients who wish to avoid goodwill and who want to know how to qualify for pooling treatment."

Aan die ander kant is daar die geval van Wells Fargo & Co. en First Bank System. In 1995 was hierdie twee maatskappye in 'n oornamestryd gewikkel om First Interstate Bank te bekom. Michael Davis, soos aangehaal deur McColdrick (1997:93), gebruik hierdie geval om te toon dat die algemene opvatting van klandisiewaarde besig is om te verander. Wells Fargo kon nie die vereniging van belange-metode gebruik nie, aangesien hy besig was met 'n aggressiewe aandeelterugkoopkema. Hy sou die transaksie dus as 'n verkryging moes hanteer met klandisiewaarde van \$4 biljoen wat afgeskryf moes word teen

verdienste. Baie ontleders het gevoel dat Wells Fargo se aanbod sou misluk. Wells het egter geredeneer dat die mark nie die vorm van die transaksie nie, maar die wese daarvan sou beoordeel. First Bank daarenteen, het sy aanbod onderhewig gemaak aan sy vermoë om die transaksie as 'n vereniging van belange te verantwoord en is uiteindelik deur die Securities & Exchange Commission verbied om van hierdie metode gebruik te maak. Wells Fargo het nie net die bod gewen nie, maar die aandelemark het ook gejuig. Wells Fargo se aandeelprys het met drie persent gestyg op die dag waarop die suksesvolle aanbod aangekondig is, klandisiewaarde en al.

Om op te som kan die volgende redes vir die gebruik van samesmeltingsrekeningkunde uitgelig word (Gouws 1990:144-145):

:

- Die skep van klandisiewaarde word voorkom deur die toepassing van samesmeltingsrekeningkunde.
- Verdienste per aandeel word verhoog deur die toepassing van samesmeltingsrekeningkunde aangesien daar nie sprake is van die amortisering van klandisiewaarde nie.
- Opbrengs op kapitaalverhoudings sien uiteraard meer gunstig daar uit omdat die verdienste per aandeel verhoog. Te danke aan samesmeltingsrekeningkunde, vind 'n meer as proporsionele verhoging in hierdie verhoudings egter plaas wanneer verdienste per aandeel toeneem, as gevolg daarvan dat hierdie verdienste opgelewer word deur 'n klein kapitaalbasis. Dit is so omdat die kapitaalbasis nie vergroot word deur klandisiewaarde te boekstaaf of ander bates opwaarts te waardeer nie.

RE 131 paragraaf 14 noem dat dit uiters selde onmoontlik behoort te wees om 'n verkryger te identifiseer. In so 'n geval sal die samevoeging as 'n vereniging van belange verantwoord kan word. Aangesien die kriteria van RE 131 die gebruik van hierdie metode kwaai inperk, behoort Suid-Afrika nie soveel probleme op hierdie gebied te ervaar as die VSA nie.

4.6.2 DIE UITWERKING VAN DIE ERKENNING VAN KLANDISIEWAARDE TEENoor HANDELSMERKE

Artikel 11 (gA) van die Inkomstebelastingwet laat die amortisering van handelsmerke as 'n aftrekking toe. Vanuit 'n belastingoogpunt is dit dus duidelik dat 'n verkrygende maatskappy soveel as moontlik van die premie by verkryging aan handelsmerke en so min as moontlik aan klandisiewaarde sal wil toedeel.

Daar is op die oomblik heelwat maatskappye in Suid-Afrika wat handelsmerke in die balansstaat het en dit nie amortiseer nie. 'n Moontlike rede hiervoor, soos Brown (1998:61) dit gestel het, mag wees dat maatskappye hulle balansstaat beter wil laat lyk omdat die netto bates aansienlik verminder is na die groot afskrywing van klandisiewaarde. 'n Probleem met die afskrywing van klandisiewaarde teen reserwes is, volgens Brown (1998:61), dat lei tot 'n afname in ekwiteit lei. Brown stel dit dat baie maatskappye in die Verenigde Koninkryk hierdie probleem probeer oplos het deur handelsmerke afsonderlik in die balansstaat te waardeer en erken.

Die verband tussen die hantering van klandisiewaarde en handelsmerke het vir die eerste maal na vore gekom in die Verenigde Koninkryk:

- Rutteman (1990:51) stel dit soos volg: "The brand accounting debate is therefore merely an extension of the goodwill accounting issue, and the prominence given to the brand accounting debate in the United Kingdom is a reflection of the particular approach to goodwill adopted here."
- Ashman en Coulson (1990:21) sien dit feitlik in dieselfde lig as Rutteman: "We see accounting for brands as a symptom of the disease and as a solution for some companies to the problem of accounting for goodwill."

Daar is 'n moontlikheid dat arbitrasie tussen klandisiewaarde en handelsmerke kan plaasvind. Weer eens was dit maatskappye in die Verenigde Koninkryk wat eerste hierdie praktyk as 'n oplossing vir hulle probleme toegepas het. Volgens Rutteman (1990:57) wou maatskappye graag die klandisiewaardesyfer wat met

verkryging ontstaan, soveel as moontlik beperk, omdat hulle onwillig was om dit te amortiseer, en onmiddellike afskrywing die balansstaat sou verwring. Britse maatskappye het 'n oplossing vir hierdie probleem gevind in SSAP 22 wat klandisiewaarde gedefinieer het as "the difference between the value of a business as a whole and the aggregate of the fair values of its *separable net assets* (eie beklemtoning)". Die vraag was dus of daar enige bates is wat gewoonlik ingesluit word by klandisiewaarde wat eerder as "skeibare netto bates" geïdentifiseer kan word (Rutteman, 1990:59).

Volgens Rutteman (1990:62) het die klem toe begin val op handelsmerke en soortgelyke ontasbare bates as "skeibare" bates. Tydens 'n verkryging is daar dus 'n redelike waarde toegeken aan hierdie "skeibare" bates en die klandisiewaardesyfer het afgeneem. Handelsmerke wat aldus teen toegedeelde koste gekapitaliseer is, was nie onderworpe aan amortisering nie. Die fundamentele teenoorgestelde hantering van klandisiewaarde en handelsmerke het dus veroorsaak dat daar arbitrasie plaasgevind het tussen hierdie twee bate-klassifikasies en wel soos wat dit die bestuur gepas het.

Volgens Grant (1996:18) het Australiese maatskappye ook die toepassing van arbitrasie op klandisiewaarde tot 'n fyn kuns ontwikkel:

"A company which acquires another seeks to maximise identifiable assets of all shapes and sizes, so as to minimise or eliminate the residual asset to be described as goodwill."

Grant noem die voorbeeld van beide Seven Network en Nine Network wat die totale bedrag van die surplus van die koste van 'n verkryging bo die identifiseerbare bates aan "televisielisensies" toegeskryf het. Verder het albei maatskappye die standpunt ingeneem dat die bate jaarliks hersien sal word en solank as wat die verhaalbare bedrag die drabedrag oorskry, geen amortisering of afskrywing sal plaasvind nie. Dit word natuurlik gedoen om die bepalings van AASB 1013 te sistap wat bepaal dat klandisiewaarde oor 20 jaar geamortiseer moet word.

Rivat (1997:68) meen dat die International Accounting Standards Committee juis die voorkoming van arbitrasie in gedagte gehad het by die vasstelling van 'n amortisasieperiode van 20 jaar vir beide identifiseerbare ontasbare bates en klandisiewaarde:

"This avoids opportunities for accounting arbitrage by recognising an intangible item that is similar in nature to goodwill (for example, brand names and mastheads) as an intangible asset rather than goodwill or vice versa."

RE 129 wat op 1 Januarie 2000 in werking getree het, vereis ook dieselfde hantering vir identifiseerbare ontasbare bates as vir klandisiewaarde, naamlik amortisering oor 'n maksimum periode van twintig jaar. Hierdie eenvormige behandeling sal dus arbitrasie voorkom.

4.6.3 DIE INVLOED VAN DIE REKENINGKUNDIGE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE OP DIE OORNAMEBESLUITTE VAN MAATSKAPPE

Everingham (1997:3) voel dat die amortisering van klandisiewaarde wel praktiese gevolge het wat in gedagte gehou moet word wanneer dit 'n verkryging onaantreklik mag maak vanuit 'n rekeningkundige oogpunt. Hy meen egter ook dat aanhangers van kapitaalmarkdoeltreffendheid dadelik sal sê dat die mark oor die vermoë beskik om die gevolge van verkrygings te verstaan, ongeag die rekeningkundige vorm of voorstelling daarvan. Dus is die amortisering of nie-amortisering van klandisiewaarde nie ter sake by die bepaling van markpryse nie. Terwyl hierdie oogpunt deur 'n beduidende hoeveelheid literatuur ondersteun mag word, mag dit steeds nie bestuur oorreed nie.

In die verlede het verskille in die vereiste rekeningkundige behandeling van klandisiewaarde tussen Brittanje en Amerika daartoe gelei dat Britse maatskappye hoër pryse kon aanbied as hul Amerikaanse mededingers in onderhandelinge oor groot internasionale oornames (Rutteman, 1987, soos

aangehaal deur Gouws, 1990:91).

Amerika en die Verenigde Koninkryk was lank in 'n argument betrokke aangaande die hantering van klandisiewaarde en die vergelykende voordeel wat maatskappye in die Verenigde Koninkryk in hierdie opsig bo Amerikaanse maatskappye geniet het. Ashman en Coulson (1990:26) voer aan dat een ding wat na vore gekom het uit hierdie argument, is dat klandisiewaardestandaarde en rekeningkunde standaarde oor die algemeen, wel saak maak. Nietemin is dit 'n geval van "the tail wagging the dog" wanneer rekeningkundige standaarde soveel saak maak dat 'n maatskappy in die Verenigde Koninkryk 'n verkryging kan bekostig en 'n Amerikaanse maatskappy nie. Die verkryging is 'n ekonomiese proposisie of nie. Die feit dat 'n spesifieke rekeningkundige standaard op 'n sekere wyse daarop toegepas kan word, is nie wat dit 'n goeie verkryging maak nie. Dit voeg nie 'n sent by die kontantvloei wat gegenerer is nie en inderwaarheid voeg dit niks by verdienste nie.

Die Amerikaners was verder ook ongelukkig oor die feit dat klandisiewaarde nie onder Amerikaanse belastingwetgewing vir belasting aftrekbaar is nie. Dit strek tot nadeel van Amerikaners in internasionale oornome-aanbiedinge dat klandisiewaarde in sommige lande as aftrekking toegestaan word (Davis 1992:76).

Hughes (1982:135) wys daarop dat die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde nie net 'n invloed op finansiële state mag hê nie, maar ook op die sakeomgewing. Met verwysing na die gebeure in Amerika sedert 1958, skryf hy die volgende:

"Inflated asset and stock prices caused some firms involved in business combinations to account for the transactions in such a manner as to avoid reflecting the inflated prices in accounts and financial reports. The accounting profession was subsequently criticized for permitting such abusive practices to occur, but when it attempted to curtail them, its proposed accounting guidelines were

so restrictive they drew national attention because they were viewed by some as threatening to affect the merger movement adversely. Thus the fact that accounting practice was not only a part of or result of the business environment but could have an impact as well was illustrated forcefully."

Gouws (1990:91) is van mening dat die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde bestuur kan beïnvloed en daartoe kan lei dat die onderneming nie voortgaan met 'n besigheidsoorname nie. Indien aanvaar word dat die amortisering van klandisiewaarde verpligtend sal wees, is dit moontlik dat die bestuur van die verkrygende maatskappy nie kans sal sien vir die gevolge van die gevolglike verlaging in die verdienste van die gekombineerde maatskappy nie.

Vroeër is genoem dat samesmeltingsrekeningkunde en die onmiddellike afskrywing van klandisiewaarde teen reserwes besondere voordele inhou vir die opstellers van finansiële state. Volgens Catlett & Olson (1968:53) het hierdie alternatiewe dit makliker gemaak vir maatskappye om oornames te maak:

"It is likely that many of the business combinations in the United States, both large and small, in the last ten years would not have occurred if purchase accounting and amortization of the resulting goodwill had been required."

Hoewel bogenoemde net 'n mening is wat uitgespreek is, is dit steeds 'n goeie aanduiding van hoe baie mense in die korporatiewe wêreld oor die kwessie voel.

Die Financial Accounting Standards Board in Amerika is besig met 'n proses waarin daar gepoog word om die gebruik van samesmeltingsrekeningkunde te verminder. Die vereistes vir 'n samesmelting word dus strenger gemaak sodat meer besigheidsamevoegings as verkrygings gehanteer sal word. Coy (1998:50) se mening is dat hierdie stap van die FASB nie die "merger boom" sal keer nie, maar dat dit maatskappye ten minste sal ontmoedig om te veel te betaal om 'n

ander maatskappy oor te neem. Robert Willens, 'n besturende direkteur van Lehman Brothers, soos aangehaal deur Roy (1997:13) voel weer dat 'n derde van alle samesmeltings gekelder kan word indien die FASB beperkings plaas op die toepassing van samesmeltingsrekeningkunde.

'n Rede wat aangevoer is vir Paramount Communications se mislukte \$11 miljard aanbod om Time in 1989 te verkry, was dat 'n bedrag van \$9,2 miljard se klandisiewaarde uit die transaksie sou spruit. Volgens McGoldrick (1997:91) was die verwagting dat hierdie enorme bedrag die verkryger se verdienste – en aandeelprys – vir nog baie jare nadelig sou beïnvloed.

Hendriksen (1982, soos aangehaal deur Gouws, 1990:146) stel dit ook dat die stand van die finansiële state, soos bepaal deur die wyse van verantwoording vir besigheidskombinasie, dikwels 'n deurslaggewende rol kan speel wanneer besluit word of die kombinasie behoort plaas te vind of nie.

Met verwysing na die “agentteorie” het Sturgess (1990:102) genoem dat die konflik wat tussen die belange van die eienaars van 'n maatskappy en die bestuurders daarvan bestaan, dikwels uitdrukking vind in bestuur se voorkeur om die grootte van die maatskappy uit te brei deur verkrygings, eerder as deur organiese groei.

Palmeri (1996:356) het in 'n artikel, “Poof Companies”, daarop gewys hoe maklik dit in 'n stadium in Amerika was om 'n maatskappy tot stand te bring deur middel van die konsolidasie van 'n klomp kleiner maatskappye en uiteindelik hoë winste te toon deur die erkenning van klandisiewaarde op die balansstaat te vermy.

'n Firma wat betrokke was by die skep van sulke “poof companies”, was Notre Capital Ventures. Volgens Palmeri (1996:356) was daar met die geweldige vlag van oornames in Amerika gedurende die neëntigerjare baie konsolidasie-entrepreneurs wat vinnig ryk geword het. Een van hulle was Michael Baker, die stigter van Notre Capital Ventures. Sy wenresep was soos volg:

"You could avoid generating a lot of goodwill in an acquisition if you put several smaller companies together at once, rather than acquiring them piecemeal. Under accounting laws then on the books, throwing several companies into a pot simultaneously meant that the consolidator did not have to create a pile of goodwill that then had to be amortized against earnings. Other things being equal, a consolidator formed this way would have more earnings to report and therefore a higher public market value for its assets."

(ibid.)

Ongelukkig vir hierdie konsolidasie-entrepreneurs het die Securities & Exchange Commission die rekeningkundige reëls gedurende Junie 1996 verander. Sedertdien kan een massiewe konsolidasie nie meer hanteer word as 'n samesmelting van eenderse maatskappye nie; dit moet verantwoord word asof daar 'n reeks verkrygings plaasgevind het. Die klandisiewaarde wat dan so ontstaan, moet oor 'n tydperk van veertig jaar teen inkomste geamortiseer word (Palmeri, 1996:357).

Steven Harter, die rekenmeester van Notre, se reaksie hierop was dat dit moeiliker sou wees om te verduidelik wat die maatskappy se verdienste werklik was, maar dat die Securities & Exchange Commission se nuwe reëls hom nie sou verhoed om in die toekoms voort te gaan met konsolidasie-transaksies nie (ibid.).

Dit is nie vergesog dat die rekeningkundige metode van afskrywing teen reserwes 'n motiverende rol gespeel het in bestuurders se oornamesbesluite gedurende 1998 en 1999 nie. So kon hulle die maatskappye se verdienste en opbrengs op kapitaal kunsmatig verhoog.

Die eenvormigheid wat na verwagting deur RE 131 meegebring behoort te word wat betref die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde in Suid-Afrika, sal die speelveld gelyk maak vir alle maatskappye. Bestuurders sal hulle nie verder hoef te kwel oor die keuse van 'n rekeningkundige beleid in dié opsig nie.

Daarom behoort sakebesluite nie daardeur beïnvloed te word nie en bestuur sal slegs op die ekonomiese meriete van 'n oorname hoef te konsentreer.

4.7 DIE UITWERKING VAN DIE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE OP AANDEELPRYSE

Dit wil voorkom asof maatskappye oor die algemeen bekommerd is dat 'n rekeningkundige beleid wat tot 'n daling in verdienste lei, noodwendig 'n swakker aandeelprys tot gevolg het.

Power (1990:126) het die volgende stelling gemaak:

"It is widely reported that companies are concerned with the impact of ED 47 [issued by the Accounting Standards Committee] on reported earnings. The only impact that really matters is on share price. Thus these companies must be concerned that they will be misvalued by the market and hence that the market is inefficient in an important sense."

Rutteman (1990:52) stel dit so:

"Some [companies] do amortise goodwill but rightly or wrongly believe that they have suffered in the marketplace in terms of their shares being underrated."

In hierdie gedeelte sal daar ondersoek ingestel word of hierdie siening dat die rekeningkundige verantwoording van klandisiewaarde wel 'n invloed op 'n maatskappy se aandeelprys kan hê, regverdigbaar is.

4.7.1 DIE UITWERKING VAN REKENINGKUNDIGE INLIGTING OP DIE KAPITAALMARK.

Arnold en andere (1992:11) beskryf die kapitaalmark se reaksie op rekeningkundige inligting, ingevolge die Doetreffende Kapitaalmark-hipotese, soos volg:

“There is evidence to support the view that the capital market responds rapidly and in an unbiased manner to all publicly available information and that it can distinguish between accounting information that signals a ‘real’ change in an organisation’s position or performance and information that is ‘cosmetic’ and has no implications for the ‘real’ position of the organisation (the semi-strong form of the Efficient Market Hypothesis (EMH)). One implication of this form of efficiency is that disclosure is important whereas the choice of accounting treatment is not. However, some recent evidence casts doubt on the literature supporting the semi-strong form of EMH.”

Indien daar dus van die veronderstelling uitgegaan word dat die kapitaalmark in die semi-sterk vorm doeltreffend is, is dit duidelik dat die mark kan onderskei tussen rekeningkundige inligting as gevolg van werklike veranderinge of kosmetiese veranderinge.

Daar is reeds omvattende navorsing gedoen oor hoe die aandelemark reageer op nuwe rekeningkundige inligting en maatskappye se keuse van rekeningkundige metodes. Dit staan bekend as markgebaseerde rekeningkundige navorsing (MBAR). Oor die afgelope 15 tot 20 jaar was MBAR die oorheersende vorm van rekeningkundige navorsing in die VSA.

MBAR-studies kan volgens Marsh en andere (1990:91) in drie kategorieë verdeel word, met die klem op die volgende:

- *Inligtinginhoud.* Hier word hoofsaaklik gekyk na die impak op die aandeelprys

tydens die bekendmaking van rekeningkundige data en die spoed waarteen die mark aanpas.

- *Diskresionêre rekeningkundige tegnieke.* Hier is die hoofbesorgdheid of beleggers mislei word deur die gebruik van alternatiewe rekeningkundige metings- en openbaarmakingstegnieke, en of hulle oor die vermoë beskik om deur die sluier van rekeningkundige praktyke te kan kyk.
- *Verpligte rekeningkundige veranderinge en regulering.* Hierdie studies kyk na die invloed van veranderinge in rekeningkundige standaarde en openbaarmakingsvereistes op die aandelemark.

Marsh en andere (1990:92) het die bewyse wat deur MBAR-studies opgelewer is, soos volg opgesom:

- Rekeningkundige data verskaf nuttige en ter sake inligting aan beleggers, maar 'n groot gedeelte van die mark se reaksie op rekeningkundige resultate vind vooruitlopend plaas, wat aandui dat aanvullende en meer tydige inligting ook gebruik word deur beleggers.
- Die verhouding tussen gerapporteerde rekeningkundige syfers en aandeelopbrengs is nie meganies nie, met ander woorde die mark neem nie rekeningkundige syfers op sigwaarde nie, maar gebruik 'n wydgebaseerde inligtingstel vir die interpretasie van die syfers se inligting inhoud.
- Die mark reageer tipies op 'n spoedige en onpartydige wyse op nuwe inligting, en daar is min bewyse van vertraagde reaksies of onredelike optrede.
- Die mark kyk verby rekeningkundige syfers ten einde kontantvloei te bepaal. Rekeningkundige veranderinge wat kontantvloei laat toeneem (gewoonlik omdat dit 'n uitwerking op belasting het), selfs al verminder dit gerapporteerde verdienste, word oor die algemeen beskou as goeie nuus. In teenstelling hiermee, word veranderinge wat tot 'n toename in gerapporteerde verdienste lei, maar sonder 'n toename in kontantvloei, beskou as neutraal of meer waarskynlik as slegte nuus. Laasgenoemde stem ooreen met verdere bewyse dat maatskappye wat swak presteer meer geneig is om rekeningkundige veranderinge aan te bring.
- Tesame met die rekeningkundige syfers en hul kontantvloei-inligting, kyk die

mark ook na die seine wat deur die gerapporteerde syfers uitgestuur word – ten opsigte van wat dit hulle van huidige of toekomstige prestasie, en van bestuur se toekomstige optrede sal kan vertel.

Die hantering van klandisiewaarde is slegs 'n boekinskrywing, het geen kontantvloei gevolge nie en hou ook geen belastingvoordeel in nie. Daarom sou 'n mens op grond van bogenoemde resultate verwag dat die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde geen invloed op 'n maatskappy se aandeelprys sal hê nie.

Standish en Ung (1982, soos aangehaal deur Wium, 1993:115) het tussen 1964 en 1973 die uitwerking van vaste bate-herwaardasies op die aandeelprys van 232 genoteerde Britse maatskappye ondersoek deur van die markpryswaardingsmodel gebruik te maak. Die gevolgtrekking was dat oor die algemeen, aandeelpryse nie deur die herwaardasie van bates beïnvloed word nie.

Kaplan en Roll (1972, soos aangehaal deur Sturgess 1990:104) het die aandeelpryse van maatskappye vir 'n tydperk van 6 maande voor en 6 maande na 'n rekeningkundige beleidsverandering ondersoek. Die verandering wat ter sprake was, was 'n oorskakeling van versnelde depresiasie na die reguitlynmetode. Dit het 'n verhoging in gerapporteerde verdienste tot gevolg gehad, maar kontantvloei het onveranderd gebly. Die resultate het 'n effense toename in aandeelprys vanaf 15 weke voor die rekeningkundige verandering tot 10 weke daarna getoon. Drie maande na die verandering het die mark egter die verandering as 'n teken van "korporatiewe swakheid" begin vertolk. Die aandeelprys het weer aansienlik teruggesak. Die studie illustreer dat:

- die mark nie mislei word deur kosmetiese veranderings nie; en ook dat
- 'n rekeningkundige beleidsverandering moontlik teenproduktief mag wees.

Laasgenoemde gebeur wanneer bestuur 'n marksein uitstuur dat hulle verdienste probeer vlei deur rekeningkundige beleidsveranderinge te maak.

Uit bogenoemde studies kom dit na vore dat aandeelpryse nie beïnvloed word deur 'n verandering in rekeningkundige beleid nie. Dit blyk ook dat die effektiewe markhipotese wel redelik funksioneer in eerstewêreldlande soos Amerika.

Hierdie bevinding word beklemtoon deur Sturgess (1990:104):

"The question of the impact of cosmetic accounting changes has been investigated in some depth as a test of stock market efficiency. Empirical research in the United States indicates that investors do not suffer from 'financial illusion' and that firms cannot increase the value of their traded equity by manipulating the reported earnings by a judicious choice of accounting conventions."

Sturgess (1990:104) se ervaring is egter dat kleiner maatskappye wat die verkrygingsgroeipad geloop het, valse seine aan die mark gestuur het deur die manipulasie van verdienste:

"It is also certainly true that many trades take place by commission-hungry institutional equity salespersons using reported and forecast earnings data and gearing ratios based upon unqualified balance sheet information. Moreover, accounting ratios are often used in investment research where raw information from balance sheets is obtained from large computerised data bases and the relevant ratios are churned out for investment purposes by the application of software programs."

Hieruit kan afgelei word dat beleggers uiteindelik wel beïnvloed word deur rekeningkundige inligting.

Marsh en andere (1990:97) het met van die vernaamste ontleders en bankiers in Brittanje gepraat. Al die ontleders het beklemtoon dat hulle meer gesofistikeerd is as om beïnvloed te word deur rekeningkundige hantering van balansstaat-

items (in teenstelling met kontantvloei, rente-dekking en onderliggende batewaardes). Dieselfde siening is deur bankiers gehuldig.

Hoewel die bogenoemde bevindings indrukwekkend eenparig was, word daar twee voorbehoude gestel. Eerstens was die steekproef eensydig op die vooraanstaande en meer gesofistikeerde markdeelnemers gerig. Tweedens weerspieël die resultate sienings of houdings en nie gedrag nie. Wat uiteindelik saak maak, is wat ontleders doen – nie wat hulle sê nie – en hoe hierdie optrede aandeelpryse beïnvloed (Marsh en andere, 1990:96).

Volgens Marsh en andere (1990:96) kan daar, sover dit die eerste punt betref, geredeneer word dat dit toepaslik is om die steekproef te rig op die meer gesofistikeerde deelnemers. Hoewel daar sonder twyfel wel ontleders, bankiers en ander gebruikers is wat geflous mag word deur sekere inligting in die finansiële state, word daar verwag dat die optrede van die gesofistikeerde deelnemers sal oorheers. Dit is te wagte dat die beste ontleders 'n groter navolging sal hê en diegene sal wees wat die aandeelpryse beïnvloed.

McConnel (soos aangehaal deur McGoldrick, 1997:93), 'n rekeningkundige ontleder by Bear, Sterns & Co. voel dat die rekeningkundige hantering van 'n samesmelting glad nie ter sake behoort te wees wat betref die maatskappy se aandeelprys nie. Finansiële teorie behels dat 'n maatskappy se waarde die verdiskonteerde huidige waarde van die toekomstige kontantvloei is. As twee soortgelyke transaksies onderskeidelik as 'n verkryging en 'n samesmelting verantwoord word, is daar steeds geen ekonomiese verskil tussen die twee nie.

Teoreties is dit moeilik om van McConnel te verskil, maar in die praktyk wonder uitvoerende finansiële direkteure of beleggers en ontleders werklik tyd daaraan bestee om te bepaal watter maatskappye kosmeties swakker resultate het as gevolg van verkrygingsrekeningkunde. Soos een Groot Ses-vennoot (soos aangehaal deur McGoldrick, 1997:93) dit stel: "CFO's think investors are, in a word, lazy."

Aangesien aandeelpryse deur so 'n magdom faktore beïnvloed word, is dit baie moeilik om te bepaal of die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde ook 'n invloed kan hê. Ingevolge die doeltreffende kapitaalmark-hipotese, het die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde teoreties geen invloed op 'n maatskappy se aandeelprys nie. Aan die ander kant is dit 'n ope vraag of die Suid-Afrikaanse mark oor die vermoë beskik om te onderskei tussen werklike en kosmetiese rekeningkundige inligting. Verder kan daar ook onderskeid getref word tussen die verskillende gebruikers van finansiële inligting. Sommige gebruikers is gesofistikeerd en beskik oor die nodige rekeningkundige kennis om byvoorbeeld by die vergelyking van twee maatskappye, die nodige aanpassings aan verdienste en opbrengs op ekwiteit aan te bring. Ander gebruikers beskik weer nie oor die nodige rekeningkundige kennis nie. Die skrywer se mening is dat die meerderheid Suid-Afrikaanse gebruikers van finansiële state nie deur die "sluier van die rekeningkundige verantwoording van klandisiewaarde" kan sien nie en dus mislei kan word deur gerapporteerde maatskappy-resultate.

Vervolgens sal die ondersoek wat na maatskappye se finansiële jaarstate ingestel is, behandel word.

HOOFSTUK 5

RESULTATE, BESPREGING EN GEVOLGTREKKINGS

5.1 BESKRYWING VAN DIE ONDERSOEK

'n Ondersoek is ingestel na die 1998-finansiële jaarstate van een honderd maatskappye wat op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer is.

5.1.1 DIE UNIVERSUM

Daar is besluit om nywerhede asook banke en finansiële dienste by die ondersoek te betrek. Die rede hiervoor is dat die mynbosektor kapitaalintensief is en wat klandisiewaarde betref, nie juis tersaaklik is met betrekking tot hierdie studie nie.

Aangesien die steekproef wat uiteindelik gedoen is, verteenwoordigend moes wees van die onderskeie sektore van die universum, is daar besluit om 'n proporsionele steekproef te doen. Dit het ook beteken dat klein sektore nie ingesluit kan word by die universum nie en daarom is die kleiner sektore soos kontant, vervoer, staal en bedrywe, papier, verpakking en drukwerk, motors, meubels en huisware, ontwikkelingsfase en chemikalieë, asook daardie sektore wat nie goed verteenwoordig is in die voorste 150 maatskappye nie, uitgesluit. Bogenoemde sektore is as "klein" sektore bestempel indien hulle minder as twaalf gewone of vier van die voorste 150 maatskappye bevat het. Nadat hierdie

“klein” sektore uitgehaal is, het die volgende sektore oorgebly:

- Banke en finansiële dienste
- Nywerheid-beherend
- Drank, hotels en ontspanning
- Elektronika
- Voedsel
- Media
- Farmaseuties en medies
- Winkels
- Ontwikkelings- en waagkapitaal

Ontwikkelingskapitaal en waagkapitaal is saamgevoeg en vir die doeleindes van die steekproef en die ondersoek as een sektor beskou.

Daar is besluit om die data in sektore te verdeel. Die rede hiervoor is dat die verwagting bestaan het dat daar moontlik verskillende tendense in die sektore kon voorkom wat betref die hantering van klandisiewaarde en die gevolglike uitwerking daarvan op die maatskappy/sector se resultate. Ten einde hierdie tendense en gevolglike invloed daarvan per sektor te ontleed, was dit dus nodig om die maatskappye binne hulle onderskeie sektore te klassifiseer en uiteindelik 'n verteenwoordigende steekproef uit elke sektor te verkry.

Die universum het dus bestaan uit nege sektore. Elke sektor is verdeel tussen die maatskappye wat onder die voorste 150 maatskappye tel en dié wat nie daaronder tel nie. Die **Financial Mail** (25 Junie 1999:176) se lys van die voorste 150 maatskappye volgens markkapitalisasie gedurende 1998 is gebruik om hierdie onderskeid tussen die maatskappye te tref.

Tabel 5.1 toon die samestelling van die universum aan:

Tabel 5.1: Die samestelling van die universum.

Sektor	Getal		Totaal
	Getal gewone maatskappye	Voorste 150 maatskappye	
Banke en finansiële dienste	12	20	32
Nywerheid-beherend	34	16	50
Drank, hotels en ontspanning	28	6	34
Elektronika	40	10	50
Voedsel	26	9	35
Media	18	7	25
Farmaseuties en medies	12	4	16
Winkels	38	10	48
Ontwikkelings- en waagkapitaal	30	1	31
Totaal	238	83	321

5.1.2 DIE METODE VAN STEEKPROEFNEMING

'n Proporsionele gestratifiseerde ewekansige steekproef is geneem. Daar is besluit op 'n steekproefgrootte van een honderd elemente. Dit verteenwoordig 31% van die universum. Die besluit aangaande die steekproefgrootte en die metode van steekproefneming is geneem nadat oorleg gepleeg is met statistici verbonde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat ten einde te verseker dat die uiteindelijke steekproef verteenwoordigend van die universum is.

Dit was nodig om die onderskeie sektore te stratifiseer ten einde te verseker dat die voorste 150 maatskappye goed in die uiteindelijke steekproef verteenwoordig is. Elke sektor is in 'n voorste 150 maatskappy-strata en 'n gewone maatskappy-strata verdeel. 'n Groter gewig is verleen aan die voorste 150 maatskappy-strata wat weerspieël word deur die samestelling van die steekproef. Van die 83 maatskappye onder die voorste 150 wat in die universum voorkom, is 38 deur middel van die proporsionele gestratifiseerde ewekansige steekproef gekies. Dit verteenwoordig 46% ($\frac{38}{83}$) van die voorste 150 maatskappye wat by die universum ingesluit is. Die voorste 150 maatskappye is dus goed verteenwoordig in die totale steekproef asook in die onderskeie sektore.

Tabel 5.2 sit die samestelling van die steekproef uiteen nadat die proporsionele gestratifiseerde ewekansige steekproef uitgevoer is:

Tabel 5.2 : Die samestelling van die steekproef.

Sektor	Getal gewone maatskappye	% uni-versum	Getal Voorste 150 maatskappye	% uni-versum	Totaal	% van sektor
Banke en finansiële dienste	3	25%	11	55%	14	44%
Nywerheid-beherend	10	29%	5	31%	15	30%
Drank, hotels en ontspanning	8	29%	3	50%	11	32%
Elektronika	10	25%	5	50%	15	30%
Voedsel	5	19%	5	56%	10	29%
Media	6	33%	2	29%	8	32%
Farmaseuties en medies	3	25%	2	50%	5	31%
Winkels	9	24%	4	40%	13	27%
Ontwikkelings- en waagkapitaal	8	27%	1	100%	9	29%
Totaal	62	26%	38	46%	100	31%

5.1.3 METODE VAN ONTLEDING

Die maatskappye wat by die steekproef ingesluit is, se finansiële jaarstate vir 1998 is verkry. Die onderskeie jaarstate van hierdie maatskappye is soos volg ondersoek:

- Eerstens is vasgestel watter rekeningkundige beleid ten opsigte van klandisiewaarde deur die maatskappy gevolg is.
- Daar is ook vasgestel hoe klandisiewaarde omskryf word deur die maatskappy.

Die maatskappy se hantering van klandisiewaarde is vergelyk met die bepaling van RE 131. Indien die maatskappy klandisiewaarde nie as 'n bate erken en oor 'n maksimum tydperk van twintig jaar amortiseer nie, is die maatskappy se jaarstate soos volg ontleed:

- Die balansstaat en inkomstestaar van die maatskappy is eers gebruik om die verdienste per aandeel-syfer en opbrengs op kapitaal-verhouding te bepaal.

Hierna is die balansstaat en inkomstestaat soos volg aangepas:

- Klandisiewaarde wat gedurende 1998 ontstaan het en afgeskryf is teen aandeelpremie of reserwes, is teruggedeskryf. Hierdie terugskrywing behels dat klandisiewaarde gedebiteer is en dat aandeelpremie of reserwes, afhangend van die rekening waarteen klandisiewaarde afgeskryf is, gekrediteer is. Die klandisiewaarde wat aldus ontstaan het, is vir een jaar geamortiseer op grond van die weerlegbare veronderstelling van RE 131 dat die oorblywende nutsduur daarvan twintig jaar is.
- Indien klandisiewaarde as 'n swewende debiet in die balansstaat hanteer is, met ander woorde as 'n aftrekking teen aandeelhouersekwhiteit getoon is of indien die kumulatiewe bedrag van klandisiewaarde in die aandeelpremie-aantekening verreken word teen aandeelpremie, is sodanige klandisiewaarde teruggetel teen aandeelpremie of aandeelhouersekwhiteit en vir een jaar geamortiseer op grond van die weerlegbare veronderstelling van RE 131 dat die nutsduur daarvan twintig jaar is. Verwys na onderafdeling 2.8.1.2 en onderafdeling 5.2 vir 'n verduideliking van die verband tussen die swewende debiet-metode en die verrekening van klandisiewaarde teen aandeelpremie.
- Indien klandisiewaarde teen oorspronklike kosprys in die balansstaat gedra word, is hierdie klandisiewaarde vir een jaar geamortiseer op grond van die weerlegbare veronderstelling van RE 131 dat die oorblywende nutsduur daarvan twintig jaar is.
- Indien klandisiewaarde gedurende 1998 ontstaan het en die hele bedrag onmiddellik teen inkomste afgeskryf is, is hierdie afskrywing omgekeer. Die klandisiewaarde ter sprake is as 'n bate erken en vir een jaar geamortiseer op grond van die weerlegbare veronderstelling van RE 131 dat die nutsduur daarvan twintig jaar is.

- Nadat die aanpassings gemaak is, is die verdienste per aandeel-syfer en opbrengs op kapitaal-verhouding weer bepaal.
- Hierdie syfers is vergelyk met die ooreenstemmende syfers voordat die aanpassings gemaak is en die verandering is uitgedruk as 'n persentasie.

Die werkstate ten opsigte van al die maatskappye wat ontleed is, verskyn in Bylae B. Hierdie werkstate bevat die verkorte balansstate en inkomstestate van die maatskappye, die aanpassings wat gemaak is en die berekende uitwerking op verdienste per aandeel en opbrengs op ekwiteit. Vir die doeleindes van die verkorte balansstaat, is uitgestelde belasting en aflosbare voorkeuraandele as laste gehanteer. Omskepbare voorkeuraandele is as ekwiteit gehanteer.

5.2 RESULTATE

Van die een honderd maatskappye, kon daar by vyf maatskappye geen spoor van klandisiewaarde of 'n rekeningkundige beleid ten opsigte van klandisiewaarde gevind word nie.

Tabel 5.3: 'n Opsomming van die verskillende rekeningkundige beleide wat gevolg is.

Rekeningkundige beleid ten opsigte van klandisiewaarde	Getal	%
Skryf klandisiewaarde af teen aandelepremie	32	34%
Skryf klandisiewaarde af teen reserwes	23	24%
Verreken klandisiewaarde teen aandelepremie of hanteer dit as 'n swewende debiet in die syferwerk van die balansstaat	19	20%
Toon klandisiewaarde teen oorspronklike kosprys	13	14%
Skryf klandisiewaarde af deur die inkomstestaat met verkryging	3	3%
Amortiseer klandisiewaarde oor minder as twintig jaar	5	5%
	95	100%

By vyf maatskappye kon daar nie vasgestel word wat die rekeningkundige beleid ten opsigte van klandisiewaarde is nie. Dit is waarom die totaal in die bostaande tabel vyf-en-negentig is.

Dit blyk dat die afskrywing van klandisiewaarde teen aandelepemrie tans die praktyk is wat deur die meeste maatskappye gevolg word. Die gewildste alternatief is die afskrywing van klandisiewaarde teen reserwes. Dit is verder duidelik dat die meeste maatskappye verkies om klandisiewaarde onmiddellik met verkryging af te skryf, hetsy teen aandelepemrie, reserwes of inkomste. Hierdie maatskappye wat klandisiewaarde onmiddellik met verkryging afskryf, verteenwoordig saam 61% van die steekproef. Een vyfde van die maatskappye verreken klandisiewaarde teen aandelepemrie of hanteer dit as 'n swewende debiet in die syferwerk van die balansstaat. Hierdie metode kom ook daarop neer dat ekwiteit en bates ondergestateer word en dat die koste van klandisiewaarde nooit in die inkomstestaat getoon word nie. Die hantering hier is soortgelyk aan die onmiddellike afskrywing van klandisiewaarde. Indien dit dus by die 61% hierbo gevoeg word, verteenwoordig dit 81%. Dertien van die maatskappye toon klandisiewaarde teen oorspronklike kosprys. Slegs 5 maatskappye se hantering strook met RE 131 se voorskrifte en amortiseer klandisiewaarde oor minder as twintig jaar.

In onderafdeling 2.8.12 is daar verwys na die fyn onderskeid tussen die afskrywing van klandisiewaarde teen reserwes en die hantering daarvan as 'n swewende debiet. Hierdie onderskeid is dan ook toegepas en waar klandisiewaarde verreken is teen aandelepemrie en die kumulatiewe bedrag van klandisiewaarde as 'n aftrekking in die aandelepemrie-aantekening verskyn, is dit beskou as 'n variasie van die swewende debiet-metode.



Figuur 5.1: 'n Grafiese voorstelling van hoeveel maatskappye op 1 Januarie 2000 hul rekeningkundige beleid ten opsigte van die hantering van klandisiewaarde sal moet verander.

Tans amortiseer slegs 5% van die maatskappye klandisiewaarde oor minder as twintig jaar. Die ander 95% wat klandisiewaarde onmiddellik met verkryging afgeskryf het, teen aandelepremie verreken het en teen oorspronklike kosprys getoon het, sou hulle rekeningkundige beleid ten opsigte van die hantering van klandisiewaarde op 1 Januarie 2000 moes verander, aangesien dit die datum is waarop RE 131 in werking getree het.

Aangesien die steekproef verteenwoordigend is van die universum (verwys na subhoof 5.1.2), kan bogenoemde resultate van toepassing gemaak word op al nege sektore betrokke by die ondersoek. Daar kan afgelei word dat die oorgrote meerderheid van maatskappye hulle rekeningkundige beleid ten opsigte van die hantering van klandisiewaarde op 1 Januarie 2000 sou moes verander het.

Tabel 5.4: 'n Opsomming van die rekeningkundige beleid ten opsigte van klandisiewaarde wat deur maatskappye in die verskillende sektore gevolg word.

Sektor	A	B	C	D	E	F	G	Totaal
Banke en finansiële dienste	8	0	0	1	0	3	2	14
Nywerheid-beherend	1	6	4	0	1	1	2	15
Drank, hotels en ontspanning	3	1	4	3	0	0	0	11
Elektronika	5	2	6	1	1	0	0	15
Voedsel	3	7	0	0	0	0	0	10
Media	5	1	2	0	0	0	0	8
Farmaseuties en medies	1	2	1	1	0	0	0	5
Winkels	1	4	1	4	1	1	1	13
Ontwikkelings- en waagkapitaal	5	0	1	3	0	0	0	9
	32	23	19	13	3	5	5	100

A: Skryf af teen aandelepremie

B: Skryf af teen reserwes


C: Verreken teen aandelepremie of hanteer as 'n swewende debiet

D: Toon teen oorspronklike kosprys

E: Skryf af in die inkomstestaat met verkryging

F: Amortiseer oor minder as twintig jaar


G: Kan nie bepaal vanuit die inligting nie



Figuur 5.2: 'n Grafiese voorstelling van die hantering van klandisiewaarde binne die nege sektore.

Tabel 5.5: Die mate van ooreenstemming ten opsigte van die hantering van klandisiewaarde binne die verskillende sektore.

Sektor	Metode wat die meeste gebruik word	%
Banke en finansiële dienste	Skryf klandisiewaarde af teen aandeelpremie	57%
Nywerheid-beherend	Skryf klandisiewaarde af teen reserwes	40%
Drank, hotels en ontspanning	Verreken teen aandeelpremie of hanteer as 'n swewende debiet	36%
Elektronika	Verreken teen aandeelpremie of hanteer as 'n swewende debiet	40%
Voedsel	Skryf klandisiewaarde af teen reserwes	70%
Media	Skryf klandisiewaarde af teen aandeelpremie	63%
Farmaseuties en medies	Skryf klandisiewaarde af teen reserwes	40%
Winkels	Toon klandisiewaarde teen oorspronklike kosprys	31%
Ontwikkelings- en waagkapitaal	Skryf klandisiewaarde af teen aandeelpremie	56%
Gemiddeld		48%



Figuur 5.3: Die mate van ooreenstemming ten opsigte van die hantering van klandisiewaarde binne verskillende sektore.

Die diversiteit in die hantering van klandisiewaarde word duidelik geïllustreer deur tabel 5.4 en figuur 5.2. Op die oomblik is die diverse hantering van klandisiewaarde in Suid-Afrika 'n probleem, want dit ry die vergelykbaarheid van maatskappye se finansiële state in die wiele.

Tabel 5.5 en figuur 5.3 poog om vas te stel of daar enige ooreenstemming binne sektorverband is wat betref die hantering van klandisiewaarde. Hoewel daar sektore is waarin baie maatskappye klandisiewaarde op dieselfde manier hanteer, kan 'n mens die gevolgtrekking maak dat daar selfs in sektorverband nie ooreenstemming is sover dit die hantering van klandisiewaarde betref nie.

Tabel 5.6: Die maatskappye wat die meeste geraak sou word indien RE 131 gedurende 1998 van toepassing sou gewees het. Die maatskappye is gesorteer volgens die uitwerking op opbrengs op ekwiteit.

	Naam van die maatskappy	Die invloed van RE 131 op opbrengs op ekwiteit	Die invloed van RE 131 op verdienste per aandeel
1	Iota financial services	-14616%	-17611%
2	Southern African Investments	-357%	-301%
3	Ref Finance & Investment Corporation	-292%	-278%
4	Moribo Leisure	-130%	-158%
5	Brainware	-99%	-94%
6	Elixir Technology Holdings	-91%	-45%
7	Theta Group	-88%	-45%
8	African Media Entertainment	-85%	-51%
9	ITI Technology Holdings	-83%	-33%
10	Abacus Technology Holdings	-82%	-63%
11	Logtek Holdings	-82%	-54%
12	Gensec	-81%	-45%
13	Supersport International Holdings	-72%	-51%
14	Spescom	-69%	-56%
15	Illovo Sugar	-69%	-22%
16	Ixchange Technology Holdings	-59%	-61%
17	Educor	-59%	-36%
18	Micor Industrial Corporation	-54%	-21%
19	Sasani	-53%	-23%
20	Integrated Health Technologies	-52%	-14%
21	Armato	-51%	-18%
22	BOE Corporation	-47%	-27%
23	Softline	-44%	-14%
24	FBC Fidelity Bank Holdings	-42%	-12%
25	Avis Southern Africa	-41%	-12%
26	Plate Glass & Shatterprufe Industries	-40%	-10%
27	Nasionale Pers	-36%	-17%
28	MMW Technology Holdings	-34%	-35%
29	Aludie	-33%	-6%
30	Adcorp Holdings	-31%	-33%
31	Brandcorp	-31%	-33%
32	Rebhold	-31%	-11%
33	Stantronic Group Holdings	-31%	-11%
34	Y3K Group	-26%	-14%
35	Nando's	-25%	-28%
36	King Consolidated Holdings	-25%	-10%
37	SAB	-25%	-4%
38	Teljoy Holdings	-24%	-6%
39	Corpgro	-22%	-6%
40	Set Point Technology Holdings	-22%	-3%
41	Sabvest	-21%	-12%
42	Advtech Group	-21%	-6%
43	Oceana Fishing Group	-20%	-3%


44	Fedics	-19%	-2%
45	Cadbury Schweppes	-18%	-4%
46	Paramed Holdings	-16%	-21%
47	Presmed	-16%	-6%
48	PSG Group	-14%	-1%
49	SA Druggists	-13%	-4%
50	Leisurenet	-12%	-3%
51	Woolworths	-12%	-3%
52	Del Monte Royal Corporation	-10%	-4%
53	Tiger Oats	-8%	-2%
54	Hunt Leuchars & Hepburn	-7%	-20%
55	Alliance Pharmaceuticals	-7%	-8%
56	Mathomo Group	-6%	-4%
57	Tongaat-Hulett Group	-6%	-2%
58	Nu-World Holdings	-5%	-5%
59	Reunert	-5%	-1%
60	Del Monte Royal Foods	-4%	-1%
61	Adcock Ingram	-3,30%	-0,40%
62	Bidvest Group Limited	-3%	-1%
63	Renaissance Retail Group	-3%	-1%
64	Amlac	-2%	-6%
65	Crookes Brothers	-2%	-1%
66	Teltron	-1,20%	-0,30%
67	Spur Steak Ranches	-1%	-1%
68	Voltex Holdings	-0,51%	-0,01%
69	Rembrandt Groep	-0,50%	-0,10%
70	Bonnita Holdings	-0,40%	-0,20%
71	Safren Holdings Limited	6%	7%
72	Coronation Holdings	7%	8%
73	Delta Electrical Industries	9%	12%
74	Perskor Groep	10%	-26%
75	Savanha	10%	-6%
76	M-Web Holdings	17%	-9%
77	Pick 'n Pay Stores	40%	55%
78	Housewares Group	55%	-3%
79	Aroma	60%	-13%
80	Medhold	64%	-11%
81	Allied Technologies	g.a.	g.a.
82	Autopage	g.a.	g.a.
83	British American Tobacco South Africa	g.a.	g.a.
84	Cullinan Holdings	g.a.	g.a.
85	Island View Holdings	g.a.	g.a.
86	Maxiprest	g.a.	g.a.
87	Power Technologies	g.a.	g.a.
88	Technical and Industrial Investments	g.a.	g.a.
89	Thebe Financial Services	g.a.	g.a.
90	Truworths	g.a.	g.a.
	Gemiddeld	-33%	-24%

g.a. - geen aanpassings is gemaak nie.

Die gemiddelde afname in die opbrengs op ekwiteit is teen -33% bereken en die gemiddelde afname in verdienste per aandeel teen -24%.

Die gemiddeld is bereken na die uitsluiting van Iota Financial Services Limited wat beskou word as 'n uitskieter. Die rede waarom Iota sulke astronomiese syfers opgelewer het, is te wyte aan Iota se klein netto wins van R9 000 vir die jaar. Klandisiewaarde wat gedurende 1998 ontstaan het en afgeskryf is teen aandelepremie, het R31 700 000 beloop. Nadat die nodige aanpassings gemaak is, het Iota se wins gedaal tot 'n verlies van R1 576 000. Dit was as gevolg van die amortisering van klandisiewaarde wat R1 585 000 beloop het. Iota word in alle tabelle vertoon, maar word uitgesluit by die berekening van gemiddeldes en by die opstel van grafieke.


By 10 maatskappye is daar geen aanpassings gemaak nie, aangesien daar nie klandisiewaarde gedurende 1998 ontstaan het nie. Aangesien daar dus geen waardes vir hierdie maatskappye beskikbaar was nie, is hulle nie in die berekening van die gemiddeld ingetel nie.



Figuur 5.4: Die invloed van die amortisasie van klandisiewaarde op maatskappy-resultate.


Vir die doeleindes van hierdie grafiek is albei die datareekse in 'n stygende volgorde gesorteer. Alhoewel daar 'n korrelasie van 92% tussen die twee datareekse bestaan, is dit nie die doel van hierdie grafiek om die korrelasie tussen die datareekse uit te wys nie, maar bloot om albei op dieselfde asse-stelsel te toon. Slegs die 80 maatskappye waarvoor aanpassings wel gemaak is, is in hierdie grafiek opgeneem.

Uit die grafiek is dit duidelik dat die meerderheid van maatskappye tussen die 0% en -50% lyne lê. RE 131 sou dus 'n wesenlike effek op maatskappye se resultate gehad het indien dit gedurende 1998 van krag was. Indien maatskappye in dieselfde mate voortgaan met oornames en amalgamasies gedurende 2000, kan verwag word dat maatskappy-resultate wesenlik deur die bepalings van RE 131 beïnvloed sal word.



Figuur 5.5: Die invloed van die amortisasie van klandisiewaarde op die resultate van maatskappye in verskillende sektore.

Vir die doeleindes van hierdie grafiek, is die uitwerking van RE 131 op die verskillende sektore bepaal deur 'n sektorgemiddeld vir beide opbrengs op ekwiteit en verdienste per aandeel te bereken. Daarna is die sektore gesorteer volgens die sektore wat die grootste uitwerking op hulle resultate sou ervaar indien RE 131 gedurende 1998 van krag sou wees. Die uitskieter, Iota Financial Services, wat in die banke en finansiële dienste-sektor genoteer is, is buite rekening gelaat by die berekening van die genoemde sektor se gemiddeld. Vanuit die grafiek blyk dit duidelik watter sektore die meeste gedurende 1998 geraak sou word. Ontwikkelings- en waagkapitaal sou die grootste invloed ervaar, gevolg deur drank, hotels en ontspanning, media, banke en finansiële dienste, en elektronika. Dit is ook duidelik dat RE 131 'n wesentliche invloed op al nege sektore sou uitoefen.



Figuur 5.6: Die invloed van die amortisasie van klandisiewaarde op onderskeidelik die voorste 150 en gewone maatskappye.

Die stawe van die grafiek toon die gemiddelde invloed op opbrengs op ekwiteit en verdienste per aandeel aan. Die uitskieter, Iota Financial Services (wat nie 'n voorste 150 maatskappy is nie), se gegewens is buite rekening gelaat by die berekening van die gewone maatskappye se gemiddeldes.

Hoewel dit voorkom asof gewone maatskappye meer deur die nuwe standpunt geraak sal word as die voorste 150 maatskappye, is die verskil tussen hierdie twee klassifikasies nie noemenswaardig nie. Die verskil wat daar wel is, kan toegeskryf word aan die feit dat die voorste 150 maatskappye 'n groter bate- en netto wins-basis as die gewone maatskappye het en dat klandisiewaarde (en die amortisering daarvan) dus nie altyd so 'n wesentliche bedrag in vergelyking met hierdie basisse is as in die geval van kleiner maatskappye nie. Dit is ook

interessant om daarop te let dat die voorste 150 maatskappye se hantering van klandisiewaarde net so uit pas is met internasionale standaarde as dié van gewone maatskappye.

Tabel 5.7: 'n Lys van die maatskappye wat klandisiewaarde oor minder as twintig jaar amortiseer en waarvan die rekeningkundige beleid dus met RE 131 ooreenstem.


	Naam van die maatskappy	Sektor	Voorste 150 mpy
1	Barnard Jacobs Mellet	Banke en finansiële dienste	Nee
2	Investec Group	Banke en finansiële dienste	Ja
3	Brait	Banke en finansiële dienste	Ja
4	Lonrho Africa Plc	Nywerheid-beherend	Nee
5	Edgars	Winkels	Ja

Tabel 5.8: 'n Lys van maatskappye waarvan die rekeningkundige beleid ten opsigte van klandisiewaarde nie geopenbaar word nie en waar dit ook nie moontlik is om die beleid vanuit die finansiële state af te lei nie.

	Naam van die maatskappy	Sektor	Voorste 150 mpy
1	Saambou Beherend	Banke en finansiële dienste	Ja
2	AMB Holdings	Banke en finansiële dienste	Ja
3	Lion Match Company	Nywerheid-beherend	Nee
4	Eureka	Nywerheid-beherend	Nee
5	Acrém Holdings	Winkels	Nee

Tabel 5.9: 'n Opsomming van die getal maatskappye waarvan die omskrywing van klandisiewaarde met RE 131 paragraaf 42 ooreenstem.

Omskrywing van klandisiewaarde	Aantal maatskappye
In ooreenstemming met RE 131.42	49
Nie in ooreenstemming met RE 131.42 nie	31
Geen omskrywing van klandisiewaarde nie	20
	100



Figuur 5.7: Maatskappye se omskrywing van klandisiewaarde

'n Uiteensetting van die omskrywing van klandisiewaarde deur die maatskappy kan in Bylae A (tabel A) gevind word.

Baie van die maatskappye omskryf klandisiewaarde as die verskil tussen die koopsom betaal en die netto tasbare bates. Die gevolg hiervan is dat identifiseerbare ontasbare bates, soos handelsmerke en lisensies, ingesluit word by klandisiewaarde en soos Coy (1998:50) dit sal stel, op die "klandisiewaarde-ashoop" gegooi word.

'n Verdere waarneming is dat baie maatskappye klandisiewaarde omskryf as die

verskil tussen die koopsom betaal en die netto bates verkry. Daar word dus nie redelike waardes op die verkrygte bates geplaas nie. Dit is ook die praktyk waarna Everingham (1997:2) verwys:

“All too often in practice, the goodwill figure is simply the difference between the book value of the net assets acquired and the purchase price. It is well established in accounting theory and underlined by IAS 22 that fair values must be placed on the net assets acquired, before goodwill is measured.”

Die volgende gedeelte van die ondersoek is daarop gemik om die randwaardes van klandisiewaarde-afskrywings gedurende 1998 na te gaan. Daar sal na die verskillende metodes van hantering van klandisiewaarde gekyk word en in hierdie verband sal die inligting ten opsigte van totale bates, totale ekwiteit, totale laste en klandisiewaarde opgesom word. Die invloed wat die hantering van klandisiewaarde op die hefboomverhouding het, sal ook ondersoek word.

Tabel 5.10: 'n Opsomming van die totale randwaardes betrokke by die afskrywing van klandisiewaarde gedurende 1998.

R '000	Voor RE 131		Na RE 131		Klandisie- waarde afgeskryf/ verreken	Aantal mpy'e	
	Totale bates	Totale ekwiteit	Totale laste				
A	178,740,056	198,599,773	65,367,565	85,227,281	107,244,309	20,904,965	48
B	11,619,543	11,717,569	3,762,637	3,860,663	7,762,866	103,185	3
C	190,359,599	210,317,342	69,130,202	89,087,944	115,007,175	21,008,150	18
	7,189,346	8,800,949	3,843,099	5,454,702	2,623,290	1,696,424	
	197,548,946	219,118,291	72,973,301	94,542,646	117,630,466	22,704,574	
D							11
							80

- A Afskrywing teen aandelepremie of reserwes
- B Afskrywing deur die Inkomstestaat
- C Verreken teen aandelepremie of toon as swewende debiet
- D Toon teen oorspronklike kosprys

Die voorafgaande tabel is 'n opsomming van die randwaardes betrokke by klandisiewaarde-afskrywings gedurende 1998. Volledige tabelle vir metodes A, B, C en D verskyn later in hoofstuk 5 as tabelle 5.11, 5.12, 5.13 en 5.14.

Metodes A, B en C is saam gegroepeer in die bostaande tabel aangesien hulle feitlik soortgelyk is en almal tot gevolg het dat bates en ekwiteit ondergestateer word. Die hefboomverhouding sien ook minder gunstig daaruit. Maatskappye wat klandisiewaarde teen oorspronklike kosprys toon se inligting sal aan die einde van die hoofstuk bespreek word.


Wat tabel 5.10 duidelik aantoon, is dat R21 008 150 000 se klandisiewaarde gedurende 1998 onmiddellik met verkryging teen aandelepremie, reserwes of deur die inkomstestaat afgeskryf is. Dit verteenwoordig ongeveer 10% van totale bates en 23% van ekwiteit voor die afskrywing. Hierdie syfers illustreer die omvang van die huidige hantering van klandisiewaarde in Suid-Afrika duidelik en die gevolg wat dit op finansiële syfers kan hê.

Vervolgens sal daar in fyner besonderhede na die bedrae gekyk word wat gedurende 1998 by die afskrywing van klandisiewaarde betrokke was:

Tabel 5.11: Maatskappye wat klandisiewaarde eenmalig teen aandelepremie en reserwes afgeskryf het.

Maatskappy / Sektor	Totale bates	Totale ekwiteit	Totale laste	Klandisie- waarde	Invloed op Totale Bates	Invloed op Totale Ekwiteit	Hefboomverhouding		
							Totale laste/	totale ekwiteit	Verbetering
R '000									
<u>Elektronika</u>									
Set Point	156,254	53,834	102,124	13,542	-8%	-20%	1.90	1.53	-19%
Voltex	600,203	296,435	284,315	1,541	0%	-1%	0.96	0.95	0%
Reunert	2,493,600	938,700	1,300,000	43,700	-2%	-4%	1.38	1.33	-4%
Softline	346,067	175,752	113,826	99,556	-22%	-36%	0.65	0.42	-35%
<u>Farmaseuties</u>									
Presmed	388,425	247,707	100,985	31,974	-8%	-11%	0.41	0.37	-10%
SA Drug	2,252,000	1,143,000	1,109,000	129,000	-5%	-10%	0.97	0.88	-9%
Adcock	1,803,800	1,250,200	552,000	39,700	-2%	-3%	0.44	0.43	-3%
<u>Finansiële dienste</u>									
Iota	186,552	145,942	40,610	31,700	-15%	-18%	0.28	0.23	-17%
Theta	2,403,936	418,530	1,835,528	1,576,698	-40%	-79%	4.39	0.96	-78%
Coronation	5,067,000	3,221,000	1,836,000	29,000	-1%	-1%	0.57	0.57	-1%
Gensec	9,108,000	3,456,000	5,652,000	7,041,000	-44%	-67%	1.64	0.55	-66%
BOE	57,342,000	12,229,000	45,113,000	4,667,000	-8%	-28%	3.69	2.71	-27%
PSG	1,258,493	534,754	593,137	86,311	-6%	-14%	1.11	0.96	-13%
FBC	6,892,876	635,870	6,079,954	348,908	-5%	-35%	9.56	6.29	-34%
<u>Media</u>									
Abacus	277,207	44,571	232,250	54,613	-16%	-55%	5.21	2.49	-52%
African Media	172,690	98,812	71,454	230,369	-57%	-70%	0.72	0.22	-69%
Perskor	671,843	442,044	228,198	194,946	-22%	-31%	0.52	0.37	-28%
Nasionale Pers	1,764,372	1,012,156	749,269	330,247	-16%	-25%	0.74	0.57	-23%
Supersport	697,370	440,131	257,239	335,030	-32%	-43%	0.58	0.34	-42%
M-Web	501,098	387,833	112,293	129,684	-21%	-25%	0.29	0.22	-24%
<u>Winkels</u>									
Aroma	33,685	3,855	29,830	7,405	-18%	-66%	7.74	2.74	-65%
Renaissance	61,152	41,770	19,098	1,206	-2%	-3%	0.46	0.45	-3%

Teltron	259,079	196,619	62,460	1,824	-1%	-1%	0.32	0.31	-1%
Woolworths	2,847,620	1,642,324	1,177,464	181,509	-6%	-10%	0.72	0.65	-10%
<u>Ontwikkelings- en waagkapitaal</u>									
Brainware	104,769	25,357	68,484	253,620	-71%	-91%	2.70	0.26	-90%
Integrated Health Technologies	32,771	21,828	10,964	17,726	-35%	-45%	0.50	0.28	-44%
Elexir	45,190	13,449	31,742	69,975	-61%	-84%	2.36	0.40	-83%
Aludie	19,118	7,957	11,012	3,503	-15%	-31%	1.38	0.98	-29%
ITI	75,967	23,017	19,848	72,682	-49%	-76%	0.86	0.22	-75%
Ixchange	133,164	13,851	119,313	376,100	-74%	-96%	8.61	0.32	-96%
<u>Nywerheid beherend</u>									
Del Monte	5,494,917	967,833	3,118,807	68,979	-1%	-7%	3.22	3.03	-6%
Bidvest	3,990,171	2,660,920	1,220,539	72,155	-2%	-3%	0.46	0.45	-3%
Plate Glass	3,962,236	786,475	3,109,968	418,069	-10%	-35%	3.95	2.63	-34%
Rembrandt	16,525,000	12,870,000	2,200,000	56,000	0%	0%	0.17	0.17	0%
<u>Drank, hotels en ontspanning</u>									
King	198,986	131,118	67,868	27,982	-12%	-18%	0.52	0.43	-17%
Leisurenet	899,767	301,116	595,977	33,960	-4%	-10%	1.98	1.79	-10%
Fedics	214,569	69,724	143,289	14,941	-7%	-18%	2.06	1.71	-17%
SAB	19,212,000	5,536,000	13,384,000	1,586,000	-8%	-22%	2.42	1.90	-21%
<u>Voedsel</u>									
Oceana	589,624	206,959	378,825	47,908	-8%	-19%	1.83	1.51	-17%
Armato	279,183	179,010	100,173	124,962	-31%	-41%	0.56	0.34	-40%
Bonnita	598,115	395,542	201,870	686	0%	0%	0.51	0.51	0%
Crookes	200,412	180,418	19,994	3,211	-2%	-2%	0.11	0.11	-2%
Del Monte Foods	5,494,669	2,087,219	3,118,759	50,170	-1%	-2%	1.49	1.46	-2%
Cadbury Schweppes	1,095,632	629,082	466,550	112,835	-9%	-15%	0.74	0.63	-15%
Illovo	3,393,194	802,440	2,030,440	1,369,594	-29%	-63%	2.53	1.00	-61%
Tiger Oats	10,373,000	3,978,000	5,388,000	267,000	-3%	-6%	1.35	1.27	-6%
Tongaat-Hulett	6,715,266	3,685,242	3,017,008	155,577	-2%	-4%	0.82	0.79	-4%
Hunt Leuchars & Hepburn	1,507,014	738,169	768,845	94,866	-6%	-11%	1.04	0.93	-11%
	178,740,056	65,367,565	107,244,309	20,904,965	-10%	-24%	1.64	1.26	-23%




Figuur 5.8: Die onderstatering van totale bates en ekwiteit as gevolg van die onmiddellike afskrywing van klandisiewaarde.

Hierdie grafiek dui aan tot watter mate elke maatskappy wat gedurende 1998 klandisiewaarde onmiddellik met verkryging afgeskryf het, se bates en ekwiteit in terme van RE 131 "ondergestateer" is. 'n Mens kan sien dat in die meeste gevalle die onderstatering wesenlik is.

Tabel 5.11 som die inligting op en daaruit kan afgelei word dat totale bates met 10% aan die einde van die 1998 jaar ondergestateer is. Anders gestel, totale bates is aan die einde van die 1998 finansiële jaar 90% van wat dit sou wees indien RE 131 van krag was. Dit is nou indien maatskappye klandisiewaarde as 'n bate erken het en dit nie onmiddellik afgeskryf het nie.

Totale ekwiteit is met 24% aan die einde van die 1998-finansiële jaar ondergestateer. Anders gestel, totale ekwiteit is aan die einde van die 1998-finansiële jaar 76% van wat dit sou wees indien RE 131 van krag sou wees en


klandisiewaarde nie onmiddellik afgeskryf was nie.



Figuur 5.9: Totale randwaarde van klandisiewaarde afgeskryf in vergelyking met totale bates en ekwiteit.


In hierdie figuur word die klandisiewaarde gedurende 1998 afgeskryf in verhouding gestel met onderskeidelik totale bates en ekwiteit. Klandisiewaarde gedurende 1998 afgeskryf beloop ongeveer R20 904 965 000 terwyl totale bates voor die afskrywing R199 645 021 000 was. Klandisiewaarde gedurende 1998 afgeskryf was dus 10,47% van totale bates en verteenwoordig 'n wesenlike gedeelte van totale bates. Dit illustreer weer eens die wesenlike effek wat RE 131 sou gehad het indien dit gedurende 1998 van toepassing sou wees. Voor die afskrywing was ekwiteit R86 272 529 000 gewees. Die klandisiewaarde wat gedurende 1998 afgeskryf is het dus 24,23% van ekwiteit beloop.

Nadat klandisiewaarde afgeskryf is teen aandelepremie / reserves



Figuur 5.10.1: Hefboomverhouding : Nadat klandisiewaarde teen aandelepremie/ reserves afgeskryf is.

Indien RE 131 van toepassing sou wees en klandisiewaarde geamortiseer moes word



Figuur 5.10.2: Hefboomverhouding: Indien RE 131 van toepassing sou wees en klandisiewaarde geamortiseer sou moes word.


Figure 5.10.1 en 5.10.2 is voorstellings van die hefboomverhouding van maatskappye wat gedurende 1998 klandisiewaarde afgeskryf het teen aandeelpremie of reserwes. Die hefboomverhouding is soos volg bereken:

$$\text{Hefboomverhouding} = \frac{\text{totale laste}}{\text{totale ekwiteit}}$$

Figuur 5.10.1 toon die hefboomverhouding soos dit aan die einde van 1998 daaruit sien, naamlik 1.64. Figuur 5.10.2 toon die hefboomverhouding soos dit sou wees indien klandisiewaarde nie onmiddellik afgeskryf is nie, naamlik 1.26. Die praktyk om klandisiewaarde onmiddellik af te skryf, het dus tot gevolg dat die maatskappye hoër gerat is as wat dit sou wees indien RE 131 van toepassing sou wees en klandisiewaarde as 'n bate erken en geamortiseer sou moes word. Die rede vir die swakker hefboomverhouding is natuurlik omdat die onmiddellike afskrywing van klandisiewaarde so 'n drastiese daling in ekwiteit (die noemer) tot gevolg het.

Tabel 5.12: Maatskappye wat klandisiewaarde teen aandelepremie verreken het of as 'n swewende debiet hanteer het.

R '000	Totale bates	Totale ekwiteit	Totale laste	Klandisie- waarde	Invloed op Totale Bates	Invloed op Totale Ekwiteit	Hefboomverhouding		
							Totale laste/ Voor	Totale ekwiteit/ Na	Verbetering
<u>Elektronika</u>									
Stantronic	127,652	104,720	22,797	30,872	-19%	-23%	0.22	0.17	-22%
Spescom	292,956	138,772	151,892	60,089	-17%	-30%	1.09	0.78	-29%
Logtek	180,238	92,714	87,535	152,969	-46%	-62%	0.94	0.37	-61%
Nu-World	288,811	169,646	119,165	1,888	-1%	-1%	0.70	0.70	0%
Advtech	428,817	248,477	80,819	48,193	-10%	-16%	0.33	0.27	-16%
Y3K	49,831	40,167	9,664	6,871	-12%	-15%	0.24	0.21	-14%
<u>Farmaseuties</u>									
Medhold	56,980	20,836	16,144	44,941	-44%	-68%	0.77	0.25	-67%
<u>Media</u>									
Sasani	293,650	143,155	131,108	99,586	-25%	-41%	0.92	0.56	-39%
Educor	1,215,641	861,514	262,821	502,610	-29%	-37%	0.31	0.20	-36%
<u>Winkels</u>									
Housewares	160,822	70,888	65,671	97,320	-38%	-58%	0.93	0.40	-57%
<u>Ontwikkelings- en waagkapitaal</u>									
Savanha	50,856	19,900	30,957	3,761	-7%	-16%	1.56	1.32	-15%
<u>Nywerheid Beherend</u>									
Micor	220,296	70,586	149,534	54,979	-20%	-44%	2.12	1.22	-43%
Sabvest	250,680	203,880	46,800	51,203	-17%	-20%	0.23	0.21	-10%
Corpgro	1,175,971	427,015	311,569	87,545	-7%	-17%	0.73	0.61	-16%
<u>Drank, hotels en ontspanning</u>									
Moribo	71,469	35,762	35,687	35,064	-33%	-50%	1.00	0.52	-48%
Teljoy	435,898	195,914	218,692	48,363	-10%	-20%	1.12	0.90	-19%
Rebhold	1,050,290	690,426	359,405	206,439	-16%	-23%	0.52	0.41	-22%
AVIS	838,488	308,728	523,031	163,731	-16%	-35%	1.69	1.13	-34%
	7,189,346	3,843,099	2,623,290	1,696,424	-19%	-31%	0.68	0.48	-30%




Figuur 5.11: Die onderstatering van totale bates en ekwiteit as gevolg van die verrekening van klandisiewaarde teen aandeelpremie of die hantering daarvan as 'n swewende debiet.

Hierdie grafiek dui aan tot watter mate elke maatskappy wat klandisiewaarde verreken het, se bates en ekwiteit "ondergestateer" is ingevolge RE 131. 'n Mens kan sien dat in die meeste gevalle die onderstatering wesenlik is.

Tabel 5.12 som die inligting op en daaruit kan afgelei word dat totale bates gedurende 1998 met 19% ondergestateer is. Anders gestel, aan die einde van die 1998-finansiële jaar is totale bates 81% van wat dit sou wees indien RE 131 van krag was en maatskappye klandisiewaarde as 'n bate erken het en dit nie verreken het nie.


Totale ekwiteit is met 31% ondergestateer aan die einde van die 1998-finansiële jaar. Anders gestel, aan die einde van die 1998-finansiële jaar is totale ekwiteit 69% van wat dit sou wees indien RE 131 van krag was en maatskappye klandisiewaarde as 'n bate erken het en dit nie verreken het nie.



Figuur 5.12: Die totale randwaarde van klandisiewaarde verreken teen aandeelpremie in vergelyking met totale bates en ekwiteit


In hierdie figuur word die klandisiewaarde verreken teen aandeelpremie aan die einde van 1998 in verhouding gestel met onderskeidelik totale bates en ekwiteit. In 1998 het klandisiewaarde R1 696 424 000 beloop terwyl totale bates voor verrekening van klandisiewaarde R8 885 770 000 was. Klandisiewaarde wat teen aandeelpremie verreken is aan die einde van 1998 was dus 19% van totale bates en verteenwoordig 'n weselike gedeelte van totale bates. Dit illustreer weer eens die weselike effek wat RE 131 sou gehad het indien dit gedurende 1998 van toepassing was. Voor die afskrywing was ekwiteit R5 539 523 gewees. Die klandisiewaarde wat afgeskryf is gedurende 1998 het dus 31% van ekwiteit beloop.

Hefboomverhouding voor toepassing van RE 131



Figuur 5.13.1: Hefboomverhouding nadat klandisiewaarde verreken is.

Hefboomverhouding indien RE 131 van toepassing sou wees




Figuur 5.13.2: Hefboomverhouding indien klandisiewaarde nie verreken was nie, maar as 'n bate ingevolge RE 131 erken sou word.

Figure 5.13.1 en 5.13.2 is voorstellings van die hefboomverhouding van maatskappye wat aan die einde van 1998 klandisiewaarde verreken het.

Figuur 5.13.1 toon die hefboomverhouding soos dit aan die einde van 1998 daaruit sien, naamlik 0.68. Figuur 5.13.2 toon die hefboomverhouding soos dit sou wees indien klandisiewaarde nie verreken is nie, naamlik 0.48. Die praktyk om klandisiewaarde teen aandelepremie te verreken, het dus tot gevolg dat die maatskappy hoër gerat is as wat dit sou wees indien RE 131 van toepassing was en die klandisiewaarde as 'n bate erken en geamortiseer moes word. Die rede vir die swakker hefboomverhouding is dat die verrekening van klandisiewaarde so 'n drastiese daling in ekwiteit (die noemer) tot gevolg het. 'n Hefboomverhouding van 0.48 is baie laag. Dit wil voorkom asof hierdie maatskappye dit inderdaad kan bekostig om 'n bietjie hoër gerat te wees. Daarom is dit in alle opsigte vir hulle voordelig om klandisiewaarde te verreken, want die verdienste per aandeel en opbrengs op ekwiteit word verbeter, terwyl die hoër hefboomverhouding geensins die maatskappy se beeld skade behoort te berokken nie.

Tabel 5.13: Maatskappye wat klandisiewaarde onmiddellik met verkryging deur die inkomstestaat afgeskryf het.


R '000	Totale bates	Totale ekwiteit	Totale laste	Klandisie- waarde	Invloed op		Hefboomverhouding			
					Totale Bates	Totale Ekwiteit	Totale laste/ Totale ekwiteit	Voor	Na	Verbetering
<u>Elektronika</u>										
Delta	714,543	336,637	346,866	9,185	-1%	-3%	1.03	1.00	-3%	
<u>Winkels</u>										
Pick 'n Pay	2,451,000	581,000	1,858,000	64,000	-3%	-10%	3.20	2.90	-9%	
<u>Nywerheid beherend</u>										
Safren	8,454,000	2,845,000	5,558,000	30,000	0%	-1%	1.95	1.93	-1%	
	11,619,543	3,762,637	7,762,866	103,185	-1%	-3%	2.1	2.0	-3%	



Figuur 5.14: Die onderstatering van totale bates en ekwiteit as gevolg van die onmiddellike afskrywing van klandisiewaarde deur die inkomstestaat.

Hierdie grafiek dui aan tot watter mate elke maatskappy wat gedurende 1998 klandisiewaarde teen inkomste afgeskryf het, se bates en ekwiteit ingevolge RE 131 "ondergestateer" is. 'n Mens kan sien dat, met die uitsondering van Delta, die onderstatering nie werklik wesenlik is nie.

Randwaarde van klandisiewaarde afgeskryf in vergelyking met totale bates en ekwiteit na die afskrywing



Figuur 5.15: Die totale randwaarde van klandisiewaarde afgeskryf teen inkomste in vergelyking met totale bates en ekwiteit.

In hierdie figuur word die klandisiewaarde gedurende 1998 afgeskryf in verhouding gestel met onderskeidelik totale bates en ekwiteit. Klandisiewaarde gedurende 1998 afgeskryf beloop ongeveer R103 185 000 terwyl totale bates voor die afskrywing R11 722 728 000 was. Klandisiewaarde afgeskryf gedurende 1998 was dus 1% van totale bates en verteenwoordig nie 'n wesenlike gedeelte van totale bates nie. Voor die afskrywing was ekwiteit R3 865 822 000 gewees. Die klandisiewaarde wat afgeskryf is gedurende 1998 het dus 3% van ekwiteit beloop. Dit dui daarop dat maatskappye bereid is om klein bedrae teen inkomste af te skryf. Hulle sou dalk nie geneë gewees het as groot bedrae betrokke was nie.


Hefboomverhouding:

In tabel 10.12 kan 'n mens sien dat die afskrywing van klandisiewaarde teen inkomste nie 'n wesenlike uitwerking op die hefboomverhouding het nie. Aan die

einde van 1998 is die hefboomverhouding 2.1, nadat klandisiewaarde teen inkomste afgeskryf is. Daarenteen sou die hefboomverhouding 2.0 gewees het indien RE 131 van krag was en klandisiewaarde as bate erken en geamortiseer moes word.


Tabel 5.14: Maatskappye wat klandisiewaarde teen oorspronklike kosprys getoon het.

R '000							Hefboomverhouding					
				Klandisie- waarde as % van			Totale laste/Totale ekwiteit					
Maatskappy / Sektor	Totale bates	Totale ekwiteit	Totale laste	Klandisie- waarde	as % van totale bates	Klandisie- waarde as % van totale ekwiteit	Indien klandisie- waarde geamortiseer sou word vir een jaar	Na	Verswakking	Indien klandisiewaarde in geheel geamortiseer sou word	Na	Verswakking
<u>Elektronika</u>												
Paramed	61,054	30,626	30,377	36,362	60%	119%	0.99	1.05	6%	-5.30	negatiewe ekwiteit	
<u>Farmaseuties</u>												
Alliance	123,685	73,064	50,503	16,170	13%	22%	0.69	0.70	1%	0.89		28%
<u>Finansiële dienste</u>												
Adcorp	455,024	333,557	121,142	202,963	45%	61%	0.36	0.37	3%	0.93		155%
<u>Winkels</u>												
Mathomo	225,900	88,344	137,556	36,196	16%	41%	1.56	1.59	2%	2.64		69%
Amlac	43,096	10,064	33,283	4,639	11%	46%	3.31	3.39	2%	6.13		85%
Brandcorp	391,930	307,564	84,366	153,896	39%	50%	0.27	0.28	3%	0.55		100%
<u>Ontwaag</u>												
MMW	131,915	92,085	39,831	33,210	25%	36%	0.43	0.44	2%	0.68		56%
Refcorp	21,925	12,720	5,811	9,088	41%	71%	0.46	0.47	4%	1.60		250%
<u>Drank, hotels en ontspanning</u>												
Nando's	171,078	93,731	76,949	71,275	42%	76%	0.82	0.85	4%	3.43		317%
Spur	69,930	55,656	14,274	5,129	7%	9%	0.26	0.26	0%	0.28		10%
SAIL	30,622	5,829	24,771	14,337	47%	246%	4.25	4.85	14%	-2.91	negatiewe ekwiteit	
	1,726,159	1,103,240	618,863	583,265	34%	53%	0.56	0.58	3%	1.19		112%




Figuur 5.16: Klandisiewaarde as 'n persentasie van totale bates.

Hieruit blyk dit dat klandisiewaarde 'n baie wesentliche deel uit maak van die totale bates by maatskappye wat klandisiewaarde teen oorspronklike kosprys toon. By maatskappye soos Paramed, SAIL, Adcorp, Nando's, Refcorp en Brandcorp, word meer as 25% van die totale bates deur klandisiewaarde verteenwoordig. Dit kan moontlik as 'n rede voorgelê word waarom hierdie maatskappye nie die gunstelingmetode vir die hantering van klandisiewaarde, naamlik onmiddellike afskrywing teen aandelepremie of reserwes, gevolg het nie. In sommige gevalle sou so 'n beleid tot die halvering van totale bates lei - iets wat aandeelhouers heel waarskynlik negatief sou beïnvloed het.




Figuur 5.17: Die randwaarde van klandisiewaarde in vergelyking met totale ekwiteit.

In hierdie grafiese voorstelling kan 'n mens sien dat klandisiewaarde in die meeste gevalle 'n wesentliche gedeelte van ekwiteit uitmaak. In sommige gevalle, soos Paramed en SAIL, is die klandisiewaarde meer as ekwiteit. Weer eens kan die raaiskoot gewaag word dat dit moontlik 'n rede is waarom hierdie maatskappye nie die gewilde hantering van afskrywing teen aandelepremie of reserwes verkies het nie. Sodanige hantering sou 'n negatiewe ekwiteitsyfer op die balansstaat teweeg gebring het!



Figuur 5.18.1: Die hefboomverhouding van maatskappye wat klandisiewaarde teen oorspronklike kosprys toon.

Hefboomverhouding indien klandisiewaarde in geheel geamortiseer was



Figuur 5.18.2: Die hefboomverhouding van maatskappye wat klandisiewaarde teen oorspronklike kosprys toon indien veronderstel word dat die klandisiewaarde ter sprake reeds volledig afgeskryf was aan die einde van 1998.

Figure 5.18.1 en 5.18.2 is voorstellings van die hefboomverhouding van maatskappye wat klandisiewaarde teen oorspronklike kosprys toon. In die eerste figuur word die hefboomverhouding getoon soos dit tans is, naamlik 0.56. In die tweede figuur word die veronderstelling gemaak dat klandisiewaarde aan die einde van 1998 volledig afgeskryf is. Die hefboomverhouding verswak dan drasties na 1.19.

5.3 GEVOLGTREKKINGS

- Gedurende 1998 het die meeste Suid-Afrikaanse maatskappye 'n rekeningkundige beleid gehad om klandisiewaarde onmiddellik teen aandeelpremie of reserwes af te skryf. Andersins word klandisiewaarde meestal teen aandeelpremie verreken of as 'n swewende debiet hanteer.
- Hierdie metodes van hantering van klandisiewaarde het tot gevolg dat verdienste per aandeel en opbrengs op ekwiteit heelwat hoër is as wat die geval sou wees indien klandisiewaarde as bate erken en geamortiseer sou word.
- Indien RE 131 van krag sou wees gedurende 1998, sou die verdienste per aandeel- en opbrengs op ekwiteit-syfers van maatskappye onderskeidelik 33% en 24% laer wees as die syfers wat deur die maatskappye gerapporteer is.
- In 1998 het maatskappye klandisiewaarde ter waarde van R20 904 965 000 onmiddellik met verkryging teen aandeelpremie en reserwes afgeskryf. Dit verteenwoordig ongeveer 10% van totale bates en 23% van ekwiteit. Hierdie bedrae is wesenlik en beteken dat hierdie maatskappye se winste vir baie toekomstige jare oorgestateer sal wees, aangesien klandisiewaarde nooit teen inkomste geamortiseer sal word nie.
- Indien veronderstel word dat die getal oornames en amalgamasies in 2000

nie veel minder sal wees as in 1998 nie, behoort maatskappye se groei in verdienste per aandeel en opbrengs op ekwiteit heelwat gekniehalter te word as gevolg van die amortisering van klandisiewaarde wat deur RE 131 voorgeskryf word.

- Hoewel maatskappye se resultate negatief deur RE 131 beïnvloed behoort te word, behoort ander finansiële verhoudingsyfers te verbeter, te wete die hefboomverhouding en netto bate waarde per aandeel.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

6.1 SAMEVATTING

6.1.1 INLEIDING

Die debat rondom die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde is nou al vir langer as 'n eeu aan die gang. Die debat het al baie kronkels gemaak en op die oomblik lyk dit asof daar internasionaal redelike konsensus bereik is oor die korrekte hantering van klandisiewaarde.

Van die begin af het die debat rondom twee belangrike vrae gewentel, naamlik "Is klandisiewaarde 'n bate?" en indien wel, "Is dit 'n permanente bate?". Ongelukkig het nie alle opstellers van finansiële state hulle egter gekwel oor die konsepsuele korrekte hantering van klandisiewaarde nie, maar het sommiges, en veral eienaars in die vroeë jare van die twintigste eeu, gedoen wat hulle wou (naamlik klandisiewaarde afgeskryf teen kapitaal). Hulle het dan hul optrede probeer regverdig met argumente wat nie steek hou nie. Baiekeer was die hantering van klandisiewaarde nie gegrond op fundamentele rekeningkundige beginsels nie, maar eerder op dit wat die eienaar of bestuurder pas. Ongelukkig wil dit voorkom asof hierdie verskynsel vandag nog in Suid-Afrikaanse finansiële verslagdoening voorkom sover dit die hantering van klandisiewaarde betref. Bestuur se motiewe vir die rapportering van gunstige winste en opbrengste,

weeg somtyds swaarder as deursigtige openbaarmaking geskoei op rekeningkundige beginsels.

Die hoofdoel van hierdie studie was om:

- vas te stel hoe Suid-Afrikaanse maatskappye klandisiewaarde tans hanteer; en
- te ontleed wat die uitwerking van die nuwe standpunt RE 131 op maatskappyresultate behoort te wees vanaf sy inwerkingtreding op 1 Januarie 2000.

Die vermoede het bestaan dat die meeste maatskappye nog steeds klandisiewaarde onmiddellik teen aandelepremie en reserwes afskryf. Die nuwe RE 131 vereis dat klandisiewaarde geamortiseer moet word oor die nutsduur daarvan. Daar is 'n weerlegbare veronderstelling dat die nutsduur van klandisiewaarde nie twintig jaar vanaf aanvanklike erkenning sal oorskry nie. Aangesien hierdie twee uiteenlopende metodes van hantering selfs meer uiteenlopende syfers ten opsigte van totale bates, ekwiteit en netto wins tot gevolg het, is daar besluit om in die besonder te fokus op die uitwerking wat RE 131 op maatskappye se verdienste per aandeel- en opbrengs op ekwiteit-syfers behoort te hê.

6.1.2 'N HISTORIESE EN INTERNASIONALE PERSPEKTIEF VAN DIE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE

'n Literatuurstudie is uitgevoer om eers antwoorde te kry op die bogenoemde vrae en om 'n historiese agtergrond te verkry ten opsigte van die klandisiewaardedebat. Die gevolgtrekking is gemaak dat klandisiewaarde wel 'n bate is. Dit is nie 'n permanente bate nie, maar 'n kwynende een. Daar is ook ondersoek ingestel na die huidige hantering van klandisiewaarde in verskillende lande. Hierdeur is vasgestel dat die amortisering van klandisiewaarde tans wêreldwyd as die aanvaarde praktyk beskou word. Slegs in die Verenigde Koninkryk word maatskappye nog toegelaat om klandisiewaarde teen oorspronklike kosprys te toon. In die VSA en Kanada is die maksimum

amortisasie-tydperke veertig jaar wat heelwat langer is as die internasionaal-aanvaarde tydperk van twintig jaar.

Hierna het die klem verskuif na die invloed van die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde op maatskappy se finansiële resultate en posisie. Ten opsigte hiervan is 'n historiese agtergrond geskets. Hieruit het dit na vore gekom dat die hantering van klandisiewaarde wel 'n invloed het en veral op maatskappy se winste. Hierdie invloed was so groot dat dit vir bestuurders en rekenmeesters 'n netelige kwessie was. Dit was juis hierdie uitwerking wat die hantering van klandisiewaarde so 'n fokuspunt gemaak het in die rekeningkundige die afgelope eeu. Die rede waarom bestuurders en rekenmeesters die hantering van klandisiewaarde (en die uitwerking daarvan) so belangrik ag, is later in hoofstuk 4 aangespreek.

6.1.3 DIE REKENINGKUNDIGE ONTSTAAN EN HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE

In hoofstuk 3 is klandisiewaarde volgens die rekeningkundige raamwerk ontleed. Daar is eerstens gekyk na wat klandisiewaarde is, hoe dit ontstaan en volgens watter metodes dit moontlik hanteer kan word. Die argumente vir en teen die verskillende beskikbare metodes is ontleed. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat, vanuit 'n konsepsuele oogpunt, daar slegs een aanvaarbare metode vir die hantering van klandisiewaarde is. Klandisiewaarde behoort as 'n bate erken te word en oor die verwagte nutsduur daarvan geamortiseer te word. Dit is in ooreenstemming met die huidige internasionale praktyk asook met RE 131 wat op 1 Januarie 2000 in werking getree het.

6.1.4 DIE UITWERKING VAN DIE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE

In hoofstuk 4 het die fokus van die studie verskuif na die gevolge wat die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde inhou. In hoofstuk 2 is daar gekyk na die historiese uitwerking van die hantering van klandisiewaarde op maatskappy-resultate. Daar is bevind dat bestuur gewoonlik die maatskappy se verdienste in gedagte gehad het wanneer dit gekom het by die keuse van 'n

rekeningkundige beleid ten opsigte van klandisiewaarde. Standaardstellers in die VSA het al hoe strenger geraak en dit onmoontlik vir maatskappye gemaak om klandisiewaarde teen reserwes af te skryf. Bestuur het egter 'n ander uitweg gevind. Samesmeltingsrekeningkunde het dit vir maatskappye moontlik gemaak om die erkenning van klandisiewaarde en die gevolglike amortisering daarvan, te sistap.

Dit mag eienaardig klink dat bestuur so kreatief raak om klandisiewaarde en die invloed van die amortisering daarvan, te vermy. Ondersoek is ingestel na hierdie verskynsel. Hoewel die hantering van klandisiewaarde geen kontantvloei-gevolge inhou nie, is die keuse van 'n rekeningkundige beleid ten opsigte van die hantering daarvan steeds 'n belangrike besluit, aangesien dit 'n groot invloed op 'n maatskappy se verdienste het.

Soos geblyk het uit die ondersoek wat in hoofstuk 5 ingestel is, verkies die meeste Suid-Afrikaanse maatskappye om klandisiewaarde teen aandelepremie en reserwes af te skryf. Die volgende probleme spruit uit hierdie hantering van klandisiewaarde:

- Maatskappye se reserwes en aandeelhouersekwhiteit toon drastiese dalings.
- Afskrywings van klandisiewaarde teen reserwes beteken dat uitgawes of verliese buite-om die inkomstestaat geskied. Hierdie praktyk is in stryd met Algemene Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk ingevolge RE 103.
- Gebruikers vind dit moeilik om tred te hou met bronne wat die onderneming vir verkrygings aanwend.
- Die berekening van die wins of verlies met die verkoop van 'n belang kan misleidend wees indien die klandisiewaarde betrokke by die oorspronklike verkryging van die belang, reeds teen reserwes afgeskryf is.
- Die vergelykbaarheid van maatskappye se finansiële resultate en posisie

word in die wiele gery.

- Hierdie metode van hantering van klandisiewaarde leen hom tot die manipulasie van maatskappy-resultate.

Die negatiewe uitwerking van die amortisering van klandisiewaarde teen inkomste, het tot 'n groot mate daartoe gelei dat 'n nuwe vorm van besigheidsamevoegings tot stand gekom het. Hierdie metode is die vereniging van belange-metode. Die Amerikaanse geskiedenis het geleer dat hierdie metode wanaangewend kan word deur maatskappye wat onwillig is om klandisiewaarde as 'n bate te erken. Daarom is dit belangrik dat die reëls en kriteria ten opsigte van die toepassing van hierdie metode duidelik neergelê word, sodat maatskappye dit nie kan buig soos dit hulle pas nie. RE 131 se reëls voldoen aan hierdie vereiste en na verwagting sal Suid-Afrikaanse maatskappye nie van die vereniging van belange-metode misbruik maak nie.

Sommige skrywers huldig die opinie dat oornames aanlokliker is as die klandisiewaarde wat daarby betrokke is, onmiddellik afgeskryf kan word of geheel en al vermy kan word. Aangesien RE 131 eenvormigheid wat die hantering van klandisiewaarde betref tot gevolg sal hê, behoort hierdie aspek nie bestuurders se oornome-besluite te beïnvloed nie.

RE 131 behoort 'n verandering in rekeningkundige beleid by die meeste Suid-Afrikaanse maatskappye tot gevolg te hê. In hoofstuk 4 is daar ook gekyk na die resultate en gevolgtrekkings van markgebaseerde rekeningkundige navorsing (MBAR) wat oorsee gedoen is, om te bepaal of 'n verandering in rekeningkundige beleid 'n invloed op maatskappye se aandeelpryse behoort te hê. Gegronde op die gevolgtrekkings van hierdie MBAR-studies, behoort RE 131 geen invloed op maatskappye se aandeelpryse te hê nie.

6.1.5 'N ONDERSOEK NA DIE UITWERKING VAN DIE NUWE HANTERING VAN KLANDISIEWAARDE OP MAATSKAPPY-RESULTATE

In hoofstuk 5 is 'n ondersoek ingestel na 100 maatskappye wat op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer is om die die verwagte uitwerking van RE 131 op maatskappy-resultate te kwantifiseer. Uit die ondersoek het dit na vore gekom dat die meeste Suid-Afrikaanse maatskappye gedurende 1998 'n rekeningkundige beleid gehad het om klandisiewaarde teen aandelepemie of reserwes af te skryf. Andersins is klandisiewaarde meestal teen aandelepemie verreken of as 'n swewende debiet hanteer.

Indien RE 131 gedurende 1998 van krag sou wees, sou die verdienste per aandeel- en opbrengs op ekwiteit-syfers van maatskappye wat klandisiewaarde in volledig afgeskryf het, onderskeidelik 33% en 24% laer wees as die syfers wat deur die maatskappye gerapporteer is.

In 1998 het geselekteerde maatskappye klandisiewaarde ter waarde van R21 008 150 000 onmiddellik met verkryging afgeskryf. Dit verteenwoordig ongeveer 10% van totale bates en 23% van ekwiteit. Hierdie bedrae is wesenlik en beteken dat hierdie maatskappye se winste vir baie jare daarna oorgestateer sal wees, aangesien klandisiewaarde nooit teen inkomste geamortiseer sal word nie.

6.2 GEVOLGTREKKING

- RE 131 behoort wel 'n groot invloed op maatskappy-resultate te hê.
- Bestuurders en rekenmeesters wil nog altyd maatskappy-resultate so veel as moontlik beskerm. Daarom kan verwag word dat:
 - voor 1 Januarie 2000, die meeste maatskappye klandisiewaarde geheel en al van hul boeke sou afskryf;

- die meeste maatskappye wat klandisiewaarde reeds afgeskryf het teen aandeleprenie en reserwes, nie die bepalinge van RE 131 terugwerkend sal toepas nie, want dit sal 'n geweldige negatiewe uitwerking op hulle toekomstige winste hê.

6.3 AANBEVELINGS

Die aanbeveling van hierdie studie is dat:

- die oorgangsbepalinge van RE 131 gewysig word om die terugwerkende toepassing daarvan verpligtend te maak. Wanneer maatskappye hul rekeningkundige beleid ten opsigte van klandisiewaarde op 1 Januarie 2000 verander, moet die verandering in rekeningkundige beleid hanteer word ingevolge die bepalinge van RE 103;
- andersins moet 'n vereiste by RE 131 ingevoeg word waarvolgens 'n maatskappy alle bedrae van klandisiewaarde moet openbaar wat in die voorafgaande vyf jaar teen reserwes of aandeleprenie afgeskryf is.

Die motivering vir bogenoemde aanbevelings word in die volgende gedeelte uiteengesit.

6.3.1 MOTIVERING VIR AANBEVELING

Indien 'n maatskappy voor 1 Januarie 2000 klandisiewaarde teen aandeleprenie of reserwes afgeskryf het, vereis RE 131 se oorgangsbepalinge nie dat die bepalinge van die standpunt terugwerkend toegepas moet word nie. Maatskappye word aangemoedig om dit wel terugwerkend toe te pas, maar word nie verplig om dit te doen nie.

Die International Accounting Standards Committee se IAS 22 wat gedurende 1993 hersien is en nie meer die afskrywing van klandisiewaarde teen ekwiteit toegelaat het nie, se oorgangsbepalinge het ook nie die terugwerkende

toepassing daarvan verpligtend gemaak nie. Hierdie standpunt het in 1995 in werking getree. Volgens Cairns (1996:62) het sommige maatskappye waarvan die finansiële verslagdoening ooreenkomstig internasionale standarde gedoen is, hulle rekeningkundige beleid voor 1995 verander om in pas te kom met die nuwe IAS 22. Voorbeelde van maatskappye wat voorheen klandisiewaarde teen ekwiteit afgeskryf het, maar hulle rekeningkundige beleid verander het na amortisering oor vyf tot twintig jaar, was die volgende: Hoechst (Duitsland), Holderbank (Switserland) en Olivetti (Italië). Laasgenoemde twee maatskappye het die nuwe beleid nie terugwerkend toegepas nie, maar slegs op klandisiewaarde wat daarna ontstaan het.

Die gevaar van die speling wat toegelaat word in die toepassing van die oorgangsbepalings, word egter goed geïllustreer deur die optrede van Ciba, 'n Switserse maatskappy. Volgens Cairns (1996:62) het Ciba Internasionale Standaarde gedurende 1993 aanvaar. Ciba het voortgegaan om klandisiewaarde te erken as 'n bate en te amortiseer, maar in 1994 hul rekeningkundige beleid verander na die onmiddellike afskrywing van klandisiewaarde teen ekwiteit. Ciba het erken dat die nuwe beleid nie toelaatbaar sou wees na die einde van 1994 nie, maar die verandering het hulle toegelaat om klandisiewaarde van SFr 2,503 miljoen wat in 1994 ontstaan het, af te skryf teen ekwiteit. Indien Ciba gebruik gemaak het van die oorgangsbepalings van IAS 22, sou hy in staat wees om te voldoen aan die hersiene IAS 22 sonder om hierdie klandisiewaarde te amortiseer. Cairns (1996:62) stel dit dat ander maatskappye mag wens dat hulle dieselfde idee gehad het.

As daar gekyk word na die invloed wat die verkeerdelike hantering van klandisiewaarde slegs op een jaar se resultate is, soos aangeteken in hoofstuk 5, is dit twyfelagtig of die finansiële resultate van maatskappye vergelykbaar sal wees, selfs al sal alle maatskappye se hantering van klandisiewaarde vanaf 1 Januarie 2000 redelik eenvormig wees. Die rede hiervoor is dat die bedrae van klandisiewaarde-afskrywings teen reserwes wat deur die meeste maatskappye voor 1 Januarie 2000 gedoen is, baie groot is en 'n groot

uitwerking behoort te hê, nie net op historiese winssyfers nie, maar ook op toekomstiges.

6.4 VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING

In die toekoms kan die volgende kwessies moontlik nagevors word:

- Die invloed van die rekeningkundige hantering van klandisiewaarde op die oorname-besluit. Vrae wat bestaan is of bestuurders hierdie aspek oorweeg tydens die neem van oorname-besluite.
- Nog 'n vraag is of RE 131 enige invloed op oornames in 2000 gaan hê. 'n Ondersoek kan moontlik uitgevoer word om die getal oornames en die klandisiewaarde daarby betrokke gedurende 2000 en 2001, te vergelyk met dié in 1998 en 1999.
- Die inwerkingtreding van RE 131 bied nog 'n geleentheid vir verdere navorsing. In watter mate sal bestuurders en rekenmeesters probeer om 'n maatskappy se toekomstige resultate te beskerm? 'n Ondersoek kan gedoen word na die getal maatskappye wat voor 1 Januarie 2000 hulle rekeningkundige beleid verander het ten einde klandisiewaarde af te skryf. Sodoende verwyder hulle alle klandisiewaarde van die boeke af en beskerm toekomstige winste. Hierdie optrede is nie vergesog nie (vergelyk met Ciba hierbo).
- Die verband tussen 'n verandering in rekeningkundige beleid en 'n maatskappy se aandeelprys. Dit is 'n moontlike veld vir verdere navorsing en kan dalk deur middel van markgebaseerde rekeningkundige navorsing aangepak word. Hierdie tipe navorsing is al oorsee gedoen en kan moontlik ook in Suid-Afrika uitgevoer word.

BRONNELYS

Alhadeff, A.N., *The accounting treatment of purchased goodwill*. B.Com. Honneurs skripsie, Universiteit van Kaapstad, 1980.

Arnold, J., Egginton, D., Kirkham, L., Macve, R., Peasnell, K., *Goodwill and other intangibles: Theoretical considerations and policy issues*. Londen, The Institute of Chartered Accountants in England and Wales, 1992.

Ashman, R., Coulson, D., *Brands and goodwill: A financial services view*. In: Power, M.(ed.), *Brand and Goodwill accounting strategies*. Cambridge, Woodhead-Faulkner, 1990.

Becker, H., *Gekoopte klandisiewaarde – 'n kwynende bate*. Accountancy SA, Januarie 1990, pp. 7-8.

Boatsman, J.R., American Accounting Association, *Response to FASB Special Report, "Issues associated with the FASB project on business combinations"*. Accounting Horizons, Maart 1998, pp. 87-89.

Brookes, T., *The goodwill game*. CA Magazine, Maart 1995, pp.59-61.

Brown, J., *December 1998 – the season of goodwill*. Accountancy International, Januarie 1998, p. 61.

Cairns, D., *Can the IASC cope with goodwill?* Accountancy International, April 1996, pp.62-64.

Carman, G.B., *Writing off goodwill*. The Journal of Accountancy, Junie 1956, p. 60.

Catlett, G.R., Olson, N.O., *Accounting for goodwill*. New York, American Institute of Certified Public Accountants, 1968.

Coppin, G., *Accounting for goodwill*. Accountancy SA, Julie 1997, p. 24.

Coy, P., *Mergers: Crack down on stupid accounting tricks*. Business Week, 4 Mei 1998, p. 50.

Davis, M., *Goodwill accounting: time for an overhaul*. Journal of Accountancy, Junie 1992, pp. 75-83.

Eiteman, D.S., *Critical problems in accounting for goodwill*. The Journal of Accountancy, Maart 1971, pp. 46-50.

Eiteman, D.S., *Pooling and purchase accounting*. Ann Arbor, Michigan: University of Michigan, 1967.

Emery, K.C., *Should goodwill be written off?* The Accounting Review, Oktober 1951, p. 565.

Esquerre, P., *The applied theory of accounts*. New York, The Ronald Press Company, 1915.

Everingham, G.K., *International harmonisation and goodwill*. Accountancy and Finance Update, Oktober 1997, pp. 2-4.

Everingham, G.K., Watson, A., *Generally Accepted Accounting Practice, A South African Viewpoint – 1998 Students' Edition*. Kaapstad, Juta & Co., 1998.

Fisher, L., *You can't please all of the people all of the time*. Accountancy International, Oktober 1995, p. 28.

Gourley, B.M., *Reporting focus on goodwill*. Accountancy S.A., Oktober 1986, pp. 384-388.

Gouws, D.E., *Rekeningkundige verantwoording van klandisiewaarde en handelsmerke*. M.Com. verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1990.

Grant, S., *Goodwill: the debate that never ends*. Australian Accountant, Desember 1996, pp. 18-21.

Holgate, P.A., *The history and regulation of goodwill accounting*. In: Power, M.(ed.), *Brand and goodwill accounting strategies*. Cambridge, Woodhead-Faulkner, 1990.

Hughes, H.P., *Goodwill in accounting: A history of the issues and problems*. Atlanta, Georgia, Business Publishing Division, Georgia State University, 1982.

Hylton, D.P., *The treatment of goodwill*. The Journal of Accountancy, April 1964, p.30.

Jones, M., Mellet, H., *An international bugbear*. Accounting Horizons, Junie 1999, pp.76-77.

Kripke, H., *A good look at goodwill in corporate acquisitions*. The Banking Law Journal, Desember 1961, pp. 1034-1035.

Leake, P.D., *Commercial goodwill – Its history, value and treatment in accounts*. Londen, Sir Isaac Pitman & Sons, Ltd, 1930.

Leo, K.J., Hoggett, J.R., Radford, J., *Accounting for identifiable intangibles and goodwill*. Melbourne, Australian Society of Certified Practising Accountants, 1995.

Marsh, P., Likierman, A., Barwise, P., Higson, C., *Accounting information and the capital market*. In: Power, M.(ed.), *Brand and Goodwill Accounting Strategies*.

Cambridge, Woodhead-Faulkner, 1990.

McGoldrick, B., *Goodwill games*. Institutional Investor, Maart 1997, pp. 91-94.

Millanta, B., Knapp, J., *Ill will for ED 68? Charter*, Julie 1996, pp. 58-61.

Moorhouse, M., *The case for capitalising brands*. In: Power, M.(ed.), *Brand and goodwill accounting strategies*. Cambridge, Woodhead-Faulkner, 1990.

Myddelton, D., *A prudent, consistent and true and fair answer*. Accountancy International, Julie 1994, p.90.

Nelson, R.H., *The momentum theory of goodwill*. The Accounting Review, Oktober 1953, p.492.

Njeke, J.N., *Accounting for goodwill revisited*. Accountancy SA, Julie 1991, pp. 188-192.

Palmeri, C., *"Poof" companies*. Forbes, 4 November 1996, pp. 356-357.

Paterson, R., *Will FRS 10 hit the target?* Accountancy International, Februarie 1998, pp. 124-125.

Paton, W.A., *Comments of William A. Paton*. In: Catlett, G.R. en Olson, N.O., *Accounting for Goodwill*. New York, American Institute of Certified Public Accountants, 1968, p. 143.

Pearce, C., *Wrong in theory and wrong in practice*. Accountancy International, Junie 1994, p. 97.

Pizzey, A., *Accounting for goodwill and brands*. Management Accounting, September 1991, pp. 22-26.

Power, M.(ed.), *Brand and goodwill accounting strategies*. Cambridge, Woodhead-Faulkner, 1990.

Price Waterhouse Meyernel's National Technical Department, *A revolution in international accounting*. Accountancy SA, Januarie 1995, p. 33-34.

Rivat, L., *Solving the intangibles riddle*. Accountancy International, September 1997, p. 68.

Rivat, L., Clark, P., *Limited revisions to IAS 22*. Accountancy International, Oktober 1998, p. 123.

Roy, P.N., *Let the best standard win*. Financial Executive, Julie/Augustus 1997, p. 13.

Rutteman, P., *Accounting for brands and separability*. In: Power, M.(ed.), *Brand and goodwill accounting strategies*. Cambridge, Woodhead-Faulkner, 1990.

Ryan, J., Tibbits, G., *Intangibles – An alternative view*. Australian Accountant, Mei 1996, pp. 50-52.

Spacek, L., *The treatment of goodwill in the corporate balance sheet*. The Journal of Accountancy, April 1964, pp. 35-40.

Sparks, J.A.S., *Accounting for goodwill and a study of the current South African treatment thereof*. B.Com. Honneurs skripsie, Universiteit van Kaapstad, 1980.

Stevenson, K., *Goodwill in the UK: just ask FRED?* Australian Accountant, Desember 1996, pp. 22-23.

Strydom, E.M.L.(ed.), *Handboek vir Maatskappywetgewing*, Durban, Butterworths, 1998.

Sturgess, B., *Brand valuation: a user's perspective*. In: Power, M.(ed.), *Brand and goodwill accounting strategies*. Cambridge, Woodhead-Faulkner, 1990.

Tollington T., Bleckmann, M., *Anglo-German goodwill and harmony*. Accounting & Business, Julie/Augustus 1999, pp. 36-38.

Van der Merwe, M.J., *Accounting for goodwill: a critical evaluation*. M.Compt. verhandeling, Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, 1996.

Vorster, Q., Joubert, W.A., Koen, M., Koornhof, C., *Beskrywende Rekeningkunde*. Pretoria, Juta & Kie Bpk, 1997.

Wilmot, P., *Goodwill – a time for change*. Accountancy SA, April 1989, p. 88-89.

Wium, L.D., *Die rekeningkundige verantwoording van ontasbare bates*. M.Compt. verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1993.

Wolff, W., *Accounting for intangibles*. The Canadian Chartered Accountant, Oktober 1967, p. 258.

Wyatt, A.R., *A critical study of accounting for business combinations*. Accounting Research Study No. 5, New York, American Institute of Certified Public Accountants, 1963.

REKENINGKUNDIGE STANDPUNTE

Rekeningkundige Praktykeraad, *Besigheidsamevoegings – RE 131*, Die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters, 1999.

Rekeningkundige Praktykeraad, *Ontasbare Bates – RE 129*, Die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters, 1999.

Rekeningkundige Praktykeraad, *Raamwerk vir die opstel en aanbieding van*

finansiële state – RE 000, Die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters, 1990.

FINANSIËLE JAARSTATE VAN MAATSKAPPYE

Abacus Technology Holdings Limited, 30 Junie 1998.

Acrem Holdings Limited, 31 Maart 1998.

Adcock Ingram Limited, 30 September 1998.

Adcorp Holdings Limited, 31 Desember 1998.

Advtech Group Limited, 31 Desember 1998.

African Media Entertainment Limited, 31 Oktober 1998.

Alliance Pharmaceuticals Limited, 28 Februarie 1998.

Allied Technologies Limited, 28 Februarie 1998.

Aludie Limited, 30 Junie 1998.

AMB Holdings Limited, 30 September 1998.

Amlac Limited, 31 Desember 1998.

Aroma Limited, 30 Junie 1998.

Autopage Limited, 28 Februarie 1998.

Avis Southern Africa Limited, 31 Maart 1998.

Barnard Jacobs Mellet, 31 Maart 1998.

Brandcorp Holdings Limited, 30 Junie 1998.

British American Tobacco South Africa, 31 Desember 1998.

Bidvest Group Limited, 30 Junie 1998.

BOE Corporation Limited, 30 September 1998.

Bonnita Holdings Limited, 30 April 1998.

Brainware Limited, 30 Junie 1998.

Brait Limited, 31 Maart 1998.

Cadbury Schweppes (South Africa) Limited, 31 Desember 1998.

Coronation Holdings Limited, 30 September 1998.

Corpgro Limited, 31 Augustus 1998.

Crookes Brothers, 31 Maart 1998.

Cullinan Holdings Limited, 30 September 1998.

Del Monte Royal Foods Limited, 31 Desember 1998.

Del Monte Royal Corporation Limited, 31 Desember 1998.

Delta Electrical Industries Limited, 27 Desember 1998.

Edgars Limited, 31 Maart 1998.

Educor Limited, 31 Desember 1998.

Elexir Technology Holdings Limited, 31 Augustus 1998.

Eureka, 28 Februarie 1998.

FBC Fidelity Bank Holdings Limited, Finansiële jaarstate vir die 18 maande geëindig 31 Maart 1999.

Fedics Limited, 31 Maart 1998.

Gensec, 31 Desember 1998.

Housewares Group Limited, 31 Maart 1998.

Hunt Leuchars & Hepburn Limited, 31 Maart 1998.

Investec Group Limited, 31 Maart 1998.

Illovo Sugar Limited, 30 September 1998.

Integrated Health Technologies Limited, 31 Desember 1998.

Iota Financial Services Limited, 28 Februarie 1998.

Island View Holdings Limited, 30 September 1998.

ITI Technology Holdings Limited, 30 September 1998.

Ixchange Technology Holdings, 30 Junie 1998.

King Consolidated Holdings Limited, 28 Februarie 1998.

Leisurenet Limited, 31 Desember 1998.

Lion Match Company Limited, 31 Maart 1998.

Log-tek Holdings Limited, 31 Augustus 1998.

Lonrho Africa Plc, 30 September 1998.

Mathomo Group Limited, 30 September 1998.

Maxiprest Limited, 28 Februarie 1998.

Medhold Limited, 30 Junie 1998.

Micor Industrial Corporation Limited, 30 Junie 1998.

MMW Technology Holdings Limited, 30 Junie 1998.

Moribo Leisure Limited, 31 Desember 1998.

M-Web Holdings Limited, 31 Maart 1998.

Nando's Limited, 28 Februarie 1998.

Nasionale Pers Beperk, 31 Maart 1998.

Nu-World Holdings Limited, 30 Junie 1998.

Oceana Fishing Group Limited, 20 September 1998.

Paramed Holdings Limited, 30 Junie 1998.

Perskor Groep Beperk, 30 Junie 1998.

Pick 'n Pay Stores Limited, 28 Februarie 1998.

Plate Glass & Shatterprufe Industries, 31 Maart 1998.

Power Technologies Limited, 28 Februarie 1998.

Presmed Limited, 28 Februarie 1998.

PSG Group Limited, 28 Februarie 1998.

Rebhold Limited, 30 Junie 1998.

Ref Finance & Investment Corporation Limited, 28 Februarie 1998.

Rembrandt Group Limited, 31 Maart 1998.

Renaissance Retail Group Limited, 30 Junie 1998.

Reunert Limited, 30 September 1998.

Saambou Beherend Beperk, 31 Maart 1998.

SAB, 31 Maart 1999.

Sabvest Limited, 31 Desember 1998

Safren Holdings Limited, 30 Junie 1998.

Sasani Limited, 30 Junie 1998.

Savanha Holdings Limited, 31 July 1998.

Set Point Technology Holdings Limited, 31 Augustus 1998.

Softline Limited, 31 Maart 1998.

South African Druggists Limited, 31 Augustus 1998.

Southern African Investments Limited, 28 February 1998.

Spescom Limited, 30 September 1998.

Spur Steak Ranches Limited, 31 Desember 1998.

Stantronic Group Holdings Limited, 28 Februarie 1998.

Supersport International Holdings Limited, 31 Maart 1998.

Technical and Industrial Investments Limited, 31 Maart 1998.

Teljoy Holdings Limited, 31 Maart 1998.

Teltron Limited, 30 April 1998.

Thebe Financial Services Limited, 31 Maart 1998.

Theta Group Limited, 30 September 1998.

Tiger Oats Limited, 30 September 1998.

Tongaat-Hulett Group Limited, 31 Desember 1998.

Truworths International Limited, 30 Junie 1998.

Voltex Holdings Limited, 30 Junie 1998.

Woolworths Holdings Limited, 30 Junie 1998.

Y3K Group Limited, 31 Desember 1998.

BYLAE 

**MAATSKAPPYE SE OMSKRYWING VAN
KLANDISIEWAARDE GEDURENDE 1998**

Tabel A: 'n Vergelyking van die omskrywing van klandisiewaarde deur maatskappye met die omskrywing van klandisiewaarde in RE 131 paragraaf 42.

	Naam van die maatskappy	Stem ooreen met RE 131?	Indien dit nie in ooreenstemming is met RE131 nie, die maatskappy se omskrywing van klandisiewaarde.	Hoe die rekeningkundige beleid behoort te lyk nadat dit aangepas is om met RE 131 ooreen te stem.
1	Barnard Jacobs Mellet	Ja		
2	Iota Financial Services	Ja		
3	Adcorp Holdings	w.n.o.		
4	Theta Group	Ja		
5	Saambou Beherend	w.n.o.		
6	Investec Group	w.n.o.		
7	Gensec	Ja		
